**Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds 'n profetiese stem teenoor die owerheid te laat hoor wanneer nodig en apologeties teenoor ander kerke se teologiese standpunte te reageer.**
(Ds JD van der Merwe; oudl. CF Joubert)

**3. SAKE NA DIE SKK VERWYS DEUR DIE VYFDE SINODE (Sakelys, bl. 2)**

3.1 Diensooreenkoms van die Redakteur van "Die Boodskapper"
– Kennis geneem.

3.1.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode dra dit aan die BRKA op om die Diensooreenkoms, sodra die KKS daarmee klaar is, in samewerking met die SKK in werking te stel.**

## 33. VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER (VERVOLG)

Die Voorsitter vra dat tussen prof. FAH van Staden en dr. CI van Heerden gestem moet word.

## 34. SKK-VERSLAG (VERVOLG) – BL. 2

3.2 Gesprek met Christelike kerke – Kennis geneem.

3.2.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprek met die Nederduitsch Hervormde Kerk voort te sit.**

3.2.2 **Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprek oor onderlinge verhoudinge met die Nederduitse Gereformeerde Kerk te hervat en waar moontlik met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.**

Die amendement word nie goedgekeur nie:

(a) Die Sinode betreur dit dat sekere tendense in die NG Kerk amptelike gesprekvoering oor onderlinge verhoudinge steeds in die weg staan.

(b) Die Sinode is egter ook bewus van gemeentes en lidmate in die NG Kerk wat beswaard is teen die koers van die leiding in genoemde Kerk en laat dit dus aan plaaslike AP Kerke oor om, indien moontlik, met hulle in gesprek te gaan.

(c) Die Sinode dra dit aan die SKK op om, waar moontlik, met die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika in gesprek te tree.
(Ds DJ Malan; oudl. AJ Pienaar)

Ten gunste van die aanbeveling:
188 stemme
Ten gunste van die amendement:
181 stemme.

Die volgende persone vra dat hulle name teen die besluit aangeteken word:

Oudl. JF du Plessis (APK Wes-Moot), ds. A du Plessis (APK Zeerust), oudl. JL van der Merwe (APK Phalaborwa), oudl. DC Botha (APK Paul Roux), oudl. JCN Coetzee (APK Olifantsrivier), ds. JH Theron (APK Klerksdorp), oudl. PS van der Merwe (APK Odendaalsrus) ds. CF Swart (APK Witrivier), oudl. JJ Naude (APK Reitz), ds. JB Trollip (APK De Aar), oudl. MCA Seyffert (APK Klerksdorp), oudl. MH Maree (APK Klerksdorp), oudl. BJM Rossouw (APK Bethlehem), EJ Zeelie, ds. LH Jacobs, ds. DJ Malan, RHG Janse v Rensburg, oudl. AJ Pienaar, oudl. PR Pretorius, GG Vosloo, MBJ Germishuys, GM Oberholzer, J Oosthuizen, oudl. AMK van Biljon, ds. PW Botha, PJ van Biljon, diak. HR Coetzee, CJS Botha, oudl. B Terblanche, oudl. J le R du Preez, diak. DJ Bouwer, ds. MJ Hartzenberg, oudl. KN Lehmkuhl, oudl. JM Leach, CF Olivier, ds. WA Jooste, JJ de Jager, oudl. CN Smit, oudl. WJA Britz, oudl. AJ Dippenaar, diak. MAJ Visser, oudl. PC Wentzel, oudl. AJ Joubert, oudl. E Serfontein, diak. JH Schoeman, ds. WF Liebenberg, oudl. PP Badenhorst, diak. JFJ Pretorius, diak. AJ Lubbe, oudl. HJ Visser, oudl. PJ Jones, ds. TJ Verryne, HP Luüs, CH Groenewald, ds. RMJ Britz, oudl. LR Treurnich, oudl. C Jansen Pienaar, oudl. G de J Botha, ds. HF Jooste, oudl. LF van Schalkwyk, oudl. JC van der Linde, diak. RK Gouws.

Die volgende besware word ingedien:

1. **Beswaar teen besluit:**

   "Vir doeleindes van die notule distansieer ek my van die besluit van die Sinode om weer met die NG Kerk in gesprek te tree. My redes is die volgende:
   
   (a) Die NGK skroom steeds nie om, terwille van 'n wêreldse vredesideaal, Christus te verloën nie.
   
   (b) Die NGK het tot dusver met woord en daad, hom vereenselwig met persone en magte van die Antichris.
   
   (c) Gesprek en vergelyk met die NGK sal net kan slaag op NGK-terme, en dis vir my totaal onaanvaarbaar.
   
   (d) Dit kom voor asof daar 'n skuldgevoel is by die Sinode teenoor die NGK want ten spyte van die NGK se volhardende pad van dwaalleer wil ons skynbaar ten alle koste 'broederlik' met hulle praat."
   
   (Ds. CF Swart; oudl. JJ Naudé)

2. "Ek maak beswaar teen die hantering van die stemming oor gesprek met die NG Kerk. Die personeel van die Sinode is op die oomblik nie meer as 250 afgevaardigdes nie. Daarom moes die amendement aanvaar gewees het as 181 afgevaardigdes daarvoor gestem het. Ek vra dat my beswaar aangeteken word."
   
   (Ds. JB Trollip)

Voorstel goedgekeur:

**Die Sinode vra die SKK om met ander Christelike Kerke dringend in gesprek te tree ten einde ruimte te beding waarin die Afrikanervolk die Here in vryheid onder 'n Christelike owerheid kan dien.**

(Ds. FI van der Merwe; oudl. I Roodt)

Die verslag van die SKK word onderbreek.

## 35. VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER (VERVOLG)

Die Voorsitter deel die vergadering mee dat daar 'n staking van stemme is tussen dr. Cl van Heerden en prof. FAH van Staden.

Ná gebed deur ds. IA Brink, word deur die lot beslis en word prof FAH van Staden as Ondervoorsitter aangewys.

Die Voorsitter wens hom geluk en heet hom welkom by die tafel.

## 36. GROSLYS VIR SKRIBA

By die opstel van 'n groslys vir 'n Skriba vir die Sinode, stel ds. PK Roodt 'n ordemosie dat ds. MC Adendorff onbestrede tot Skriba verkies word.

Geen teenstemme word aangeteken nie en hy word deur die Voorsitter gelukgewens.

## 37. SKRIBA VAN TOEKOMSTIGE SINODES

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode dra dit aan die SKK op om die moontlikheid te ondersoek dat die Direkteur van Kerkadministrasie by die Sinode die notule behartig, met medewerking van die Notulekommissie. 'n Hulpskriba word wel deur die Sinode aangewys. Indien dit uitvoerbaar is, gee die Sinode opdrag dat die reëling by die volgende Sinode reeds in werking tree en dat Bep. 41B dan dienooreenkomstig verander word.**

(Ds. LD Pienaar; ds JH Theron)

## 38. GROSLYS VIR HULPSKRIBA

Die volgende persone word genomineer:

Di. IA Brink, JA du Plessis, LD Pienaar, JH Theron, DR Schwartz, oudl. JL le Roux.

## 39. BESOEKERS

**Dit word goedgekeur dat besoekers by die Sinode teenwoordig mag wees.**

## 40. KENNISGEWING VAN VERSOEK TOT REVISIE

Die volgende kennis van revisie word gegee. Dit word na die TKKS verwys met die oog op 'n aanbeveling aan die Sinode:

**Revisie van SKK-verslag, pt. 3.2.2**

Aangesien ds. DJ (Dirk) Malan se sogenaamde amendement in wese geen amendement is nie, maar 'n aparte voorstel, vra ons dat dit as sulks deur die Voorsitter gehanteer sal word en dat beide voorstelle weer tot stemming gebring sal word.
(Ds. HF Jooste; oudl. LR Treurnich)

## 41. KONSTITUERING AS RKA

Die vergadering konstitueer as RKA. Die Voorsitter lig die vergadering in oor die samestelling van die RKA volgens KO. art. 65.

### 41.1 Verslag van die BRKA (Sakelys, bl. 14)

Die verslag van die BRKA word aan die orde gestel. Ds. NJ Rautenbach, Ondervoorsitter van die BRKA, dra die verslag voor.

1. Personeel

1.1-1.4 – Kennis geneem.

1.5 en Bylae BRKA/C op bl. 20 word behandel.

## 42. Verslag van die Vaalterreinkomitee (bl. 20) word behandel.

1-4.3.3 – Kennis geneem.

4.3.4 Kennis geneem. Ds. LH Jacobs (APK Graniet) meld dat die kerkraad van Graniet besluit het om hulle deel van die grond te verkoop (met die medewete van die skenker). 'n Eerste opsie is aan die BRKA gegee.

**5. Aanbevelings soos gewysig goedgekeur:**

**5.1 Die BRKA skenk ernstige oorweging aan die daarstelling van 'n Trustfonds met die oog op die verkryging van reeds ontwikkelde geriewe of 'n kompleks soos beoog by die Vaalterrein, t.w. vir konferensie-, akkommodasie- en restourantgeriewe.**

**Aanbeveling goedgekeur:**

**5.2 Die RKA notuleer sy waardering teenoor die subkomitee van professionele persone en rig dit ook per brief aan hulle.**

**Daar word verder op 'n suggestie van die Voorsitter besluit dat indien die BRKA oordeel dat 'n ander terrein met geriewe ingevolge 5.1 gekoop moet word, die volle RKA eers daaroor die finale besluit moet neem.**

Voorstel goedgekeur:

**Verkoop van Vaalterrein**

**Die RKA dra dit aan die BRKA op om in oorleg met Graniet-gemeente in beginsel te besluit om die Vaalterrein te koop aan te bied indien die heersende markpryse gunstig is vir so 'n transaksie.**

**Die bedrag geld aldus verkry, kan in die beoogde Trustfonds gestort word. Die RKA neem met groot dank kennis van die gevoel van die skenker van die terrein.**
(Oudl. MJ Cornelius; oudl. JMH Grobler)

Die vergadering verdaag vir teepouse om 10:35.

Die vergadering konstitueer weer as Sinode en hervat sy werk vir die tweede sessie op Dinsdag 10 Augustus 1993 om 11:00 na samesang gelei deur ds. CD Koen. Die Voorsitter bedank hom en die orreliste, mev. R Cloete.

## 43. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen die volgende afkondigings:

Telegramme van goeie wense van die gemeentes Koppies en Brakrivier word voorgelees.

## 44. VERKIESING VAN HULPSKRIBA

Die name op die groslys vir hulpskriba is op stembriewe aangebring en die vergadering gaan oor tot stemming.

## 45. VERSLAG VAN BRKA (VERVOLG)

Die Sinode konstitueer as RKA en hervat die verslag van die BRKA op bl. 16 van die Sakelys.

**5. Eiendomme**

5.1 Kennis geneem.

5.2 Kennis geneem.

5.3 APK Jeugtuiste, Farendenstraat 426, Sunnyside.

5.3.1-5.3.2 Kennis geneem. (Die tweede punt 5.3.1 moet lees 5.3.2.)

5.3.3 Kennis geneem.

5.3.4 Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**1.1 Die RKA keur die aankoop en aanwending van die Jeugtuiste (Farendenstraat 426) goed.**

**1.2 Die RKA boekstaaf sy waardering vir die betekenisvolle werk van die Beheerraad.**

5.4 Afgehandel.

5.5 Kennis geneem.

5.6 Kennis geneem.

5.7 Kennis geneem.

## 46. VERSLAG VAN DIE BOUKOMITEE AAN DIE BRKA VIR VOORLEGGING AAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

(Aanvullende Sakelys bl. 167)

1. Personeel – Kennis geneem.
2. Bedanking as lid – Kennis geneem.
3. Vergaderings – Kennis geneem.
4. Opdrag

4.1 Inleidend – Kennis geneem.

4.2 Uitgebreide opdrag

4.2.1-4.2.5 – Kennis geneem.

5. Brookshuis

5.1-5.5 – Kennis geneem.

5.6 Kennis geneem met groot dank.

6. Woonstel

6.1 Kennis geneem.

6.2 Kennis geneem met dank.

7. Versendingskantoor

7.1-7.5 – Kennis geneem.

7.6 Kennis geneem met groot dank.

8. Argief

8.1-8.5 – Kennis geneem.

8.6 Kennis geneem met groot dank.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die BRKA word versoek om 'n volledige verslag van die uitgawes ten opsigte van die Brookshuisprojek aan die RKA voor te lê voordat finale goedkeuring verleen word.**
(Ds. LD Pienaar; oudl. PS van der Merwe).

Die Rekenmeester, mnr. CJ de la Rey, word versoek om syfers insake die spandering aan die Brookshuisprojek, tot en met 31 Julie 1993, op Vrydag 13 Augustus 1993 aan die vergadering voor te lê.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die RKA dra sy dank en waardering oor aan die BRKA en sy boukomitee vir:**

**(i) Die professionele restourasie van Brookshuis.**

**(ii) Die daarstelling van doelmatige administratiewe kantore vir die kerkverband.**

**(iii) Die groot besparings wat teweeggebring is deur self van die werk aan te pak.**

**Die RKA is trots op hierdie gebou as bate vir die kerkverband.**
(Ds. DR Schwartz; dr. CI van Heerden).

**Die RKA besluit om "Brookshuis" goed te keur as die amptelike naam van die administratiewe sentrum.**

9. JEUGTUISTE

9.1-9.3 – Kennis geneem.

9.3.1 Aanbeveling – Kennis geneem:

Die RKA dra dit aan die BRKA op om hierdie Jeugtuiste verder vir teologiese studente uit te bou soos nodig.

**Amendement goedgekeur:**

**Die RKA dra dit aan die BRKA op om in oorleg met die Kuratorium die Jeugtuiste verder vir teologiese studente uit te bou nadat 'n prioriteitslys van behoeftes vir teologiese opleiding deur die Kuratorium met advies van die Raad van Dosente, bepaal is.**
(Prof HCG Robbertze; oudl. JF du Plessis)

**Voorstel goedgekeur:**

**Die RKA besluit dat die BRKA 'n spesifieke bedrag as perk stel om die Jeugtuiste uit te bou.**
(Oudl. WP Murray; oudl. G Rautenbach)

Die besluit oor watter perk gestel kan word, staan oor tot by die Verslag van die Finansiële Kommissie.

**Voorstel goedgekeur:**

**Losies/Tuiste vir studente dwarsoor Suid-Afrika**

**Die RKA versoek die BRKA om –**

1. **indringend 'n studie te maak i.v.m. 'n tuiste vir jongmense;**
2. **'n behoeftebepaling te maak i.v.m. APK-studente in ons dorpe en stede wat huisvesting benodig;**
3. **'n berekening te doen van die koste vir die oprigting van sodanige tehuise;**
4. **die RKA te adviseer oor die metodes van fondsinsameling hiervoor.**

(Dr. E Friis; ds. JA Jacobs)

Die RKA konstitueer as Sinode.

## 47. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen etlike afkondigings.

Ds. OD Scheuer stel publikasies uit eie geledere bekend.

## 48. VERKIESING VAN HULPSKRIBA

Ds IA Brink word verkies as Hulpskriba.

## 49. NOMINASIES VIR AKTUARIUS

Nominasies vir Aktuarius word ingedien.

Oudl. AJ Pienaar doen 'n tafelgebed en die vergadering verdaag om 13:00 vir middagete.

# TWEEDE DAG – MIDDAGSITTING

Samesang word gelei deur ds CD Koen en die Voorsitter bedank hom en die orrelis, ds JC van Staden.

Die Sinode hervat sy werksaamhede om 14:05 na enkele afkondigings:

**1.** Seënwense is ontvang van APK Leonardville.

## 50. PERSONEELWYSIGING

Diak. DS Greyling vervang oudl. B Moodie as afgevaardigde van APK Boksburg.

**AFVAARDIGING: DS NJ GROENEWALD**

Ds Groenewald deel die vergadering mee dat hy op 1 Augustus 1993 demissie ontvang het van APK Vrede en nog nie in APK Lindley bevestig is nie. Hy is verkeerdelik deur Lindley afgevaardig.

**Besluit: Aan ds Groenewald word sitting met adviserende stem toegeken.**

## 51. ODE

Die vergadering neem met waardering kennis van die volgende voorlegging:

Pagina 171, pt. 11.1
Ode – 'n Loflied oor 'n verhewe onderwerp

Opgedra aan mev E Jooste en in haar aan elke afgevaardigde se vrou namens al die manne hier teenwoordig.

Ek praat as man oor ons vroue. Dis altyd vir 'n man 'n eer as hy iets wil gee en 'n vrou wil dit ontvang ... as hy praat en 'n vrou luister gewilliglik.

Dit is wanneer 'n man 'n ware vrou ontmoet, dan het sy die vermoë om in hom die edelste menslike gesindheid te ontlok deur daardie geheimsinnige wesenlikheid wat ons haar vroulikheid noem.

Om hierdie misterie van 'n vrou se innerlikheid weer te gee, verg die vaardige pen van digters, die kunstige verfkwas van die begenadigde kunsskilders, of die vormgewende beitel van beeldhouers. Ek is geen een van genoemde begenadigdes nie.

Maar, ons as mans dra diep in ons wese 'n eerbied om vir die ware vrou – ons oë het oopgegaan vir die feit dat ons wêreld 'n weelde van rykdom bevat soos wat dit in die gees van elke ware vrou opgesluit lê. Ek wil namens die mansgeslag aan daardie vroue – **ons** vroue – sê, dat ons julle **raaksien, waardeer** en **eer** omdat julle van die ou wêreld wat so 'n lelike plek in sommige opsigte is, 'n skoner en leefbaarder oord maak.

Ek wil en kan vir jou vertel van jou gewaardeerde **vrouwees** – jou keurigheid in menswees en vrouwees het ons dikwels verstom. Jy vrou wat beskrywe word as die onkenbare, onberekenbare, dromerige wese wat 'n innerlike misterie besit.

Begenadigde digters en sangers het 'n aanvoeling hiervoor gehad en van die skoonste skepping aan ons gegee. Ek verwys na die kort juweeltjie van A.G. Visser se diep ontroerende Die Roos waarin hy sy gelouterde hartseer oor sy vroeggestorwe vrou weergee:

*"Te kort jou skoonheidsduur*
*Roos van my hart;*
*vir jou volmaakte uur*
*die Gewer lof.*

*Te kort ons liefdestyd,*
*Te lank die rou,*
*Tog ... tot in Ewigheid*
*Goddank vir jou."*

Ook wanneer ek tagtig geword het, sal ek weer vir jou as tenger ou vroutjie na 'n bloeiseltuin neem, en vir jou sê – al is my oë nie meer so goed nie:

*"Jy is die mooiste vrou wat die liewe Heer gemaak het. Ek sal jou liefhê tot aan die einde – totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug!"*
(Dr Cl van Heerden)

## 52. GROSLYS VIR DIE VERKIESING VAN AKTUARIUS

Die groslys vir die verkiesing van 'n aktuarius word aan die vergadering voorgehou en die stembriewe word uitgedeel.

Die Sinode konstitueer as RKA.

## 53. VERSLAG VAN DIE BRKA (VERVOLG, BL. 170)

**10. Teologiese Skool**

**10.1 Naam** – Kennis geneem.

**10.1.1** Aanbeveling goedgekeur:

**Die RKA besluit om die naam van die gebou "APK Teologiese Skool" te erken as amptelike naam.**

**10.2 Ruimte geskep** – Kennis geneem.
**10.3 Koste** – Kennis geneem.
**11. Meubels en binnehuisversiering** – Kennis geneem.
**11.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die RKA besluit om persone wat gratis diens gelewer het, asook die werkers vir hul onbaatsugtige dienste te bedank. Mnr Ronquest, mnr Adendorff, mnr Le Roux en mev E Jooste verdien spesiale dank vir hul groot werk.**

**6. Finansies** (Sakelys, bl. 17)

**6.1** Invordering van gelde – Kennis geneem.

Aanbevelings goedgekeur:

1. **Die RKA boekstaaf sy waardering jeens kerkrade wat getrou en stiptelik hulle verskuldigde bydraes oorbetaal aan die Sentrale Kerkkantoor.**
2. **Die RKA neem kennis van kerkrade wat agterstallig geraak het om verskillende redes, maar waardeer dit dat hierdie kerkrade hulle goedgesindheid getoon het deur aanneemlike afbetalingsreëlings ten opsigte van agterstallige oorbetalings aan die BRKA te tref.**
3. **Die RKA neem kennis dat sekere kerkrade agterstallig was op 31 Mei 1993 soos in die aanvullende Sakelys aangetoon, neem met teleurstelling kennis dat hierdie kerkrade geen afbetalingsreëlings met die BRKA getref het nie, en besluit op gepaste stappe teen hierdie kerkrade.**

**6.2 Fondse onder beheer van die BRKA**

**6.2.1-6.2.2** Kennis geneem.

Die Addendumverslag van die BRKA bl. 166 word in behandeling geneem.

**1. Tydperk van verslag**

**1-3** – Kennis geneem.

**4. Administratiewe poste**

Die punt staan oor tot by die behandeling van die Verslag van die Finansiële Kommissie.

**5. Gemeentes wat agterstallig is met 15% bydraes**

**Daar word besluit om die naam van APK Boshof te skrap, aangesien reëlings vir agterstallige betaling getref is.**

Verduidelikings word ontvang van die afgevaardigdes van:

APK Boksburg; APK Pretoria-Sentraal; APK Ladismith; APK Windhoek.

APK Algoa onderneem om die agterstallige bydraes terug te betaal namate hulle skuld invorder.

**Voorstelle goedgekeur:**

1. **Aangesien baie skribas of skriba/kassiere nie ten volle op hoogte is met wat van hom of haar verwag word i.v.m. die pligte van die pos nie en hulle gevra word om die werk te doen, soms sonder vergoeding en vorige ondervinding, word besluit dat daar op ringsvlak opleiding aan hierdie persone verskaf behoort te word.**
   (Oudl. AGS Gous; oudl. JP Snyman)
2. **Die RKA versoek deur die Sinode alle Ringe dringend om as deel van hulle visitasietaak ondersoek in te stel na die omstandighede van gemeentes wat nie hulle sinodale finansiële verpligtinge nakom nie. Aan die BRKA word opgedra om gegewens van sulke agterstallige bydraes aan die betrokke Ringe te verskaf.**
   (Ds. LD Pienaar; oudl. BJM Rossouw)
3. **Die RKA besluit om ná aanhoor van gemeentes wat agterstallig is m.b.t. inbetaling van 15% oorbetalings, die name terug te verwys na die volgende inkomende BRKA wat dit moet opvolg.**
   (Oudl. MJ Cornelius; ds. SD Nel)

Die volgende voorstelle word na die Permanente KKS verwys om advies te gee oor kanale waarlangs soortgelyke voorstelle gehanteer kan word.

1. Ons stel voor:

   Die RKA besluit, as deel van die gepaste stappe teen gemeentes wat al langer as 'n jaar soos op 31 Desember 1992 agterstallig was, dat sodanige gemeentes hul spreek- en stemreg voortaan ontneem word tot tyd en wyl hulle 'n tasbare bewys van die nakoming van hulle verantwoordelikheid lewer.
   (Ds. PR Buitendagh; oudl. PC Wentzel)
2. Die RKA besluit om sittingsreg op die RKA van gemeentes wat sonder die nodige reë-

lings in gebreke bly om hulle bydraes aan die RKA oor te betaal, op te skort. Die finale beslissing oor die aanvaarding van die redes vir nie-betaling word deur die RKA geneem op aanbeveling van die BRKA. Die RKA versoek die Sinode om op advies van die RKA sittingsreg op die Sinode van die betrokke gemeentes ook op te skort tot na konstituering van die RKA ten einde finale uitsluitsel oor betrokke gemeentes te kry. (Ds. IA Brink; ds. NJ Rautenbach).

Van die volgende voorstel word kennis geneem en dit word aan gemeentes deurgegee as 'n wenk:

**"Gemeente-Susterskap"**

Die RKA besluit op die beginsel van 'n hulpstelsel waarin 'n – gewoonlik plattelandse – kerk, 'n stedelike kerk kies wat finansieel swaarkry, miskien as gevolg van studentelidmate of pensioenarisse. Die twee kerke vorm dan 'n gemeente-susterskap om mekaar te help met bv. 'n gesamentlike basaar. Op hierdie wyse help die finansieel sterker kerk die finansieel armer kerk.
(Ds. JD van der Merwe; oudl. HCJ Gouws).

**Teenstemme**

Die volgende persone laat hulle teenstemme aanteken teen die besluit dat die gemeentes met agterstallige bydraes terugverwys word: Ds. JH Theron; oudl. PS van der Merwe.

6. **Verslag oor restourasie en bouwerk aan kerklike eiendom**

   Kennis geneem tot by punt 7.

Die vergadering konstitueer as Sinode.

## 54. VERKIESING VAN AKTUARIUS

Die Sinode stem tussen die tweetal: Prof. R Marè en ds. AS van Jaarsveld as aktuarius.

Die vergadering konstitueer weer as RKA.

## 55. VERSLAG VAN DIE BRKA (VERVOLG) (bl. 17)

Die verslag van die BRKA word verder behandel.

**6.2 Fondse onder beheer van die BRKA** – Kennis geneem.

**6.3** Fondsinsamelingsnommer – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**1.1 Op advies van die KKS word die volgende subartikel bygevoeg by die RKA se doelstellings (KO 1992, p. 71, 5.6): die funksionering as fondsinsamelingsorganisasie wanneer en soos deur die Staatsowerheid goedgekeur.**

**6.4 Weeshuisfonds** – Kennis geneem.

**7. Sake verwys deur die RKA**

**7.1 Pensioenfonds**

Die derde gebinde deel van die Sakelys, bl. 9, word vervolgens in behandeling geneem:

**DEKKING VIR PLAASLIKE KERKE IN GEVAL VAN AFSTERWE VAN LERAAR**

"Opdrag" – Kennis geneem.

**Aanbeveling gewysig en goedgekeur:**

**Die RKA besluit in beginsel dat alle kerkrade wat oor die dienste van 'n leraar beskik, aan die skema deelneem waarvolgens 'n addisionele jaar se traktement aan die eggenote van die leraar by sy afsterwe uitbetaal word. Aangesien daarmee dekking aan 'n kerkraad voorsien word om die verpligte onderhoud van so 'n weduwee vir ses maande te dra, word die premie van die betrokke kerkrade verhaal.**

Van die res van die verslag word kennis geneem.

Die vergadering konstitueer as Sinode.

## 56. VERKIESING VAN AKTUARIUS

Die Voorsitter kondig aan dat ds. AS van Jaarsveld verkies is as Aktuarius. Hy word gelukgewens en neem sy plek in.

Die vergadering konstitueer as RKA.

## 57. VERSLAG VAN DIE BRKA (VERVOLG) bl. 18

Die verslag van die BRKA word verder behandel.

**7.2 Weeshuisfonds** (bl. 18) – Kennis geneem.

**7.3 Vaalterrein** – Kennis geneem.

**7.4 Farendenstraat 430, Terreinontwikkeling** – Kennis geneem.

**7.5 Corpus Christi Kerksentrum** – Kennis geneem.

**7.6 Brookshuis – gepaste naam** – Kennis geneem.

**7.7 Voorsorgfonds** – Kennis geneem.

**7.8 Rekenaarsetprogram** – Kennis geneem.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die RKA stel die kwotasie van ds. JH Venter vir 'n gemeente-administrasie- en finansiële**

**program, asook die kwotasie van die program vir predikante, in die hand van alle afgevaardigdes vir voorlegging aan hulle kerkrade. Skriftelike bestellings moet voor 30 November 1993 aan die Direkteur van Kerkadministrasie besorg word. Die finale prys sal volgens die aantal bestellings bepaal word.**
(Ds. MC Adendorff; ds. IA Brink).

Punt 8. Slot – Kennis geneem.

Punt 1.8 (bl. 14): **Ad hoc-komitees** – Kennis geneem.

Punt 3 Sentrale Kerkkantoor – Kennis geneem.

Punt 4 Diensvoorwaardes.

**4.1 Salarisse** – Kennis geneem.

**4.2 Kaapse Mediese Plan**

Die Derde Deel van die Sakelys, bl. 13, punt 4 word verwys na die Finansiële Kommissie.

**4.3 Die APK Pensioenfonds** (Sakelys, bl. 15)

Kennis geneem tot by 4.3.2.

Die vergadering verdaag vir koffie om 16:00.

## TWEEDE SITTINGSDAG: TWEEDE MIDDAGSITTING

Ná samesang gelei deur ds. CD Koen, hervat die Sinode sy werksaamhede om 16:30. Die Voorsitter bedank hom en die orrelis.

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

**Mosies** – Kennis geneem:

1. Die Sinode spreek hom uit teen die gebruik van die Engelse spelling "ZULULAND" as gevolg van die volksvreemde oorsprong van die naam. Die Sinode versoek al sy kommissies om voortaan die Afrikaanse naam "ZOELOELAND" op alle stukke te gebruik.
(Ds. TJ Verryne; ds. HF Jooste).
2. Die Sinode spreek hom uit teen die gebruik van die naam "Namibië" as gevolg van die Kommunistiese, ateïstiese en onpatriotiese konnotasie van die naam. Die Sinode versoek al sy kommissies om voortaan slegs die naam "Suidwes-Afrika" op alle stukke te gebruik.
(Ds. HF Jooste; ds. TJ Verryne).
3. Telegram ontvang van APK Leeudoringstad:

   Mag God u seën met insig, wysheid en krag sodat aan Hom alleen die eer kan toekom.

Die vergadering konstitueer weer as RKA.

## 58. VERSLAG BRKA (Bl. 15, punt 4.3.2)

4.3.2 Ouderdomsgrens – Kennis geneem.

**Aanbeveling verwys na TKKS:**

Die RKA versoek die Sinode om te besluit dat 'n leraar in diens van 'n Afrikaanse Protestantse Kerk, asook 'n leraar of ander amptenaar in diens van die Kerkverband (dit wil sê verbonde aan die Sentrale Kerkkantoor en die Teologiese Skool) verplig is om aan die einde van die jaar waarin hy 65 jaar oud word, sy emeritaat te aanvaar (of af te tree in die geval van 'n amptenaar). 'n Werkgewer is in so 'n geval geregtig om volgens eie diskresie sy werknemer as gepensioeneerde vir 'n beperkte tyd weer in diens te neem. Wat die uitvoering van die beginsel betref, word die advies van die KKS aangevra.

4.3.3 Pensioenuitbetaling as gevolg van gesondheidstoestand – Kennis geneem.

4.3.4 Aftredes – Kennis geneem.

4.3.5 Sterftevoorval – Kennis geneem.

4.3.6 Wagtyd van 6 maande – Kennis geneem.

4.3.7 Alternatiewe vir Pensioenfonds – Kennis geneem.

Voorstel – Kennis geneem:

Die Sinode besluit dat inflasie-aanpassings van kantoorpersoneel persentasiegewyse dieselfde sal wees as wat die Finansiële Kommissie aan predikante toestaan.
(Dr. JH Ellis; oudl. HJ Nieman).

Die volgende BRKA word gevra om die voorstel in ag te neem.

## 59. VERKIESING BRKA

Nominasiës vir 5 lede van die BRKA word gevra. 'n Kort Curriculum Vitae kan bygevoeg word om te help.

**Ordemosie goedgekeur:**

**Dat in die lig van die feit dat die sinodale vergadering reeds 2 uur agter is op sy geskeduleerde program, die huidige vyf (5) lede van die BRKA as verkose beskou word t.w. oudle. MJ Cornelius, JF du Plessis, WLV Fick, HCG Bester en LR Treurnich en dat die RKA slegs 5 sekundilede verkies.**
(Ds. DJ (Danie) Malan; oudl. OF Jeffrey).

**Motivering**

1. Dit kan heelwat tydsbesparing meebring.
2. Die huidige kundige lede is op die hoogte van sake.

3. Die tendens tot dusver is dat dieselfde leiersfigure herkies is omdat die Sinode hulle vertrou.

Nominasies reeds ingedien word geplaas op die groslys vir verkiesing van 5 sekundus-lede.

**Kyk egter wysiging van dié besluit onder punt 62.**

**REËLING**

Die Voorsitter reël dat afgevaardigdes vanaand hulle gashere sal skakel om die tyd deur te gee waarop hulle afgehaal kan word.

## 60. VERSLAG VAN DIE BEHEERRAAD VAN DIE APK-JEUGTUISTE (bl. 19)

1. Personeel.

1.1 Voorlopige Beheerraad – Kennis geneem.

1.2 Permanente Beheerraad – Kennis geneem.

1.3 Dagbestuur van Beheerraad – Kennis geneem.

2. Vergaderings – Kennis geneem.

3. Verslag aan BRKA – Kennis geneem.

4. Besetting

4.1 Kennis geneem.

4.2 Kennis geneem.

Die Beheerraad word versoek om ondersoek in te stel of die lokaal vir die kantoor van APK Pretoria-Sentraal nie beter benut kan word deur die kantoor van die gemeente te verskuif na Farendenstraat 430 nie en die lokaal as slaapkamer te benut.

4.3 Kennis geneem.

4.4 Kennis geneem.

5. Onderhoud – Kennis geneem.

6. Reglement, Huisreëls en Naam – Kennis geneem.

7. Spysenier – Kennis geneem.

Die Beheerraad word versoek om te kyk na 'n koste-effektiewe dienskontrak vir die spysenier sodra die pos weer gevul word.

8. **Ander geriewe.**

8.1 Kennis geneem.

8.2 Kennis geneem.

9. Finansies – Kennis geneem.

10. (Slot) – Kennis geneem met dank.

Die Voorsitter bedank ds. Viljoen en die Kommissie vir die verslag.

## 61. VERSLAG VAN VERLOFKOMMISSIE

Die vergadering konstitueer as Sinode.

Die volgende verlofaansoeke word op aanbeveling van die Verlofkommissie goedgekeur.

| NAAM | AMP | GEMEENTE | TYD | DATUM |
|---|---|---|---|---|
| JN Joubert | Ds | Bloemfontein | 09:00-21:00 | 10 Aug. 1993 |
| LJ Smit | Oudl | Fontein-Prieska | 08:00-21:00 | 10 Aug. 1993 |
| A du Plessis | Ds | Zeerust-Groot-Marico | 14:00-16:00 | 10 Aug. 1993 |
| BICS Erasmus | Oudl | Zeerust-Groot-Marico | 14:00-16:00 | 10 Aug. 1993 |
| AP Viljoen | Ds | Pretoria-Sentraal | 12:45-16:00 | 11 Aug. 1993 |
| JJ Naudé | Oudl | Reitz | 08:00-09:30 | 11 Aug. 1993 |
| WJ van der Merwe | Ds | Rustenburg | 08:00-21:00 | 11 Aug. 1993 |
| CD Koen | Ds | Verwoerdburg | 08:00-13:00 | 11 Aug. 1993 |
| RG Tait | Oudl | Germiston | 11:00-13:00 | 12 Aug. 1993 |
| GC van Jaarsveld | Oudl | Ficksburg | 08:00-21:00 | 12 Aug. 1993 |
| JC Lombard | Prof | Bainsvlei | 09:00-15:00 | 13 Aug. 1993 |
| AJ Joubert | Oudl | Pietermaritzburg | 07:00-11:00 | 14 Aug. 1993 |
| JP Bezuidenhout | Ds | Kroonstad | 08:00-11:00 | 14 Aug. 1993 |
| SAI Dry | Oudl | Kroonstad | 08:00-11:00 | 14 Aug. 1993 |

| NAAM | AMP | GEMEENTE | TYD | DATUM |
|---|---|---|---|---|
| HJ Smit | Oudl | Lebombo | 07:00-11:00 | 14 Aug. 1993 |
| AR Nel | Ds | Lebombo | 08:00-11:00 | 14 Aug. 1993 |
| AJ Joubert | Oudl | Pietermaritzburg | 08:00-11:00 | 14 Aug. 1993 |
| JI Pieters | Oudl | Nelspruit | 08:00-21:00 | 12-14 Aug. 1993 |
| JD Maloney | Ds | Vryburg | 15:00-17:00 | 10 Aug. 1993 |
| AF von Wielligh | Oudl | Vryburg | 15:00-17:00 | 10 Aug. 1993 |
| GM Oberholzer | Oudl | Vryburg | 15:00-17:00 | 10 Aug. 1993 |
| DS Fourie | Ds | Newcastle | 15:00-16:15 | 10 Aug. 1993 |
| JA Botes | Ds | Hennenman | ALLE AANDSITTINGS | |
| PK Gouws | Diak | Weipe | 08:00-14:00 | 11 Aug. 1993 |
| JF Greyling | Oudl | Thabazimbi | 14:00-21:00 | 11 Aug. 1993 |
| PG Stans | Ds | Olifantshoek | 08:00-11:00 | 12 Aug. 1993 |
| JA de Beer | Ds | Namakwaland | 08:00-11:00 | 12 Aug. 1993 |
| JGD Lamprecht | Oudl | Olifantshoek | 08:00-21:00<br>08:00-11:00 | 13 Aug. 1993<br>14 Aug. 1993 |
| CN Smit | Oudl | Potgietersrus | 17:00-21:00<br>08:00-11:00 | 12 Aug. 1993<br>14 Aug. 1993 |
| WA Storm | Oudl | Laersdrif | 18:00-21:00 | 11 Aug. 1993 |
| MJG Botes | Oudl | Laersdrif | 18:00-21:00 | 11 Aug. 1993 |
| HJ Smit | Oudl | Lebombo | 07:00-21:00<br>07:00-11:00 | 13 Aug. 1993<br>14 Aug. 1993 |
| SB Kuit | Oudl | Windhoek | 19:00-21:00<br>08:00-21:00<br>08:00-11:00 | 10 Aug. 1993<br>12-13 Aug. 1993<br>14 Aug. 1993 |
| EM Viljoen | Dr | Outjo | | 13-14 Aug. 1993 |
| B Terblanche | Oudl | Sanddrift | 14:00-21:00 | 13 Aug. 1993 |
| JCN Coetzee | Oudl | Olifantsrivier | 08:00-11:00 | 14 Aug. 1993 |
| BJ Olivier | Oudl | Clanwilliam | 08:00-11:00 | 14 Aug. 1993 |
| JP Smit | Oudl | Clanwilliam | 08:00-11:00 | 14 Aug. 1993 |
| Die volgende verlofaansoek word nie goedgekeur nie: | | | | |
| AR Nel | Ds | Lebombo | 08:00-21:00 | 13 Aug. 1993 |

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

Die TKKS kry opdrag om die stukke rakende die appèl vanaand by hul vergadering aan die betrokke lede uit te deel.

**Die volgende mosie word verwys na die SKK:**

**Die Sinode besluit dat afgevaardigdes na alle toekomstige Sinodes van naamplaatjies voorsien word wat die amptelike embleem en naam van die Afrikaanse Protestantse Kerke duidelik daarop vertoon.**

**Motivering**

Terwyl die Sinode sy dankbaarheid uitspreek teenoor die huidige borg is dit nodig dat die vergadering nie gesien moet word as 'n Sanlam-kongres nie.
(Oudl. HCG Bester; oudl. WLV Fick)

**Mosie van dank goedgekeur:**

**Die Sinode spreek sy dank uit teenoor al die predikante en professore van wie daar preke**

**en preekbundels gekom het sodat gemeentes goed voorsien is van leespreke en daar voldoen kan word aan die sinodebesluit geneem in Bylae I punt 3 van die K.O.**
(Oudl. JN de Wet; oudl. HNJJ van Nieuwenhuyzen).

Oudl. RG Tait van APK Germiston sal Saterdag die bidstond lei.

## 62. VERKIESING VAN 5 LEDE VIR BRKA

Die vergadering konstitueer as RKA. Die ordemosie rakende die verkiesing van 5 lede vir die BRKA (voorgestel deur ds DJ Malan en reeds goedgekeur) word gewysig na 'n gewone mosie nadat die volgende ordemosie aanvaar is:

Hiermee word revisie aangevra van die besluit by wyse van 'n ordemosie om die uittredende ouderlinge van die BRKA aan te wys vir 'n nuwe termyn.

**Motivering**

(i) Die ordemosie soos deur die voorsteller op die tafel gebring, het nie in ooreenstemming met Ordereël 18 (K.O. p. 50) geskied nie.

(ii) 'n Saak wat geen bespreking geniet het nie, en in homself substansiële waarde gedra het waarvoor daar geleentheid moes kom, is hiermee deurgevoer.

(iii) Hiermee is 'n presedent geskep.

(iv) Motiverings soos deur die voorsteller aangevoer is, spruit uit praktiese oorwegings. Hiermee is kerkordelike beginsels agterweë gelaat.
(Ds DR Schwartz)

**Besluit:**

**Die lede van die BRKA moet dus verkies word en nominasies vir die 5 lede van die BRKA word gevra. Die vorige nominasies vir sekunduslede word hierby gevoeg.**

**Die vergadering konstitueer as Sinode.**

## 63. VERSLAG VAN DIE SKK (Bl. 2, Sakelys, pt. 3.3)

Die verslag van die SKK word hervat.

**3.3 Besware teen artikels in "Die Boodskapper"**

Kennis geneem.

**3.4 Sang en musiek by die Sinode**

Kennis geneem.

**3.5 Begroting**

Kennis geneem.

**3.6 Brief aan die owerheid**

Kennis geneem.

**3.7 Dooplidmaatregister**

Kennis geneem.

**3.8 Volkereverhoudings**

Kennis geneem.

**3.8.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Kommissielede wat verantwoordelik was vir die skrywe van die boek "Skriflig op Kerk en Volk".**

**3.8.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode aanvaar die standpunte in "Skriflig op Kerk en Volk" as rigtinggewende standpunte vir die Kerkverbond en dra dit aan die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme op om steeds aandag aan die sake soos in die boek behandel, te gee.**

**3.9 Majoor Jonker**

Kennis geneem.

**3.10 Plek van Sinodesitting**

Kennis geneem.

**3.11 Herderlike Brief**

Kennis geneem.

**3.12 Onderhandelinge met die SAUK**

Kennis geneem.

**3.13 Goedkeuring van die Sinodenotule**

Kennis geneem.

**3.14 Vaartbelynde kommissievergaderings**

Kennis geneem.

Die vergadering verdaag vir aandete om 18:05 ná 'n tafelgebed deur oudl. DJ van Vuuren van APK Leonardville.

# AANDSESSIE: DINSDAG 10 AUGUSTUS 1993

Die Sinode neem weer 'n aanvang om 19:00 met samesang gelei deur ds. CD Koen. Die Voorsitter doen enkele afkondigings. Die vergadering konstitueer as Sinode.

## 64. NOTULE: EERSTE SITTINGSDAG

**Die notule soos deur ds. LD Pienaar gestel, (van bladsy 1 tot 5 en die presensielys) word goedgekeur.**

**Besluit: Die goedgekeurde wysigings sal op die finale notule aangebring word en nie een vir een genotuleer word nie.**

Die Voorsitter bedank die Skribaat en Notulekommissie vir 'n korrekte notule.

Die vergadering konstitueer as RKA.

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Dat die woord **ORDEMOSIE** in ons vorige voorstel geskrap word en vervang word met die woord **VOORSTEL** en dat dit verder soos volg sal lees:

"Dat in die lig van die feit dat die sinodale vergadering reeds langer as 2 uur agter is op sy geskeduleerde dagprogram, die huidige vyf (5) ouderlinge as verkose op die BRKA beskou word, nl. oudle. MJ Cornelius, JF du Plessis, WLV Fick, HCG Bester en LR Treurnich, en dat slegs 5 (vyf) sekunduslede verkies word by wyse van groslysvorming e.d.m.".
(Ds. DJ Malan; oudl. OF Jeffrey).

Die vergadering konstitueer as Sinode.

## 65. PERSVERKLARING

Die eerste Mediaverslag (1) word in behandeling geneem. Wysigings goedgekeur:

1. **Die besluit oor Sondagsport moet sonder motivering in die tweede Mediaverslag opgeneem word.**
2. **Die Sinode besluit dat iets van die Voorsitterverslag gelewer op 9 Augustus 1993 ook in Dag 1 se mediaverslag opgeneem word.**
(Ds. AP Viljoen; oudl. GJ van Jaarsveld).

## 66. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE – A1

Wysiging: "Handelinge" moet lees "Sakelys".

**Aanbeveling goedgekeur:**

1. **Die Sinode besluit dat appèlle hanteer sal word ooreenkomstig punt 1.3 p. 172 van die Sakelys van die Sinode.**

Amendement nie goedgekeur nie:

Die Sinode besluit om die woord "net" te skrap.

**1.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode handel net met dokumentasie, dit wil sê die skriftelike appèlskrif met motivering en die skriftelike verweer met motivering.**

**1.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Geen persoonlike getuies word opgeroep nie.**

Amendement nie goedgekeur nie:

Voeg by "indien moontlik" voor aan sin om te lui: "Indien moontlik word geen persoonlike getuies geroep nie."
(Ds. IA Brink; ds. MC Adendorff).

**1.3 Aanbeveling goedgekeur:**

**Uitstaande of ontbrekende dokumentasie kan nog aangevra of gevorder word indien nodig.**

**1.4 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die appèlskrifte met begronding en die verweerskrifte met begronding is ter insae beskikbaar by die Sinode.**

**2. Geloofsbriewe**

Die geloofsbriewe van die APK Springs, Alberton en Devon word soos volg gehanteer:

**2.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode verleen sittingsreg aan die afgevaardigdes van die AP Kerk Springs. Die geloofsbriewe is in orde.**

**Motivering** – Kennis geneem:

Op die ringsvergadering van die Ring van Germiston gehou op 30 November 1992 is die afvaardiging van APK Springs uitgeklaar. Skriftelike getuienis van ds. HC van der Merwe en mondelinge getuienis van 2 adviseurs, prof. FAH van Staden en ds. JA du Plessis, bied bevestiging hiertoe.

2.2 Aanbeveling nie goedgekeur nie:

Die uitspraak oor die geloofsbriewe van APK Alberton en Devon word deur die Sinode agterweë gehou tot die appèl van die ouderlingevergadering van APK Boksburg teen die ringsbesluit van Germiston afgehandel is, om prejudisering van die appèl te voorkom.

Die afgevaardigdes van APK Alberton en APK Devon het dus sittingsreg met keurstem.

**BESWARE TEEN BESLUIT**

1. Hiermee vra ek dat aangeteken word dat ek in die minderheid gestem het by punt 2.2 van die eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake.
(Dr. MFM Pretorius).
2. Ons teken die sterkste moontlike beswaar aan teen die aanvaarding van die geloofsbriewe van Alberton en Devon ongeag die feit dat beide kerkrade persone op hulle kerkrade het, wat nie alleen buite die vasgestelde grense van die genoemde gemeentes

woon nie maar in beide gevalle woon die betrokke kerkraadslede ook buite die Ring van Germiston se grense. Dokumentêre bewyse is beskikbaar in die geskrif.

Dit is ondenkbaar dat die Sinode geloofsbriewe aanvaar van gemeentes wat ongeag die vasstelling van gemeentelike grense in die Ring van Germiston volhard om persone van buite hulle gemeentelike grense op hulle kerkrade toe te laat. Daar kan geen sprake wees van bona fides by hierdie kerkrade.
(Ds. PK Roodt; ds. MP Taute; oudl. LJ Terblanche; oudl. AA Botha)
Verslag met dank aanvaar.

## 67. VERSLAG KURATORIUM (bl. 22 en Addendum Verslag bl. 173)

Ds. A. Boshoff, Voorsitter van die Kuratorium, lig die rapport toe.

**1. Personeel**

**1.1 tot 1.2.2** Kennis geneem.

**2.** Vergaderings – Kennis geneem.

**3.** Dagbestuur – Kennis geneem.

**4.** Dagbestuursvergaderings – Kennis geneem.

**5.** Subkommissies – Kennis geneem.

**6.** Teologiese Skool.

**6.1** Raad van Teologiese Dosente – Kennis geneem.

**Aanbeveling 1 goedgekeur:**

**6.1.1 Die Sinode betuig sy dank en waardering teenoor prof. dr. FAH van Staden, hoof van die Teologiese Opleiding en skriba-administrateur van die Kuratorium, vir sy toewyding en die voortreflike wyse waarop hy al sy pligte uitvoer.**

**6.1.2 Die Sinode betuig sy dank en waardering teenoor prof. HS Theron, prof. dr. HCG Robbertze en prof. dr. R Marè vir hulle toegewyde diens aan die Teologiese Skool.**

**6.1.3 Die Sinode wens proff. Theron en Marè wysheid en sukses toe met die voltooiing van proefskrifte.**

**6.1.4 Die Sinode bid die teologiese dosente die ryke seën van die Here toe met hulle belangrike en verantwoordelike werk aan die Teologiese Skool in belang van die kerkverband.**

**6.2 Vyfde Leerstoel**

Lees saam met Beskrywingspunt 10.1 op bl. 26.

**6.2.1-6.2.11** – Kennis geneem.

**Beskrywingspunt 10.1** – Kennis geneem.

Die vergadering verdaag vir tee om 20:45 vir 15 minute en keur goed om sy werksaamhede weer om 21:00 te hervat tot 21:30.

Die Sinode hervat sy werksaamhede en die verslag van die Kuratorium op bl. 23 word vervolg.

Aanbeveling 6.2.12 staan oor tot by die behandeling van Verslag oor Finansies.

**6.3 Teologiese Dae** – Kennis geneem.

**6.4 Verdere Teologiese Opleiding (VTO)** – Kennis geneem.

**Aanbeveling 3 goedgekeur:**

**6.4.1 Die Sinode besluit in beginsel dat die teologiese opleiding van dienende predikante in die Afrikaanse Protestantse Kerke in kerkverband nie geëindig het of voortaan sal eindig met legitimasie of by beroepbaarstelling in die Afrikaanse Protestantse kerkverband nie en dat voortgesette teologiese opleiding derhalwe noodsaaklik is en benut moet word.**

**6.4.2** Aanbeveling soos gewysig goedgekeur:

**Die Sinode rig 'n ernstige versoek tot die kerkrade om dit vir leraars moontlik te maak, desnoods met finansiële hulpverlening uit Ringsgemeentes om die jaarlikse VTO-kursusse by te woon.**

**'n Redelike kennisgewingtyd ten opsigte van die kursusse, word versoek.**

**6.5 Legitimasie.**

**6.5.1** Kennis geneem. Die Sinode neem ook met dank daarvan kennis dat al drie die finalejaarstudente in 1992 met lof geslaag het.

**6.5.2** Kennis geneem met groot dank.

**6.6 Teologiese Opleiding: Kuratorium** – Kennis geneem.

**6.6.1** Kennis geneem.

**6.6.2** Kennis geneem.

**6.6.2.1** Kennis geneem.

**6.6.2.2** Kennis geneem.

**6.6.2.3** Kennis geneem.

**6.6.2.4** Kennis geneem.

**6.7 Biblioteek**

**6.7.1** Kennis geneem.

**Aanbeveling 4 goedgekeur:**

**6.7.1.1 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeentes en lidmate vir donasies aan die Teologiese Skool se Biblioteekfonds om veral nuwe publikasies aan te koop.**

**Voorstel as byvoeging tot AANBEVELING 4 goedgekeur:**

**"Die Sinode doen 'n beroep op leraars in die APK om oorweging daaraan te skenk om testamentêre (legaat) bemakings ten opsigte van hul boekery aan die Teologiese Skool te doen".**
(Ds. DJ Malan; ds. CD Koen).

**6.7.2 Vestiging** – Kennis geneem.

**6.7.3 Ruimte** – Kennis geneem.

**6.7.4 Hulp aan studente** – Kennis geneem.

**6.8 Willie Lubbe Teologiese Studiefonds**

Kennis geneem.

**Aanbeveling 5 goedgekeur:**

**6.8.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes en individue wat die afgelope twee jaar bygedra het tot die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.**

Die verslag van die Kuratorium word onderbreek en die Voorsitter doen enkele afkondigings.

**Voorstel goedgekeur:**

1. **dat die Sakelys as gelese beskou word, soos die versoek aan afgevaardigdes gerig is;**
2. **dat van alle punte in verslae kennis geneem word, behalwe aanbevelings, sonder dat dit in die vergadering gelees word;**
3. **dat bespreking slegs by aanbevelings geskied;**
4. **dat 'n spreker nie toegelaat word om langer as drie minute te praat nie;**
5. **dat broers nie herhaal wat reeds op 'n bepaalde punt gesê is nie.**
(Ds. LD Pienaar).

Die vergadering sluit om 21:30 af met gebed deur dr. Cl van Heerden ná 'n versoek dat daar in die gebed spesiaal gedink sal word aan die werk van die Kuratorium en Teologiese Skool.

# SESDE SINODE 9-14 AUGUSTUS 1993
# DERDE SITTINGSDAG:
# WOENSDAG 11 AUGUSTUS 1993

Die voorsang word gelei deur ds. JD van der Merwe.

## 68. 08:00 – OPENING

Ouderling JM Spies van die APK Amajuba lei die bidstond. Hy laat sing Psalm 91:1, 3. Hy doen 'n kort gebed en lees daarna Psalm 91:1-16.

Verskeie afgevaardigdes gaan in gebed voor.

Die Voorsitter bedank ouderling Spies en die ander voorgangers in gebed, asook ds. Van der Merwe vir die lei van die sang en ds. Van Staden vir die orrelbegeleiding.

## 69. AFKONDIGINGS EN REËLINGS

Ds. NJ Rautenbach word gelukgewens met sy verjaardag en seën toegebid.

Die volgende voorstel word aanvaar en verwys na die Kuratorium.

**Die Sinode besluit dat by die toetrede van leraars en proponente, instudering in die eie etos (identiteit) van die APK soos dit na vore tree in die KO en Bepalings en sinodale besluite, vereis sal word, en dat daar op 'n geskikte wyse, soos deur die Kuratorium gereël, rekenskap geëis sal word. Hierdie rekenskap behoort binne die eerste jaar ná toetrede afgehandel te word.**
(Ds. JA du Plessis; ds. AS van Jaarsveld).

Die Voorsitter verduidelik die implikasies van die ordebesluit wat op voorstel van prof. FAH van Staden deur die vergadering geneem is, te wete dat daarmee onder meer die behandeling van sekere verslae gestuit word. Hy het die saak met prof. Van Staden bespreek en hy bied geleentheid aan prof. Van Staden om die agtergrond van die ordevoorstel en sy standpunte te verduidelik.

Die Voorsitter bedank hom daarvoor en vra almal se samewerking om die ordebesluit, geneem tydens die aandsessie van Maandag 9 Augustus 1993, (punt 14) op te skort tot by die behandeling van die KKS se verslag oor die verslae wat daardeur geraak word.

Die saak word sonder verdere bespreking tot stemming gebring, en die Sinode besluit:

**Die ordebesluit word gehandhaaf.**

Die volgende ordevoorstel word aanvaar:

**In die lig van die ordevoorstel van prof. FAH van Staden, wat die besluit van die Sinode geword het, word besluit dat die verslag van die KKS dadelik aan die orde gestel word, om daarmee te oordeel watter verslae van kommissies behandel moet word en watter nie.**
(Oudl. LR Treurnich; oudl. CJ Pienaar).

Daarvolgens moet die betrokke deel van die KKS se verslag (nl. Rasionalisasie van Kommissies) onmiddellik aan die orde kom.

## 70. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE

Ds. AS van Jaarsveld lê die deel van die verslag voor (Sakelys, bl. 129, 6.13).

**6.13 Rasionalisasie van Sinodale Kommissies**

1. Die sinodale besluit 1991 – Kennis geneem.

2. Belangrike Wegwysers – Kennis geneem.

2.1 Die Kerkorde.

Kennis geneem van 2.1.1 tot 2.1.5.

2.2 Kerkorde en Lasgewings van Kommissies – Kennis geneem.

2.3 Kerkorde en Sinode – Kennis geneem.

2.4 Die werksaamhede van die Sinode – Kennis geneem.

2.5 Sinodale Kommissies – Kennis geneem.

3. Die Kerkorde en Sinodale Kommissies.

3.1 Bestaansreg van sinodale kommissies – Kennis geneem.

3.2 Aantal kommissies.

Kennis geneem. 'n Korreksie in die teks van die Sakelys moet aangebring word:

"Bybelverklaring" moet lees "Bybelvertaling".

3.2.1 Kuratorium – Kennis geneem.

3.2.2 Kerkregtelike Sake – Kennis geneem.

**Aanbeveling 60.1 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die Kuratorium en Kommissie vir Kerkregtelike Sake voortbestaan soos tans met hulle lasgewings.**

3.2.3 Formuliere en Liturgie en Kerksang en -musiek – Kennis geneem.

**Aanbeveling 60.2 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die Kommissies vir Formuliere en Liturgie en Kerksang en -musiek voortbestaan totdat hulle opdragte uitgevoer is.**

3.2.4 Jeug en Verbondsonderrig en Kerkleer en Etiese Norme – Kennis geneem.

**AANBEVELING 60.3 word goedgekeur met die byvoeging aan die einde: "... soos en wanneer nodig".**

**Dit word gevolglik besluit dat die Kommissie bekend moet staan as die "Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek" en dat die Sinode die dosente in die Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatiek en Christelike Etiek as adviseurs op die kommissie benoem, soos en wanneer nodig.**

Die Jeug en Verbondsonderrigkommissie – Kennis geneem.

Aanbeveling 60.4 nie aanvaar nie.

**Amendement goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om die Permanente Jeugkommissie te behou. Die lasgewing van hierdie kommissie sal wees om naas die advisering insake Verbondsonderrig, ook praktiese riglyne uit te werk en aan gemeentes deur te gee oor hoe die jeug in die plaaslike gemeentes georganiseer kan word. Hierdie kommissie kan ook van medewerkers gebruik maak.**
(Dr JH Ellis; ds AP Viljoen).

**Amendement nie goedgekeur nie:**

Die Sinode besluit dat die Kommissie bekend sal staan as die Kommissie vir Opvoeding en Kerkleer, en dat alle onderrig (verbonds- en skoolonderrig ensovoorts) by die lasgewing ingesluit word. Nodige sub-kommissies kan deur die Sinode identifiseer word en kundiges kan benoem word.
(Ds FJ van der Merwe; prof JC Lombard).

**Die volgende amendement is nie ontvanklik nie, aangesien dit eers ingedien is nadat met die stemming begin is:**

Dit word gevolglik aanbeveel dat die kommissie bekend moet staan as die Kommissie vir Verbondsonderrig met dien verstande dat algemene jeugwerk ook daaronder sal ressorteer.
(Ds HF Jooste; ds TJ Verryne).

## 71. PERSONEELWYSIGINGS

| Naam | Amp | Gemeente | Wanneer verskyn |
|---|---|---|---|
| OM Jansen van Heerden | Oudl | Hartbeespoort | 11/8/1993 |
| JH Owens | Oudl | Potgietersrus | 11/8/1993 |
| PR Botha | Oudl | Viljoenskroon | 11/8/1993 |
| WN van der Berg | Ds | Theunissen | 11/8/1993 |

| Naam | Amp | Gemeente | Wanneer verskyn |
|---|---|---|---|
| JW Louw | Oudl | Theunissen | 11/8/1993 |
| JA Korff | Oudl | Ventersdorp | 11/8/1993 |
| NJ Grobler | Oudl | Middelburg | 11/8/1993 |

Die lede wat pas by die vergadering aangesluit het, word verwelkom.

**Seënwense**

'n Telegram van seënwense word met dank ontvang van die APK Frankfort.

## 72. WYSIGING VAN SITTINGSTYE

Die vergadering besluit dat teepouses elk met 10 minute en etenstye met 15 minute verkort word en die sittingstyd verleng word tot 21:15, 11/8/93. Die vergadering verdaag vir teepouse om 10:30.

Die vergadering hervat sy werksaamhede ná teepouse om 10:50.

## 73. KKS-VERSLAG (Sakelys p. 131) (vervolg)

**3.2.5** Finansies en Argief, Video's en Foto's - Kennis geneem.

**Aanbeveling 60.5 gewysig en goedgekeur:**

1. **Die Sinode besluit dat die Sinodale Finansiële Kommissie behou word soos tans.**
2. **Die Sinode besluit dat die Kommissie vir die Argief bekend sal staan as die Kommissie vir die Kerkargief soos voorheen besluit. Materiaal soos foto's, video's en ander word net maar later argiefstukke. Die omslagtige naam is onnodig.**

**3.2.6 Sentrale Kerkekommissie en Redaksie van "Die Boodskapper".**

**3.2.6.1-3.2.6.4** – Kennis geneem.

**Aanbeveling 60.6 gewysig en goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat:**

1. **die Kommissie vir die Redaksie van Die Boodskapper en die Publikasiekomitee totaal geamalgameer word tot 'n selfstandige sinodale kommissie, bekend as die Sinodale Kommissie vir Publikasies en Die Boodskapper, wat self kan besluit of daar op 'n subkommissiebasis gewerk moet word al dan nie;**
2. **die SKK verklein word tot 'n kommissie van vyf of ses lede.**

Die res van die aanbeveling staan oor vir behandeling by aanbeveling 60.10 op bl. 135 van die Sakelys.

**3.2.7 Kommissie vir Barmhartigheidsdiens, Gemeentelike Bediening, Kapelaansdienste, Onderwys en Opvoeding en Sending.**

**3.2.7.1-3.2.7.2** – Kennis geneem.

Gedeelte van aanbeveling 60.7 nie goedgekeur nie:

Dit word aanbeveel dat die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens geskrap word.

**Amendement goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens bly voortbestaan in sy huidige vorm.**
(Dr WA Burger; oudl. PC Gutter)

Die volgende afgevaardigdes versoek dat aangeteken word dat hulle in die minderheid gestem het:
Ds HF Jooste (APK Windhoek); oudl CJ Pienaar (APK Witbank); oudl. LR Treurnich (APK Witbank).

Die volgende ordemosie dien voor die vergadering en word goedgekeur:

**Die Sinode vra advies van die Aktuarius ten opsigte van die interpretasie van Ordereël 15. (KO. p. 50)**
(Oudl. PR Pretorius; oudl. WM Wilken)

Die Aktuarius verduidelik dat 'n amendement nie 'n voorstel tot niet mag maak nie.

**Gedeelte van aanbeveling 60.7 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Gemeentelike Bediening geskrap word.**
Oudl. AJ van der Nest laat sy stem in die minderheid aanteken.

**3.2.7.3 Kapelaansdienste en Onderwys en Opvoeding – Kennis geneem.**

Ordereëling:

**Die Sinode besluit dat daar afsonderlik besluit sal word oor die Kapelaansdienste en die res van Aanbeveling 60.8.**

**Aanbeveling 60.8 (foutiewelik 60.58 in Sakelys)**

**Gedeelte van Aanbeveling 60.8 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Kapelaansdienste geskrap word.**

**Tweede gedeelte van Aanbeveling 60 gewysig en goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding geskrap en die pligte na die SKK en Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig oorgeplaas word.**

**Die volgende voorstel dien voor die vergadering en word goedgekeur:**

**Die Sinode versoek die TKKS om ons tydens hierdie sitting te bedien met 'n duidelike omskrywing van die begrippe VERKIES, AANWYS en BENOEM t.o.v. die samestelling van kommissies, rade e.d.m. (Vgl. o.a. Bep. 37D, 37F1, 41B en Reglemente vir BRKA 6.1.1(a))**
(Ds DJ Malan; oudl OF Jeffrey).

## 74. BEKENDSTELLING VAN BOEKE

Ds OD Scheuer stel enkele nuwe boeke aan die vergadering bekend.

## 75. AFKONDIGINGS

'n Telegram van APK Lichtenburg word voorgelees. 'n Groeteboodskap van APK Stellenbosch-Somerset-Strand word voorgelees. Met dank kennis geneem van albei.

## 76. PERSONEELWYSIGINGS

Die volgende afgevaardigdes word ter vergadering verwelkom:
Oudl. DS de Villiers (Jagersfontein/Fauresmith)
Ds JWJ Hanekom (Wesselsbron)

Die vergadering verdaag na 'n tafelgebed vir middagete.

# SINODESITTING – DERDE DAG VERVOLG

Die vergadering hervat sy werksaamhede om 13:50.

Ds. JD van der Merwe lei die voorsang.

## 77. VERSLAG VAN DIE KKS: RASIONALISASIE VAN SINODALE KOMMISSIES (VERVOLG) (Sakelys bl. 133)

**3.2.7.4 Sending (Evangelisasie)** – Kennis geneem.

**Aanbeveling 60.9 goedgekeur soos gewysig:**

**Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Sending en Evangelisasie geskrap word.**

**(Verder gewysig en goedgekeur onder punt 171).**

Die volgende amendemente word verwys na die TKKS vir advies:

1. Daar word aanbeveel dat die Kommissie vir Sending geskrap word, daar sending en evangelisasie op die terrein van die plaaslike gemeente hoort. Daar word 'n beroep gedoen dat ons lidmate in gemeenteverband weer aandag aan sending en evangelisasie sal gee. Skakeling kan deur die SKK gedoen word. (Verwys KO art. 47).
(Oudl JL Erasmus; dr MFM Pretorius).
2. Die Sinode besluit ... soos aanbeveel ... "en dat ter wille van die roeping van die kerk om God se lig aan die wêreld te bring die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van die sendingbeleid en koördinering van sendingaksie deur die SKK aanvaar word".
(Oudl. JC Wagner; oudl. GG Vosloo).

**Teenstemme**

Die volgende afgevaardigdes laat hulle stemme in die minderheid aanteken:

Ds OD Scheuer, ds HC Venter, ds G Pretorius, oudl AJ van der Nest, ds AJ van Niekerk, oudl GLH Coetzer en oudl WJA Britz.

4. **Samevatting** – Kennis geneem van 4.1 tot 4.9.

**Die volgende amendement word goedgekeur en vervang aanbeveling 60.10:**

**Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Bybelvertaling/-verklaring in die toekoms as 'n subkommissie van die Publikasiekommissie sal funksioneer en dat die lasgewing van die Publikasiekommissie dienooreenkomstig aangepas sal word.**
(Prof HCG Robbertze; ds JA du Plessis).

5. **Die grootte van kommissies en frekwensie van vergaderings**

**Kuratorium: 11 lede – vergader so dikwels as wat sy pligte dit vereis – goedgekeur.**

**Kerkregtelike Sake: 10 lede – vergader so dikwels as wat sy pligte dit vereis – goedgekeur.**

**Finansies:** Staan oor tot die verslag van die FK dien.

**Formuliere en Liturgie: 3 lede – vergader om sy opdrag te voltooi – goedgekeur.**

**Kerksang en -musiek: 6 lede (met reg van 3 gekoöpteerdes) – vergader so dikwels as wat sy pligte dit vereis – goedgekeur.**

**Verbondsonderrig, Jeug, Opvoeding en Onderwys: – Agt lede – vergader volgens die eis van sy pligte – goedgekeur.**

**Kerkleer en Christelike Etiek: 4 lede – met die teologiese dosente belas met die Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatiek en Christelike Etiek as adviseurs – vergader volgens eis van sy pligte – goedgekeur.**

**Kerkargief: 2 lede – vergader een keer per jaar – goedgekeur.**

**Sentrale Kerkekommissie:** Verwys na die Kommissie vir Kommissies vir aanbeveling oor die grootte en samestelling van die Kommissie.

**Publikasies en "Die Boodskapper":** Verwys na die Kommissie vir Kommissies.

**Bybelverklaring:** Verwys na Kommissie vir Kommissies.

**Ad Hoc-kommissies: Die omvang van die opdrag bepaal die grootte van die Kommissie, wat so dikwels vergader as wat afhandeling van die opdrag vereis – goedgekeur.**

**Barmhartigheidsdiens:** Verwys na Kommissie vir Kommissies vir aanbeveling.

**Aanbeveling 61**

Kennis geneem.

'n Vraag oor die verteenwoordiging van kommissies op die BRKA word verwys na die Kommissie vir Kommissies.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode bevestig die vroeëre standpunt dat by die benoeming van kommissies soveel as prakties moontlik van ouderlinge as kommissielede gebruik gemaak word.**
(Ds LD Pienaar; ds CF Swart).

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode van 1993 van die Afrikaanse Protestantse Kerk betuig sy dank en waardering vir die getuienis wat in die Sinode gelewer is, dat die President van Bophutatswana, mnr. Lucas Mangope, die durf het om sy Christelike getuienis uit te leef deur sy Parlement met Christelike gebed te open. Die Sinode dra dit aan ds. Van der Merwe oor om hierdie mosie van dank persoonlik aan sy president oor te dra.**
(Oudl J du Plessis; ds AL van Heerden).

## 78. VERSLAG: KURATORIUM (VERVOLG) SAKELYS BL 25

Ds A Boshoff lê die res van die verslag voor.

**6.9 Studente**

**6.9.1 Teologiese studente**

**6.9.1.1-6.9.1.2** – Kennis geneem.

**6.9.2 Admissiestudente**

**6.9.2.1-6.9.2.2** – Kennis geneem.

**Aanbeveling 6 goedgekeur:**

**6.10 Die Sinode bemoedig die studente, veral die admissante, om met groot toewyding en verantwoordelikheid as geroepenes te volhard met hulle studies.**

Die Sinode versoek dat die Kuratorium dit aan die studente oordra.

**Aanbeveling 7 goedgekeur:**

**6.11.1 Die Sinode spreek staande sy innige dank teenoor die Here uit wat die afgelope vyf en 'n half jaar die Teologiese Skool in alle opsigte so wonderlik geseën het met dosente, studente, ruimte, fondse, ens., sodat met dankbaarheid teruggekyk kan word op 'n suksesvolle verlede van vestiging en groei, en biddend vooruitgesien kan word op 'n besondere toekoms tot eer van sy Naam.**

Die afgevaardigdes staan en ds. JA Jacobs gaan voor in dankgebed.

**7. Predikantstatus/Proponentskap**

**7.1 Aanmeldings en aansoeke** – Kennis geneem.

**7.2 Die goedgekeurde aansoeke** – Kennis geneem.

Die broeders word versoek om te staan en die Voorsitter spreek dank teenoor die Here uit vir hulle teenwoordigheid.

**8. Oefenaars**

**8.1** Kennis geneem met dank. Ds. ZJ van Rensburg word gevra om op te staan.

**8.2** Kennis geneem met dank. Oef. MJG Botes word ook gevra om op te staan.

**9. Vrye Universiteit**

Kennis geneem met dank.

**10. Beskrywingspunte**

**10.1** Voltydse dosent: Staan oor tot by die behandeling van die verslag van die Finansiële Kommissie.

**Aanbeveling 8** – Kennis geneem.

**10.2 Verduideliking: Na 'n mededeling deur lede van die Ringskommissie dat die betrokke beskrywingspunt ook nie deur die Ring goedgekeur is nie, word besluit dat die hele punt 10.2 gerojeer word.**

**11. Begroting** – Kennis geneem.

**12. Slot** – Kennis geneem met dank.

## 79. ADDENDUMVERSLAG VAN DIE KURATORIUM (Sakelys bl. 173)

**1. Addisionele vergaderings**

**1.1** Kuratoriumvergadering – Kennis geneem.

**1.2** Dagbestuursvergadering – Kennis geneem.

**2. Predikantstatus**

2.1 Aansoeke/Heraansoek:

Kennis geneem. Die broers word gevra om op te staan (ds. DS Fourie is afwesig met verlof van die vergadering).

**3. Aanvullende teologiese opleiding vir predikante en proponente uit ander kerke wat aansoek doen vir predikantstatus in die Afrikaanse Protestantse Kerk.**

**3.1 Die noodsaaklikheid vir aanvullende teologiese opleiding**

3.1.1-3.1.2 – Kennis geneem.

**Aanbeveling 1 goedgekeur soos gewysig:**

**Die Sinode besluit**

1. **dat die Kuratorium sterk gesteun moet word in sy poging om leersuiwerheid en gebondenheid aan belydenis en Kerkorde in die kerkverband te handhaaf;**
2. **dat die Kuratorium, by die behandeling van elke aansoek deur 'n predikant, die reg het om, indien dit as noodsaaklik geoordeel word, 'n predikant te onderwerp aan 'n periode van verdere teologiese opleiding;**
3. **dat die Kuratorium alle proponente uit ander kerkverbande by toelating, volgens meriete, kan onderwerp aan 'n periode van verdere teologiese opleiding;**
4. **dat die Kuratorium alle verdere teologiese opleiding in oorleg met die Raad van dosente reël.**

## 80. VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG
(Sakelys bl. 46)

Die Ondervoorsitter, prof FAH van Staden, neem die Voorsitterstoel in.

Dr. JH Ellis lê die verslag voor.

1. **Personeel:** Kennis geneem.
2. **Vergaderings:** Kennis geneem.
3. **Sake behandel**

3.1 Sake deur vorige Sinodes verwys:

3.1.1 Hersiening van Verbondsonderrighandboeke – Kennis geneem.

**3.1.1.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode neem met dank kennis van die reeks hersiene Verbondsonderrighandboeke asook die handleidings vir Verbondsonderrigvoorgangers en betuig in die besonder sy dank teenoor die Hersieningskommissie, skrywers, kunstenaars, tiksters, redakteurs, eindredakteurs en drukker.**

3.1.2 Satanisme – Kennis geneem.

Bylae JV/1: Onderrig aan ons jeug om die gevare van Satanisme en Okkultisme aan hulle bekend te maak – Kennis geneem.

**3.1.2.1 Aanbeveling goedgekeur:**

1. **Die Sinode spreek sy dank uit teenoor dr. WA Burger en ander medewerkers vir die handleiding "Onderrig aan ons jeug om die gevare van satanisme en okkultisme aan hulle bekend te maak"** (Bylae JV/1).
2. **Die Sinode verwys die saak van Satanisme/Okkultisme terug na die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig om dringend verder aan die aanbevelings in Bylae JV/1 aandag te gee.**

Video's oor Satanisme, versprei deur Media vir Christus.

Oudl. DJ van Vuuren van APK Leonardville bring 'n reeks video's wat Satanisme van verskeie kante belig, onder die Sinode se aandag en vra dat dit gekeur word vir aanbeveling by gemeentes.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die videos oor Satanisme word verwys na TKKEN.**
(Oudl. JF du Plessis; oudl. H Leach).

3.1.3 Gesprek oor die bearbeiding van die Jeug – Kennis geneem.

**3.1.3.1 Aanbeveling goedgekeur soos geamendeer:**

**Die Sinode neem kennis dat die bearbeiding van die jeug onder die aandag van die Kuratorium gebring is vir oorweging as tema vir een van die teologiese dae en versoek die Kuratorium om, in die lig van die feit dat die jeug (voorskool tot naskool) so 'n groot deel van die APK se lidmaattal uitmaak, dit weer te oorweeg by die reël van verdere teologiese dae.**

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode herhaal sy opdrag (3.1.3 Sakelys, bl. 46) aan die Kommissie vir Verbondsonderrig en Jeug, nl. om 'n gesprek te reël ten opsigte van die kruisbestuiwing van gedagtes oor jeugbearbeiding.**

**Motivering**

1. Teologiese dae word slegs deur predikante bygewoon, terwyl alle ander jeugwerkers deur die aanbeveling 3.1.3.1 (bl. 47) uitgesluit word.

2. Teologiese dae word swak bygewoon, wat so 'n belangrike saak net kan benadeel. (Ds. TJ Verryne; ds. HF Jooste).

3.1.4 Hersiening van die pamflet: Reëls bedoel as riglyne vir Verbondsonderrig. (Sakelys bl. 47) Kennis geneem.

Die Bylae JV/2: "Die Beleid van die APK ten opsigte van Verbondsonderrig" (bl. 55) word in behandeling geneem. Van die Bylae word kennis geneem, en die volgende wysigings daarin aangebring:

Onder **1.1**, 2de paragraaf, laaste reël: vervang "lidmate" met "persone".

Onder **3.1**, by **4**. Belydenisklas (16 tot 17 jaar oud): "Leer en lewe" moet wees "Leer en bely".

**Die Sinode verdaag vir koffie om 16:10.**

# WOENSDAG: TWEEDE MIDDAGSITTING

Die vergadering hervat sy werksaamhede om 16:30.

## 81. AFKONDIGINGS EN VOORBIDDING

Verskeie afkondigings word gedoen.

Prof. JC Lombard gaan voor in die Sinode se voorbidding vir br. Francois du Toit wat as gevolg van 'n skietongeluk verlam is en in 'n ernstige toestand verkeer.

## 82. JEUGVERSLAG (VERVOLG)

**3.1.4.1 Aanbeveling** – Kennis geneem.

Amendement op 3.1.4.1 (Sakelys, bl. 47) nie goedgekeur nie:

Die Sinode keur die hersiene pamflet "Die beleid van die APK ten opsigte van Verbondsonderrig" **in beginsel** goed en verwys dit terug na die Permanente Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig vir korreksies en met die opdrag om toe te sien dat die pamflet, sover moontlik, in die hand van elke Verbondsonderrigvoorganger kom.
(Ds. AJ van Niekerk; ds. L Skein).

**Amendement goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat**

1. **die "beleid" hoogstens riglyne kan wees;**
2. **die riglyne terugverwys word na die volgende Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig om dit in samewerking met die volgende KKS te finaliseer, met inagneming van kommentaar wat tydens die Sinode daarop gelewer is.**
(Prof. R Marè; ds. DR Schwartz).

## 83. PERSONEELWISSELING

| Naam | Amp | Gemeente | Wanneer verskyn |
|---|---|---|---|
| M van den Berg | Oudl. | Cornelia | 11/8/1993 |
| FT Erasmus | Oudl. | Arnot-Hendrina | 11/8/1993 Verskyn laat: was self siek. |

## 84a. JEUGVERSLAG (VERVOLG)

**3.1.5 Handleidings vir Jeugaktiwiteite**

**3.1.5.1 Aanbevelings**

1. **Die Sinode neem met dank kennis van die werk van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig rakende die opstel van die programsketse en handleidings – Goedgekeur.**
2. Kennis geneem.

**3.1.6 Skoolverlaters- en Skoolverwisselingskampe.**

Kennis geneem.

**3.1.6.1 Aanbevelings goedgekeur:**

1. **Die Sinode neem met dank kennis van dit wat die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig alles gedoen het ten einde hierdie unieke, maar belangrike, kampe onder die kerk se aandag te bring.**
2. **Die Sinode spreek sy kommer daaroor uit dat sodanige kampe nog nie voldoende landswyd aangebied word nie en versoek weer eens kerkrade, Ringe en Ringsgroepe om dringend aandag te gee aan die organisering van sodanige kampe.**
3. **Die Sinode bring dit onder die aandag van die kerk dat handleidings vir die reël van sodanige kampe by die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig beskikbaar is.**

*3.2* **Nuwe Sake**

**3.2.1** "Die Verbondsgesprek" – Kennis geneem.

Aanbeveling **3.2.1.1** – Kennis geneem.

**Amendement goedgekeur:**

**Die Sinode neem met dank kennis van 'n pamflet wat deur dr. Ellis voorberei word en wat bekend sal wees as "Die Verbondsgesprek".**
(Ds. JA du Plessis; oudl. LA Mitchell).

**3.2.2 Kursus vir Verbondsonderrigvoorgangers**

Kennis geneem.

**3.2.2.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode neem met dank kennis van die kursus wat landswyd vir Verbondsonderrigvoorgangers aangebied is en vertrou dat dit tot groot seën sal wees vir die Verbondsonderrig van ons kerk.**

**3.3.3 Benaming van Jeugaksies**

Kennis geneem.

**3.3.3.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode versoek gemeentes om ter wille van eenvormigheid in die APK die volgende benaminge voortaan vir hulle jeugaksies te gebruik:**
**Voorskool en laerskoolkinders: Junior Verbondsjeug.**
**Hoërskoolkinders: Senior Verbondsjeug.**
**Naskoolse jongmense: Belydende Verbondsjeug.**

**Beswaar ingedien:**

Ondergetekende teken beswaar aan teen die besluit geneem onder 3.3.3.1 en gee kennis dat ek dit verwerp as 'n ingryping in die handelinge van die plaaslike kerk.
(Ds. JA du Plessis)

**3.3.4 Sertifikaat: Junior Verbondsjeug – Kennis geneem.**

**3.3.4.1** Aanbeveling goedgekeur:

**Die Sinode keur die sertifikaat vir die bywoning van die Junior Verbondsjeug goed en versoek gemeentes om, sover moontlik, daarvan gebruik te maak.**

**3.3.5** Uitstalling – Kennis geneem

**3.3.5.1** Aanbeveling – Kennis geneem

**4. Beskrywingspunte** – Kennis geneem

**4.1.1 Aanbeveling gewysig en goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunte van Olifantshoek oor geloofsekerheid by VBO-personeel en wil ouderlingvergaderings se aandag weer eens daarop vestig (KO artikel 21) om erns te maak met wie betrokke is by die aanbied van Verbondsonderrig.**

**4.2** Verbondsonderrigseël – Kennis geneem

**4.2.1 Aanbeveling gewysig en goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van Olifantshoek oor bevordering van swak presteerders in VBO-klasse en bring dit onder aandag van ouderlingevergaderings (KO Artikel 21) om ernstig te waak oor die bywoning van die Verbondsonderrigklasse deur die kinders**

**4.3 Standaardtoets** – Kennis geneem

**4.3.1** Aanbeveling – Kennis geneem.

5. Begroting – Staan oor tot FK-verslag behandel word.

6. SLOT – Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir sy verslag en neem weer die voorsitterstoel in om 17:25. Hy bedank prof. Van Staden wat as Voorsitter waargeneem het.

Hy reël dat die brosjure: ELKEEN, ORAL GESTUURDE, wat die sendingbeleid van die APK bevat, gratis aan alle afgevaardigdes beskikbaar gestel word.

## 84b. VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING voorgelê deur dr HJ Smith (Sakelys bl 60)

**1. Personeel** – Kennis geneem.

**2. Vergaderings** – Kennis geneem.

**3. Sake behandel**

**3.1 Geslagsvoorligting op Skole** – Kennis geneem.

**Aanbevelings goedgekeur:**

**3.1.1 Die Sinode versoek kerkrade om ouers te motiveer om hulle daarteen te verset dat geslagsvoorligting binne skoolverband aangebied word.**

**3.1.2 Die Sinode versoek kerkrade om verbondsouers op te roep om in afhanklikheid van die gesag van die Woord van God ons kinders op te voed volgens sy Woord.**

**3.2 Samewerking met die CVO-Beweging ("6.2" moet lees "3.2")** – Kennis geneem.

**Aanbeveling 3.2.1 soos volg gewysig en goedgekeur:**

**Die Sinode neem oor die algemeen, met groot dank, kennis van die grondslag van die Beweging vir Christelik- volkskeie Onderwys, soos vervat in die grondwet van die Beweging vir CVO, as 'n raamwerk waarbinne die Afrikaanse Protestantse Kerk sy eie ideale vir die onderwys van verbondskinders verwesenlik kan sien (Kyk Bylae OO/A).**

Voorstel goedgekeur:

**Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys**

**Die Sinode neem met groot dank kennis van die geseënde werk en getuienis van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, gedurende die afgelope 43 jaar in belang van Christelike onderwys.**
(Dr. JC Lombard; ds. FJ van der Merwe).

## 85. VERLOFAANSOEKE

**Die volgende verlofaansoeke word op aanbeveling van die Verlofkommissie goedgekeur.**

Dr E Friis (APK Johannesburg), 16:00-18:00, 11 Aug 1993
Oudl. JU Smith (APK Alberton), 18:00-21:00, 11 Aug 1993
Oudl. DJS Jacobs (APK Marble Hall), 18:00-21:00, 11 Aug 1993
Ds FJ Engelbrecht (APK Messina/Weipe), 11:00-13:00, 12 Aug 1993
Ds JH Theron (Klerksdorp), 11:00-21:00, 13 Aug 1993
Ds JH Theron (Klerksdorp), 08:00-11:00, 14 Aug 1993
Oudl. MCA Seyffert (Klerksdorp), 11:00-21:00, 13 Aug 1993
Oudl. MCA Seyffert (Klerksdorp), 08:00-11:00, 14 Aug 1993
Oudl. MH Maree (Klerksdorp), 11:00-21:00, 13 Aug 1993
Oudl. MH Maree (Klerksdorp), 08:00-11:00, 14 Aug 1993
Diak. DS Greyling (APK Boksburg), 08:00-21:00, 11 Aug 1993
Ds JH van Vuuren (APK Kareedouw), 08:00-11:00, 14 Aug 1993
Ds JD van der Merwe (APK Frankfort), 08:00-16:00, 13 Aug 1993
Oudl. BD Bothma (APK Kareedouw), 08:00-11:00, 14 Aug 1993
Ds PS van Staden (APK Jagersfontein), 16:00-19:00, 11 Aug 1993
Oudl. JTM Rautenbach (APK Kareedouw), 08:00-11:00, 14 Aug 1993
Ds P van Rensburg (APK Gordonia), 11:00-12:00, 11 Aug 1993
Diak. OG van Rooyen (APK Moot-Sentraal), 08:00-10:00, 12 Aug 1993
Oudl. BN Genis (APK Roedtan), 11:00-21:00, 11 Aug 1993
Oudl. HJ Visser (Zeerust), 11:05-21:00, 11 Aug 1993
Oudl. HJS van der Merwe (APK Bainsvlei), 19:00-21:00, 13 Aug 1993
Oudl. PJ Jones (APK Zeerust), 14:00-16:00, 11 Aug 1993
Ds L du Toit (APK Louis Trichardt) 14:00-18:00, 11 Aug 1993
Ds JB Trollip (APK De Aar), 14:30-18:00, 11 Aug 1993
Ds L de Waal (APK Cornelia), 14:00-21:00, 11 Aug 1993; 08:00-21:00, 12 Aug 1993
Oudl. SA Pienaar (APK Buhrmannsdrif), 14:00-16:00, 12 Aug 1993
Oudl. DP Kahts (APK Alexandria), 12:00-16:00, 12 Aug 1993
Oudl. ASH Jonk (APK Alberton), 18:00-21:00, 12 Aug 1993
Oudl. JL Erasmus (APK Vryheid), 18:00-21:00, 11 Aug 1993
Ds WA Jooste (APK Roodepoort), 18:00-21:30, 11 Aug 1993

# AANDSESSIE – WOENSDAG 11 AUGUSTUS 1993 – 19:00

Samesang word gelei deur prof. JC Lombard waarna die werksaamhede van die Sinode hervat word.

## 86. ORDEMOSIE

Die Sinode verbind hom daartoe om môre-oggend (12 Augustus 1993) so vroeg moontlik die FK se verslag te behandel.

**Motivering**

'n Verskeidenheid van sake kon gister en vandag nie afgehandel word nie omdat die FK se verslag nog nie behandel is nie. Om verdere vertraging en 'n onnodige ophoping van sodanige sake te voorkom, moet die FK-verslag onverwyld, so gou as moontlik aandag geniet. 'n Verdere problematiese gevolg van sodanige ophoping van sake is dat daar dan binne een kommissie se verslag so 'n uiteenlopende verskeidenheid van sake sal wees wat verwarring en gebrekkige oorweging deur die afgevaardigdes tot gevolg kan hê.
(Ds. HF Jooste).

Die ordemosie word so aanvaar.

**NOTULE**

Die Voorsitter stel die notule aan die orde:

## 87. NOTULE: AANDSESSIE – EERSTE SITTINGSDAG ASOOK TWEEDE SITTINGSDAG TOT DINSDAG 10 AUGUSTUS 1993 13:00

**Goedgekeur met die nodige wysigings aangebring op die meester vir die finale kopie.**

Die Voorsitter bedank die Skribaat en die Notulekommissie.

## 88. VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING (vervolg) (Sakelys bl. 60)

**3.2.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode spreek sy opregte dank uit vir die inisiatief wat deur die Beweging vir CVO (BCVO) geneem is en bid hom, en alle belanghebbendes, die seën van die Here toe.**

3.3 Besoek aan Minister van Onderwys en Kultuur; Administrasie: Volksraad

Kennis geneem.

**3.3.1 Aanbeveling goedgekeur:**
**Die Sinode neem kennis en bevestig sy begeerte dat die kanale vir toekomstige skakeling met die Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad, oop sal bly.**

Wenk: 'n Onderwysforum word deur die Ministerie van Onderwys gestig waar insette vir verbondsjeug gelewer kan word.

4.1 Skrywe van die Kerkraad van Memel – Kennis geneem.

4.2 Aanbeveling

**4.2.1 Aanbeveling gewysig goedgekeur:**

**Die Sinode verwys die saak van Memel na kerkrade en versoek hulle om verbondsouers en opvoeders te waarsku teen die Lozanov leermetode en ander soortgelyke metodes. 'n Gelowig-kritiese benadering moet gevolg word en die volgende "sielkundige" metodes moet vermy word:**

1. **dié waarvan die strewe tot menslike selfverwesenliking buite-om die grondige erkenning van ons sondige aard (vgl. HK So. 3) en die verlossing slegs in Jesus Christus, openlik of versweë voorgehou word. Sulke metodes lê in die verlengde van die moderne humanisme en bied 'n gerieflike aanknopingspunt vir die New Age-beweging;**

2. **dié waarvan die Christelik-antropologiese kwaliteit nog nie deeglik getoets en beproef is nie. Sommige van dié metodes kan byvoorbeeld die onbewuste besonder vatbaar maak vir suggestiewe indrukke van buite waardeur ongewenste inhoude probleemloos aan die ontvanger oorgedra kan word. Veral die kind, wat nog besonder vatbaar vir sulke indrukke is, kan moontlik daardeur "geskool" word om gemaklik toeganklik te raak ook vir ander invloede – waaronder die demoniese.**

5. Skrywe van die Ring van Memel – Kennis geneem.

5.1 Kennis geneem.

**6. Aanbeveling goedgekeur:**

**Die sesde Sinode bid vir br. A Gerber, LP van Brits, die woordvoerder van die Konserwatiewe Party, sterkte toe en sien uit na sy bydrae ten opsigte van CVO.**

Die besluit moet skriftelik aan mnr. Gerber oorgedra word.

7. Begroting

7.1 Kennis geneem en verwys na FK.

**8. Beskrywingspunte**

**8.1 Ring van Beaufort-Wes** – Kennis geneem.

**8.1.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode beveel aan dat gemeentes finansiële bystand verleen aan die kinders in hulle gemeenskap wat CVO skole wil bywoon, maar dit nie kan bekostig nie.**

8.2 Ring van De Aar – Kennis geneem.

**8.2.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die SKK met die regering in gesprek tree oor die toekoms van CVO skole in die nuwe bedeling, sodat die reg van privaat- en kerkskole in 'n nuwe grondwet beskerm word.**

8.3 Ring van Nelspruit – Kennis geneem.

**8.3.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Vanweë praktiese probleme wat kan ontstaan beveel die Sinode nie aan dat kinders van die Religieuse Studie-periode in skole onttrek en deur ouderlinge onderrig word nie.**

8.4 Beskrywingspunt ingedien deur Ring van Nelspruit – Kennis geneem.

**8.4.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Kerkraad van Nelspruit waarvolgens die regering versoek moet word om Christelike onderwys te handhaaf. Daar is alreeds 'n brief aan die Minister geskryf in dié verband. Die Sinode roep egter alle ouers op om betrokke te raak by die opvoeding van hulle kinders.** (Kyk oproep onder punt 9.)

**9. Oproep**

**Aanbeveling gewysig goedgekeur:**

**9.1 Die Sinode roep ouderlingvergaderinge op om toe te sien dat verbondsouers**

**9.1a. daadwerklik uitvoering gee aan hulle verbondsbelofte om hulle kinders in die leer van die kerk te onderrig en laat onderrig. Om hieraan te voldoen, moet verbondsouers betrokke wees by die bestuur en beheer van hulle kinders se skole ten einde die Christelike karakter van die skole te bewaar, wat pertinent insluit Christelike vakonderrig in al die vakke wat aangebied word, en onderrig in die Christelike lewens- en wêreldbeskouing wat alle lewensterreine omvat;**
(Prof. JC Lombard; ds. FJ van der Merwe)

**9.1b waar moontlik, aangemoedig word om hulle kinders na CVO-skole te stuur, en hulle te beywer vir die oprigting en instandhouding van CVO-skole.**

**9.2 Aanbeveling gewysig goedgekeur:**

**In die lig van die verdwyning van Godsdiensonderrig uit die leerplanne van die staatskole, versoek die Sinode ouderlingevergaderinge dat die Verbondsonderrig toenemend groter aandag ontvang.**

**Besluit: pt. 9 moet in die Herderlike Brief opgeneem word.**

10. Brief aan Minister van Onderwys en Kultuur – Kennis geneem.

11. Slot – Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag.

## 89. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KAPELAANSDIENSTE (SAKELYS BL. 75)

Ds CD Koen lig die verslag toe.

Kennis geneem van punte 1-5.

5.1 Kennis geneem met groot dank.

5.2-5.5 – Kennis geneem.

5.6 Begroting – Staan oor totdat die verslag van die FK behandel word.

6. Aanbeveling

**6.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode beveel by elke leraar in wie se gemeente 'n opleidingseenheid bestaan, aan om aansoek te doen om aanstelling as deeltydse kapelaan. Sodoende kry hy toegang tot die troepe en kan hy ongehinderd kapelaansperiodes lei.**

6.2 – Kennis geneem.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die leraar van Verwoerdburg in sy hoedanigheid as skakelkapelaan vir ons kerkverband by die Kapelaan-generaal van die SA Weermag aangebied word.**

**Die Kapelaan-generaal moet dringend hiervan in kennis gestel word, sodat die skakelkapelaan onmiddellik met sy werk kan begin.**
(Oudl. HI Claasen; ds. RMJ Britz)

**Motivering**

1. 'n Skakelkapelaan is die amptelike kommunikasiekanaal tussen die kerkverband en die SA Weermag, wat meebring dat informasie amptelik beskikbaar is en dadelik deurgevoer word na ons kerkverband. Enige navrae oor klagtes oor ons lidmate in die weermag word via die skakelkapelaan dadelik hanteer.
2. Die skakelkapelaan het toegang tot bevelselemente by alle weermagkampe. Dit is die plan om die plaaslike leraar waar daar weermageenhede bestaan, by te staan met reëlings om vryelik toegang te hê tot dienspligtiges vir geestelike werk.

**6.3 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode neem met dank kennis van die verantwoordelikheid waarmee die kerkraad van Verwoerdburg die werk onderskraag.**

**6.4 Aanbeveling gewysig goedgekeur:**

**Die Sinode neem met dank kennis van die feit dat, in sover dit die SAP aanbetref, by die 2 plekke van opleiding, nl. Pretoria-Wes en Maleoskop, daar groot werk gedoen word om die jongmanne geestelik te bearbei. Dit is verblydend dat hulle spontaan by die plaaslike gemeente inskakel. Dit word aan die SKK opgedra om bystand te verleen aan die plaaslike gemeente indien daarom gevra word.**

**6.5 Aanbeveling gewysig goedgekeur:**

**Die Sinode neem met dank kennis van die feit dat werk onder gevangenes in Pretoria effektief deur die leraar van APK Moot-Sentraal, ds AE van den Berg gedoen word. Leraars elders, waar daar gevangenisse binne gemeentegrense bestaan, word aangemoedig om op amptelike wyse by die bediening van gevangenes betrokke te raak.**

**6.6 Aanbeveling gewysig goedgekeur:**

**Die Sinode gee opdrag aan die SKK om gedurende September (of so gou moontlik daarna) te vergader om die nuwe dienspligstelsel te ondersoek en die nodige besluite daaromtrent te neem.**

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode doen 'n beroep op alle APK-gemeentes en lidmate om gereeld voorbidding vir ons weermagdienspligtiges, polisiestudente asook die bearbeiding van gevangenes te doen.**
(Oudl. PL le Roux; ds AP Viljoen)

7. Kennis geneem.

**Die Sinode besluit dat pt. 7 van die verslag van die Kommissie vir Kapelaansdienste soos volg gewysig word:**

**"Hiermee vertrou u kommissie dat hy sy opdrag uitgevoer het en bid hy ..."**
(Dr EM Viljoen; oudl. FJ Jooste)

Die Voorsitter bedank die kommissie vir die verslag.

## 90. VERSLAG : KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE (Sakelys bl. 77)

Ds AE van den Berg lig die verslag toe.

**1. Algemeen**

1.1-1.2 – Kennis geneem.

**2. Sake behandel**

2.1-2.3 – Kennis geneem.

**2.3.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om deur sy Kommissie vir Barmhartigheidsdienste 'n skrywe aan alle gemeentes te rig waarin hulle versoek word om 'n adreslys saam te stel van lidmate en/of inrigtings wat ons kerk goedgesind is en bereid is om verblyf en ondersteuning te verskaf aan buitepasiënte en hulle families wat lidmate van ons kerk is.**

2.4 Kennis geneem.

2.4.1 Aanbeveling

**2.4.1.1 Aanbeveling gewysig goedgekeur:**

**Die Sinode keur dit goed dat die Kommissie (in samewerking met die BRKA) 'n fonds kan stig waaruit behoeftige lidmate in gevangenisse, of hulle familie, deur hulle diakonie gehelp kan word.**

**2.4.1.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode versoek gemeentes om kwartaalliks/jaarliks 'n deurkollekte te hou om die fonds vir behoeftige persone in gevangenisse aan te vul.**

**2.4.1.3 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode verleen goedkeuring aan sy Kommissie of die tydelike Kommissie vir Barmhartigheidsdienste om nog tydens die sinodesitting 'n skrywe aan gemeentes te rig rakende die ondersteuningsfonds.**

**3. Beskrywingspunte ontvang**

3.1 – Kennis geneem. (Die saak het wel via die Ring op die sinodetafel gekom.)

**3.1.1.1 Aanbevelings goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.**

**3.1.1.2 Aanbeveling gewysig goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om d.m.v. Die Boodskapper en 'n skrywe aan kerkrade, die volgende inligting deur te gee:**

**Die Sinode inisieer nie barmhartigheidsdienste nie. Elke gemeente moet self 'n plan van aksie loods vir die versorging van bejaardes. Dit kan op Ringsvlak georganiseer word.**

**Elke gemeente wat nog nie oor 'n eie kerkgebou beskik nie, behoort voorsiening te maak vir die verkryging van 'n terrein wat ruim genoeg is om bv. 'n selfboueenheid vir bejaardes te begin.**

**3.2 Maatskaplike werker**

Verwys die saak na die TKKS. Staan oor tot by die verslag van die KKS.

**4. Begroting** – Kennis geneem.

**4.1.1 Wysiging in bewoording van aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode keur 'n bedrag van R10000 goed vir die kommissiewerksaamhede tot by die volgende Sinode.**
(Prof R Marè; ds DR Schwartz)

Kennis geneem. Dit staan oor tot by die verslag van die Finansiële Kommissie

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode van die AP Kerke in kerkverband in vergadering te Pretoria het met leedwese kennis geneem van slagoffers van die rewolusie waaronder ook lidmate van ons en ander kerke.**

**Dientengevolge is daar dikwels groot mediese koste naas ander skade, hartseer en ellende.**

**Die geringste naas die meegevoelbetuiging deur die owerheid, is seker die begeerte en verwagting van die onderdane dat die owerheid/staat vir die hospitaal- en mediese koste in hierdie gevalle verantwoordelikheid sal neem en dit aanspreek.**
(Ds. JA du Plessis; ds. MJ Hartzenberg)

**Besluit: Hierdie voorstel sal in die Mediaverslag opgeneem word**

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag.

## 91. VERSLAG: KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (Sakelys bl. 80)

Ds CJJ van Rensburg lig die verslag toe

**1. Vir kennisname**

1.1-1.3 – Kennis geneem

2. **Vir goedkeuring**

2.1 **Aanbevelings**

2.1.1 – Kennis geneem

2.1.2 Kennis geneem. Die saak is afgehandel met die verskyning van die pamflet "Elkeen, oral gestuurde".

2.1.2.1 Kennis geneem met dank.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**2.1.3 Uitvoer van die sendingopdrag**

**Die Sinode besluit dat die volgende riglyne vir die praktiese uitvoering van die sendingopdrag vir moontlike gebruik deur die plaaslike gemeente goedgekeur word:**

**2.1.3.1 Elke plaaslike gemeente kan deur sy lidmate traktate en leesstof, wat deur die kerkraad goedgekeur is, versprei.**

**2.1.3.2 Bybels, wat aangekoop is in alle tale, kan deur die kerkraad versprei word.**

**2.1.3.3 Die jeugaksie van elke plaaslike gemeente kan betrek word in die uitwerk van strategie om praktiese uitvoering te gee aan bovermelde sake.**

2.1.4-2.1.5 – Kennis geneem.

**Die Sinode verdaag om 20:35 vir tee.**

**Die Sinode hervat sy werksaamhede om 20:45**

## 92. VERSLAG: KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (Vervolg)

2.1.6-2.1.7 – Kennis geneem.

3. **Beskrywingspunte** – Kennis geneem.

4. **Slot** – Kennis geneem.

Van bl. 82 tot 84 word kennis geneem met dien verstande dat dit bloot riglyne (en nie 'n "beleid" nie) is.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis dat die Tydelike Kommissie vir Sending en Evangelisasie nie sal konstitueer nie en dat 'n verslag dus nie voor die Sinode sal dien nie.**
(Ds CJJ van Rensburg; oudl. JN de Wet)

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag.

Die vergadering neem kennis dat ds PK Roodt sonder toestemming afwesig is van die vergadering. 'n Verskoning sal van hom gevra word.

## 93. VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (Sakelys bl. 85)

Ds JH van der Walt dra die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem.

2. **Lasgewing** – Kennis geneem.

3. **Vergaderings – Kennis geneem.**

4. **Sake behandel**

Kennis geneem met dank aan die Publikasiekomitee.

5. **Verskyning van die Kerkboek**

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag.

## 94. SITTINGSTYE

Die sittingsure vir die vierde sittingsdag word soos volg gewysig:

| | |
|---|---|
| Tee | 10:30 – 10:50 |
| Middagete | 13:00 – 13:45 |
| Aandete | 18:00 – 18:45 |
| Afsluiting | 21:15 |

Die Sinode verdaag om 21:20 ná gebed deur oudl. IJ Roodt van APK Buhrmannsdrif.

# VIERDE SITTINGSDAG – DONDERDAG 12 AUGUSTUS 1993 08:00 OGGENDSITTING

## 95. BIDSTOND

Na samesang gelei deur ds. JH Theron vra die Ondervoorsitter oudl. AGS Gous (APK Barkly-Wes) om die bidstond te lei. Hy laat sing Ps. 146:1, 6, 8, lees Ex. 3:1-17 en Ex. 4:10-17 en gee geleentheid vir enkele gebede. Gs. 34:1, 3, 6 word gesing.

Die Ondervoorsitter bedank hom daarvoor.

Die Voorsitter neem die stoel in en bedank die Ondervoorsitter dat hy die vergadering gelei het.

## 96. AFKONDIGINGS

Die sittingsure word soos volg vasgestel:

| | |
|---|---|
| Teetyd | 10:3-10:50 |
| Middagete | 13:00-13:45 |
| Aandete | 18:00-18:45 |

## 97. PERSONEELWYSIGING

Oudl. GJ Maartens (APK Johannesburg) verskyn as sekunduslid ter vergadering.

## 98. BEDANKING

Ds. WA Jooste bedank die vergadering, die Voorsitter en die APK in geheel vir ondersteuning in die tyd van beproewing.

## 99. EVANGELISASIE

Voorstel goedgekeur:

**Die Sinode besluit om dit op te dra aan die Publikasiekommissie om praktiese riglyne uit te werk ten opsigte van die doen van praktiese Evangelisasie- en Sendingwerk deur plaaslike kerkrade en dit in Die Boodskapper te publiseer.**
(Dr. JC Lombard; ds. CJJ van Rensburg).

Die Ondervoorsitter neem die stoel.

## 100. VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (bl. 154)

Die verslag word voorgedra deur ds. AP Boshoff.

1. Personeel – Kennis geneem.

2. Vergaderings – Kennis geneem.

3. Vir kennisname

3.1-3.4 Kennis geneem.

**3.4.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode herhaal sy opdrag van 1991 aan die Permanente Kommissie vir die Kerkargief om voort te gaan met die ontwerp van 'n dooplidmaatregister.**

**Voorstel goedgekeur:**

**Gemeentes word gevra om lidmaatregisters steeds in stand te hou en nie net van 'n rekenaar gebruik te maak nie.**

**Motivering**

Inligting op die rekenaar kan baie maklik vernietig word.
(Ds. JA Jacobs; dr. JC Lombard).

4. Wysiging van lasgewing

4.1 Kennis geneem.

**4.1.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om punt 1 van die lasgewing soos volg te wysig:**

**Voeg by na die kommapunt 'n nuwe sin: "Vir die groot verantwoordelikheid en taak van die bewaring van alle argiefmateriaal in gemeentelike, Rings- en sinodale verband – is kerklike liggame (Kerkraad, Ring, Sinode en sinodale kommissies) die eerste bron en hulp".**

4.2 Kennis geneem.

**4.2.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om lasgewing C1 verder uit te brei met die volgende besluit: "Die skribas van die Kerkrade, Ringe, Sinodes en sinodale kommissies het as deel van hulle opdrag dat hulle die verantwoordelike persone vir versameling van argiefmateriaal en skakelpersoon met die Kommissie vir die Kerkargief is".**

4.3 Inrigting van argiewe

**4.3.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om lasgewing C8 te wysig om soos volg te lees: "skakel voortdurend met Kerkrade, Ringe en permanente kommissies met die oog op argiefbewustheid".**

5. Voorligting – Kennis geneem.

5.1 Aanbeveling

**5.1.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die Permanente Kommissie vir die Kerkargief 'n opvoedingsaksie rondom bewaring, inligting en skoling waarby skribas betrek word, van stapel sal stuur.**

5.1.2 Staan oor tot by die Finansiële Kommissie se verslag.

6. Argivaris

6.1 Aanbeveling staan oor tot by die behandeling van die Finansiële Kommissie se verslag.

7. Beskrywingspunte

7.1 Kennis geneem.

**7.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode keur dit goed dat kerkrade jaarliks 'n netjiese fotostatiese afdruk van goeie kwaliteit van die volledige lidmate- en dooporegisters aan die Ring voorsien vir deursending aan die Sentrale Kerkkantoor.**

Die volgende voorstel word nie aanvaar nie:

Die Sinode besluit dat elke gemeente 'n huweikregister aanhou wat volledig ingevul word. (Ds. JA Jacobs; ds. FJ van der Merwe).

8. Ander sake

8.1 Kennis geneem . Voeg by: Ds. JA de Beer (APK Namakwaland).

9. Begroting – Kennis geneem. Dit staan oor tot by die behandeling van die Finansiële Kommissie se verslag.

10. Slot – Kennis geneem ("8" moet wees "10").

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag.

## 101. VERSLAG: TWEEDE VERSLAG VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE INSAKE "EKKLESIA" (bl. 156)

1. Lede van die Kommissie – Kennis geneem.

2. Personeel – Kennis geneem.

3. Vergaderings – Kennis geneem.

4. Sinodale opdragte

4.1-4.2 Kennis geneem.

5. Verslag aan Sinode 1993

5.1-5.2 – Kennis geneem.

6. Studiemateriaal – Kennis geneem.

7. Bybelse gegewens

7.1-7.3.4 – Kennis geneem.

8. Kerkregtelike beginsels

8.1-8.5 – Kennis geneem.

9. Terminologie

9.1-9.5 – Kennis geneem.

10. Aanbevelings

**10.1 Aanbevelings goedgekeur:**

**Die Sinode besluit die naam van die APK soos vasgestel op die Sinode 1987 bly onveranderd soos dit ook op die voorblad van die Kerkordeboekie 1991, verskyn. (Let wel: Die enkelvoud hier bedoel om die versamelnaam van die Afrikaanse Protestantse Kerke in kerkverband te wees en beteken nie dat die kerkverband gelyk is aan 'n nuwe struktuur oorkoepelend oor die plaaslike kerke nie. So kan daar bv. nie gepraat word van lidmaatskap van die APK nie, maar wel van lidmaatskap van bv. die APK Bloemfontein).**

**10.2 Die Sinode besluit artikel 1 van die Kerkorde word verdeel onder die begrippe Kerkverband en Belydenisgrondslag en word verder gewysig om soos volg te lees:**

**"1.1 Kerkverband**

**Die Kerkorde is die gemeenskaplike akkoord deur die plaaslike kerke (gemeentes) wat in die kerkverband met mekaar saamlewe, gegrond op die eenheid in Skrif en Belydenis.**

**1.2 Belydenisgrondslag**

**1.2.1 Die Afrikaanse Protestantse Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel, is vervat in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.**

**1.2.2 Die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius word as historiese algemene belydenisskrifte aanvaar".**

11. Slot – Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag.

## 102. PERSONEELWYSIGINGS

Die Voorsitter hou die volgende personeelwysigings voor:

Oudl. WA Boshoff (APK Delmas), 12 Augustus 1993
Oudl. GA Janecke (APK Frankfort), 12 Augustus 1993
Diak. JJ Schabort (APK Frankfort), 12 Aug. 1993
Diak. PH Niemann (APK Hertzogville), 12 Augustus 1993
Oudl. OW Smith (APK Hluhluwe), 12 Augustus 1993
Diak. J Steyn (APK Louwna), 12 Augustus 1993
Diak. GJ Hayward (APK Louwna), 12 Augustus 1993
Oudl. G Wolvaardt (APK Naboomspruit), 12 Augustus 1993
Oudl. JJ van der Bank (APK Rustenburg), 12 Augustus 1993
Oudl. PW Jooste (APK Sasolburg), 12 Augustus 1993
Oudl. PL Janse van Rensburg (APK Ventersdorp), 12 Augustus 1993
Oudl. JH Gauché (APK Vryheid), 12 Augustus 1993
Oudl. JJ Opperman (APK Warmbad), 12 Augustus 1993
Diak. BC Gildenhuys (APK Waterberg), 12 Augustus 1993
Oudl. GE Liversage (APK Roedtan), 12 Augustus 1993
Oudl. WH van Schalkwyk (APK Roedtan), 12 Augustus 1993

## 103. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING (bl. 102)

Die verslag word voorgedra deur drs. S Botes.

1. Personeel – Kennis geneem.

2. Vergaderings – Kennis geneem.

3. Opdrag aan die Kommissie

3.1-3.3 – Kennis geneem.

3.4 Aanbeveling

**Aanbevelings goedgekeur:**

**3.4.1 Die Sinode keur die besluit van die kommissie goed om hom voorlopig toe te lê op die uitwerk van gidse vir die bestudering van verskillende Bybelboeke, en beveel dit ernstig by lidmate aan om getrou aan Bybelstudie mee te doen.**

**3.4.2 Die Sinode neem kennis van die feitelike toestand rondom 'n gereelde vraerubriek in Die Boodskapper, maar wil tog lidmate aanmoedig om gereeld vrae na die redaksie van Die Boodskapper te stuur rondom Skrifverklaring en Kerkleer.**

**3.4.3 Ten opsigte van kommentare wil die Sinode sy waardering uitspreek teenoor diegene wat besig is met die saamstel van sodanige werke, en wil dit aanmoedig om waar moontlik sulke ondernemings aan te pak, gesien die behoefte aan betroubare behoudende kommentare.**

4. Werksaamhede van lede van die Kommissie

4.1-4.10 – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**4.11 Die Sinode neem met waardering kennis van die werk gedoen deur die lede van die Kommissie en bid hulle seën en sterkte toe met die voortsetting en voltooiing van hulle groot taak.**

5. Keuring van werk deur Kommissie se lede

5.1 Kennis geneem.

6. Afkortings van name van Bybelboeke

6.1 Kennis geneem.

6.2 Aanbevelings

**Aanbevelings goedgekeur:**

**6.2.1 Die Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid dat aan elke leraar 'n lys van afkortings van die name van die Bybelboeke, soos deur die Publikasiekomitee verkies, gestuur sal word.**

**6.2.2 Die Sinode besluit dat alleen hierdie afkortings gebruik moet word, en om alle misverstand te voorkom, moet voor in elke werk 'n lys van die gebruikte afkortings van die name van die Bybelboeke gepubliseer word.**

7. Dagstukkies vir Jaarboek 1994

7.1 Kennis geneem.

7.2 Aanbeveling

**Aanbeveling goedgekeur:**

**7.2.1 Die Sinode boekstaaf sy dank vir die bereidwilligheid van die betrokke lede van die kommissie om te midde van druk programme die taak te onderneem om dagstukkies op te stel vir die Jaarboek 1994, en bid dat hulle arbeid geseënd mag wees.**

8. Beskrywingspunt

8.1 Kennis geneem.

8.2 Aanbevelings

**Aanbevelings goedgekeur:**

**8.2.1 Die Sinode keur die opstel van 'n Bybelstudie rondom die drie Formuliere van Eenheid goed en versoek alle kerkrade van die Afrikaanse Protestantse Kerke om toe te sien**

**dat hierdie Bybelstudie deur soveel as moontlik lidmate deurgewerk word. Die Sinode keur ook verder goed dat die Bybelstudie stap vir stap in Die Boodskapper behandel word.**

**8.2.2 Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Bybelvertaling om die nodige gids vir Bybelstudie rondom die Formuliere van Eenheid so spoedig moontlik op te stel.**

**9.** Besinning oor voortbestaan van die Kommissie

**9.1** Kennis geneem.

**9.2** Aanbeveling

**Aanbeveling goedgekeur:**

**9.2.1 Die Sinode besluit dat die naam van die Kommissie voortaan sal wees: Kommissie vir BYBELVERKLARING.**

**Aanbeveling gewysig goedgekeur:**

**9.2.2 Die komitee sal bestaan uit agt lede, wat kundiges insluit t.o.v. die Ou Testament, die Nuwe Testament, en veral die Belydenisskrifte.**

**Aanbeveling goedgekeur:**

**9.2.3 Die Sinode pas sy vorige opdrag soos volg aan: Die Sinode dra dit aan sy Kommissie vir Bybelverklaring op om die APK te voorsien van Skrifgetroue materiaal wat gebruik kan word by Bybelstudie. Die studiemateriaal moet die ortodokse gereformeerde standpunte met betrekking tot Skrifverklaring en Kerkleer duidelik weerspieël. Ook word aan die Kommissie opgedra om waar moontlik kommentare te publiseer.**

**10.** Begroting

Staan oor tot by die behandeling van die verslag van die Finansiële Kommissie.

**11.** Slot – Kennis geneem.

Die Kommissie word bedank vir die verslag in sy geheel.

**VOORSITTERSTOEL**

Die Voorsitter neem weer die stoel in.

**VERSKONING: DS PK ROODT**

Die Voorsitter lê die verskoning van ds. PK Roodt aan die vergadering voor. Dit word aanvaar.

**GELUKWENSING**

Ds. P van Rensburg (APK Gordonia) word hartlik gelukgewens met sy verjaardag vandag.

## 104. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME (Sakelys bl. 88)

Die verslag word voorgedra deur oudl. JF du Plessis.

**1.** Personeel

**1.1-1.4** – Kennis geneem.

**2.** Vergaderings – Kennis geneem.

**3.** Sake deur vorige Sinodes verwys na die PKKEN

**3.1** Geloofsvryheid – Kennis geneem.

**3.1.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode aanvaar die standpunte ten opsigte van geloofsvryheid en godsdiensvryheid, soos vervat in die studiestuk, as riglyne in dié verband. (Vgl. Studiestuk – Geloofsvryheid en Godsdiensvryheid, Bylae KEN.1.)**

**3.2** Karate – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**3.2.1 Die Sinode verwys die opdrag terug na die volgende PKKEN aangesien die persone, t.w. drs. S Botes en dr. G Nel, die werksopdrag nie voltooi het nie.**

**Voorstel goedgekeur:**

**"Die Sinode spreek sy teleurstelling daaroor uit dat die indiepte-studie oor karate nie voor hierdie Sinode dien nie en vra 'n verduideliking van die Kommissie".**
(Ds. DJ Malan; oudl. OF Jeffrey).

**Motivering**

1. Die saak staan nou al vir etlike jare oor.
2. Die Sinode stel homself in die verleentheid as sake na Permanente Kommissies verwys word en dit nie voltooi word nie.

**3.3** Tentmakersbediening – Kennis geneem (tot net voor punt 3.3.1).

Die Verslag word voor punt 3.3.1 onderbreek.

## 105. BYBELGENOOTSKAP

Die Voorsitter verwelkom ds. S Boshoff, Algemene Sekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, en ds. M Steyn, Streeksekretaris van die Bybelgenootskap, in die vergadering.

## 106. VERSLAG: Verteenwoordigers by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (bl. 10)

Die verslag word voorgedra deur ds. WA Jooste.

1. Personeel – Kennis geneem.

2. Vergaderings – Kennis geneem.

3. Aparte verslag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aan die Afrikaanse Protestantse Kerk 1993 (Kyk Bylae A)

3.1 Vertaling en teksversorging, produksie en verspreiding – Kennis geneem.

**Die volgende aanbevelings word goedgekeur:**

**3.1.1 Die Sinode neem kennis van die pragtige, geseënde werk wat gedoen is deur die Bybelgenootskap van SA.**

**3.1.2 Die Sinode neem kennis daarvan dat 63361 eksemplare van die ou Afrikaanse vertaling (1953) gedurende 1992 versprei is. Dit verteenwoordig bykans 50% van die totale verspreiding van die Nuwe Afrikaanse vertaling (1983) wat versprei is. Hieruit blyk dit dus duidelik dat die Bybelgenootskap altyd genoegsame OAV (1953) Bybels beskikbaar sal moet stel ten einde in die aanvraag te voorsien.**

## 107. BYLAE A – VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK VIR DIE SINODESITTING VAN 9-14 AUGUSTUS 1993

Geagte Voorsitter en lede

Dit bly steeds vir die Bybelgenootskap prioriteit nommer een om die Woord aan alle mense beskikbaar te stel, in die taal wat hulle die beste verstaan en teen 'n prys wat elkeen kan bekostig.

Dit is so belangrik, omdat ons wêreld gebuk gaan onder rampe, ellende en geweld, finansiële krisisse en geestelike nood, en daar so baie mense sonder die troos van Gods Woord en die boodskap van verlossing die lewe moet deur of die lewe moet verlaat.

Die volgende is in 1992 bereik:

### 1. VERTALING EN TEKSVERSORGING, PRODUKSIE EN VERSPREIDING

Die vertalingsprogramme in *Venda, Noord-Sotho* en *Xhosa* (almal nuwe vertalings), *Siswati* ('n eerste vertaling) het die afgelope jaar voorrang geniet.

Die publikasie van die *Afrikaanse Grootdruk-Bybel* (1983-Vertaling) het in Oktober 1992 'n tweede oplaag beleef.

Met die publikasie van die *Afrikaanse Grootdruk-Bybel 1953-vertaling (luuks)* om as kansel- of familie-Bybel te gebruik, het daar ongelukkig 'n fout in die bindproses plaasgevind en moes dit terug na die drukkers. Hopelik sal dit in die loop van 1993 beskikbaar wees.

*Die Setswane (Wookey) Bybel* het na 85 jaar 'n nuwe uitgawe beleef toe dit op 30 Augustus 1992 in Gaborone vrygestel is.

Een van die hoogtepunte van die jaar was in Mei 1992 met die druk van die *miljoenste Bybel* wat deur *Bibliathon 1991 befonds* is.

In die loop van die verslagjaar kon die Bybelgenootskap in 'n poging om in die vraag na Bybels te voorsien, 1 833 182 Bybels en Bybelgedeeltes in 28 verskillende tale en weergawes *produseer*. Hiervan was 1 099 172 volledige Bybels. Dit beteken dat ons gemiddeld 152 765 Bybels en Bybelgedeeltes per maand geproduseer het. Om die produksielyn ononderbroke te laat loop, was ons genoodsaak om meer as 1 200 ton Bybelpapier in te voer.

Met die *verspreiding* het dit flink gegaan en ongeveer 60.42% van alle uitgawes wat versprei is, was volledige Bybels. 92% van alle Bybels wat verkoop is, was gesubsidieer.

Bybels en Bybelgedeeltes is in 107 verskillende tale versprei. In Afrikaans, Engels en Zoeloe is daar in elke geval meer as 100 000 Bybels versprei.

**In die Afrikaanse 1953-vertaling is 63 361 versprei.**

### 2. Wêreldwye betrokkenheid

As volle lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, 'n familie van 111 Bybelgenootskappe wat in 180 lande werksaam is, is die Bybelgenootskap van Suid-Afrika betrokke by wêreldwye Bybelwerk.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het die afgelope jaar 312 810 Bybels en Bybelgedeeltes in 24 tale aan Bybelgenootskappe in 22 lande voorsien. Die meeste hiervan is lande in Suider-Afrika. Rusland, China en Ethiopië het ook ondersteuning geniet.

### 3. Vrywillige ondersteuning

Die Bybelgenootskap se werk word moontlik gemaak deur duisende vrywilligers wat met hulle tyd, gebede en geld ondersteun.

Die totale bedrag van R4 565 373 wat deur kerke bygedra is, is 'n duidelike bewys dat die Bybel steeds hoog op die prioriteitslys van die kerklike werksaamhede is. Ons totale inkomste vir die boekjaar het op R15 536 926-26 te staan gekom, terwyl ons uitgawes R17 897 593-33 bedra het.

## 108. BYDRAE-INKOMSTE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK (TVL)

| | 1989/90 | 1990/91 | 1991/92 | +/− | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Individue | 4 380,00 | 11 608,63 | 10 184,00 | − | 12,27 |
| Gemeentes | 613,30 | 4 353,60 | 3 481,12 | − | 9,67 |
| Kategese | − | − | 97,82 | + | 100,00 |
| TOTAAL | 4 993,50 | 15 962,23 | 13 762,94 | − | 13,78 |

## 109. BYDRAE-INKOMSTE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK (LANDSWYD)

| | 1989/90 | 1990/91 | 1991/92 | +/− | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Individue | 6 770,63 | 13 540,18 | 13 578,45 | + | 0,28 |
| Gemeentes | 669,10 | 5 310,65 | 4 043,34 | − | 23,74 |
| TOTAAL | 7 439,73 | 18 841,83 | 17 621,79 | − | 6,47 |

**4. Bibliathon 1994**

Met groot dank aan die SAUK Raad maak ons bekend dat daar in 1994 weer 'n Bibliathon op 12 Mei, Hemelvaartsdag, aangebied gaan word.

Die vorige Teleton het soveel sukses en publisiteit vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ingehou, dat hierdie geleentheid opnuut ons verbeelding aangegryp het. Met die samewerking van gemeenskappe, stede en dorpe, kerke en individue, beloof hierdie 2de Teleton 'n groot gebeurtenis te wees. Met hierdie 2de aanbieding gaan die radio ook betrokke wees en sal die dekking baie wyer wees as die vorige.

**5. Slot**

Soos Suid-Afrika, staar die Bybelgenootskap ook groot uitdagings en selfs groter geleenthede in die gesig. Baie mense in ons land het nog nie 'n volledige Bybel in hulle eie taal nie. Hierdie nood wil ons deurlopend aanspreek maar veral met Bibliathon 1994. Kom ons werk en bid steeds saam daarvoor.

Mag julle vergadering vrugbaar wees.

**DS JJ KRIGE**
(Organiserende Sekretaris)

**3.2 Wêreldwye betrokkenheid**

**3.2.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis van punt 3.2 in sy geheel (Punt 2 in verslag)**

(3.1.2 moet wees 3.2.1)

**3.3 Vrywillige ondersteuning**

**Aanbevelings goedgekeur:**

**3.3.1 Die Sinode neem kennis van al die verskillende bydraes, meer spesifiek van die Afrikaanse Protestantse Kerk se Bydraes wat soos volg was:**

| | 1990/91 | 1991/92 |
|---|---|---|
| **Individue** | **13 540,18** | **13 578,45** |
| **Gemeentes** | **5 301,65** | **4 043,34** |
| | **R18 841,83** | **R17 621,79** |

**3.3.2 Die Sinode besluit om in die lig van die relatief lae gemeentelike bydraes in vergelyking met die veel hoër individuele bydraes, by die gemeentes aan te beveel om hul gemeentelike bydraes in die toekoms drasties te verhoog met die ideaal om 'n doelwit te bereik van minstens R10,00 per belydende lidmaat per jaar vir Bybelverspreiding.**

**3.3.3 Die Sinode beveel by gemeentes aan om alle bydraes vir Bybelverspreiding spesifiek duidelik te oormerk vir die druk en verspreiding van die 1953 Afrikaanse vertaling (OAV) en lidmate word versoek om al hul bydraes deur hul gemeentes te kanaliseer.**

**3.4 Bibliathon 1994**

**3.4.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode neem met dank kennis daarvan dat daar in 1994 weer 'n Bibliathon op Hemelvaartdag, 12 Mei 1994 DV, aangebied gaan word en doen 'n beroep op alle lidmate om hul voorbidding en finansiële steun daarvoor, weer eens met die versoek dat hulle hul bydraes sal oormerk vir die 1953 Bybelvertaling en deur hul plaaslike gemeentes kanaliseer.**

**4. Verdere aanbevelings deur verteenwoordigers goedgekeur:**

4.1 Belasting

**Die Sinode bring dit onder die aandag van gemeentes dat skenkings aan die Bybelgenootskap van die belasbare inkomste aftrekbaar is. In die geval van 'n individu kan 'n skenking vir 'n maksimum bedrag van R500 per jaar of 2% van 'n persoon se belasbare inkomste afgetrek word (watter bedrag ookal die grootste is).**

Op 'n vraag gee ds. S. Boshoff die inligting dat 'n lidmaat wat geld aan die Bybelgenootskap skenk met die oog op belastingverligting, wel sertifisering in die verband sal ontvang indien sy bydrae duidelik so aangedui word vir kennisname deur die Bybelgenootskap.

4.2 Bemakings

**Die Sinode moedig lidmate aan om 'n testamentêre bemaking aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te oorweeg en dit te oormerk vir die druk en verspreiding van die 1953 Bybelvertalings.**

4.3 Beskikbare 1953 Bybelvertalings

**Die Sinode besluit om dit onder aandag van gemeentes te bring dat die volgende 1953 Bybeleksemplare op datum van hierdie verslag beskikbaar is:**

| | |
|---|---|
| Gewone standaard uitgawe | R 13,47 |
| Grootdruk gewone uitgawe | R 29,01 |
| Grootdruk luukse uitgawe | R202,92 |
| Semi-luukse uitgawe | R 72,53 |
| Luukse uitgawe | R148,20 |
| Kanselbybel | R222,30 |
| Ritssluiter uitgawe | R212,45 |
| Wit leer uitgawe | R171,00 |
| Skuwerteks oortreksel (plastiek) | R 46,13 |

5. Benoeming van verteenwoordigers by Streekrade van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Aanbeveling gewysig goedgekeur:

**Die Sinode dra dit aan die Tydelike Kommissie vir die samestelling van Kommissies op om tydens hierdie Sinodesitting twee verteenwoordigers met sekundi vir elk van die volgende streekrade aan te wys: Johannesburg, Kaapstad, Durban, Bloemfontein en Port Elizabeth. Een primarius- en sekundusverteenwoordiger wat vir elke streekraad aangewys word, moet 'n nie-predikant wees.**

5.2 Aanbeveling goedgekeur:

**Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir die samestelling van Kommissies op om die volle name, adresse en telefoonnommers van die aangewesenes te verkry en aan die skriba van die Sinode te besorg aan wie dit opgedra word om by die Bybelgenootskap aansoek te doen vir hul toelating as verteenwoordigers van die Afrikaanse Protestantse Kerk op die onderskeie Streekrade van die Bybelgenootskap.**

6. Slot

Kennis geneem.

Die Kommissie word bedank vir die verslag. Hiermee is die verslag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ook afgehandel.

Die Voorsitter stel ds. S Boshoff aan die woord. Hy meld dat Namibië nou 'n selfstandige Bybelgenootskap het. Gemeentes in Namibië moet hulle bydraes asseblief aldaar ingee.

Ds. Boshoff beklemtoon dat die Bybel steeds die boodskap van hoop is en daarom steeds versprei moet word. Hy bedank die Sinode vir die bereidheid en ondersteuning hiertoe.

Ds. M Steyn lê die klem op Bibliathon 1994 as 'n positiewe boodskap om die Bybel bekend te stel. Hy vra dat voorbidding gedoen word vir hierdie geleentheid, want dit kan 'n boodskap van hoop laat posvat in ons land. Hy versoek dat op 12/5/1994 in gemeentes 'n Bybelfees gehou sal word.

Die Sinode neem daarvan kennis dat die Bybel met Verklarende Aantekeninge nie deur die Bybelgenootskap uitgegee word nie, maar deur Lux Verbi.

Die Skriba bedank di. Boshoff en Steyn vir hulle teenwoordigheid en inligting deur hulle voorsien.

**Die vergadering verdaag vir tee om 10:35.**

**Werksaamhede word hervat om 11:00.**

## 110. VERSLAG: VERTEENWOORDIGERS BY DIE BYBELGENOOTSKAP
(Vervolg) (Sakelys bl. 10)

Voorstel goedgekeur:

**Die Sinode besluit om navraag te doen by Lux Verbi na die moontlikheid om die Bybel met Verklarende Aantekeninge (1953 vertaling) te herdruk.**

(Ds. CJJ van Rensburg; Oudl. HCG Bester).

Mosie goedgekeur:

1983: Bybelvertaling

**Die Sinode dra dit aan sy Kommissie vir Bybelverklaring op om die publikasie "HERFORMULERINGS" (uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika) deeglik te bestudeer met verslag aan die Kommissie vir Publikasies sodat daarmee vasgestel kan word of hierdie nuwe uitgawe (11de druk) nog met vrymoedigheid aanbeveel kan word as vertaling "tot toeligting".**

(Ds. DR Schwartz; dr. CI van Heerden).

## 111. PERSONEELWYSIGING

Die personeel van die vergadering word gewysig: Oudl. JMH Botha (APK Viljoenskroon) verskyn ter vergadering. Hy word verwelkom.

## 112. VERSLAG FINANSIËLE KOMMISSIE (Sakelys bl. 144)

Die verslag word deur ds. CF Swart toegelig.

1. **Personeel** - Kennis geneem.

2. **Vergaderings** - Kennis geneem.

3. **Lasgewing deur Sinode**

**3.1-3.5.2** - Kennis geneem.

**3.5.3** Aanbevelings nie goedgekeur nie.

**Amendement goedgekeur:**

**Ringe word versoek om dit aan visitatore op te dra om by plaaslike kerke vas te stel of die kerkraad gereelde en behoorlike kontrole uitoefen oor die finansiële boekhouding van die kerkraad, en of die boeke intern en ekstern geouditeer word. Visitatore kan navraag doen of advies benodig word.**
(Prof. dr. R Marè; ds. JJ Venter).

**3.5.3.2** – Kennis geneem.

**3.6-3.7.1** Kennis geneem.

**3.7.2** Aanbeveling

**3.7.2.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode gee opdrag aan alle kommissies om by elke vergadering van die betrokke kommissie by die Afdeling Finansies navraag te doen oor die stand van sy toegestane bedrag op die begroting.**

**3.7.3** Kennis geneem. Staan oor.

**3.7.4.1** Kennis geneem. Staan oor.

**Aanbevelings goedgekeur:**

**3.7.4.2.1 Die Sinode dra dit aan die TFK op om, in geval van die aanwysing van ad hoc- kommissies, dadelik die finansiële implikasies van sulke aanwysings te hanteer.**

**3.7.4.2.2 Die Sinode besluit om telkens na die aanwysing van 'n ad hoc-kommissie die verwagte omvang van sy werksaamhede uit te wys as riglyn aan die TFK vir beplanning van finansiële laste.**

**3.8-3.13.3.1** – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**3.13.3.2 Die Sinode dra dit aan die FK op om jaarliks 'n verantwoordelike begroting op te stel in oorleg met alle kommissies van die Sinode en die BRKA.**

4. **Werksaamhede vanaf Oktober 1991**

**4.1-4.1.5.3** – Kennis geneem.

**4.1.6 Brookshuis**

**4.1.6.1-4.1.6.2** Kennis geneem.

**4.1.6.3 Aanbevelings** – staan oor tot by Begroting. (Kyk onder punt 131)

**4.1.6.4-4.1.8.2** – Kennis geneem.

**Aanbevelings goedgekeur:**

**4.1.8.3 Die Sinode besluit dat:**

1. **Elke kerkraad moet toesien dat 'n boekhoustelsel gebruik word wat 'n ontledingskasboek insluit wat maandeliks afgesluit en gerekonsilieer word vir behoorlike kontrole.**
2. **Elke kerkraad moet toesien dat beproefde metodes van finansiële kontrole gereeld toegepas word, soos in die handleiding van die rekenmeester uiteengesit en aanbeveel word.**
3. **Aanbevelings – Kennis geneem.**

   **Aanbevelings goedgekeur:**
4. **Die BRKA word versoek om dit aan gemeentes oor te dra dat streng by neergelegde riglyne gehou word, veral in die lig van gevalle waar reeds ongerymdhede voorgekom het.**
5. **Ringe word ernstig versoek om toe te sien dat gemeentes aan neergelegde riglyne hou.**

**4.1.9** APK-Trustfonds

**4.1.9.4 Aanbevelings goedgekeur:**

1. **Die APK-Trustfonds is tot stand gebring om addisionele voordele te voorsien aan leraars wat by ander Gereformeerde Kerke in die bediening was en by hulle oorkoms na die bediening in die APK hulle pensioenvoordele verloor het.**
2. **Aanbeveling gewysig volgens aanbeveling in Sakelys 3, bl. 15 punt B en goedgekeur:**

**Bogenoemde leraars wat by aftrede *uit hoofde van hulle lidmaatskap* van die APK Pensioenfonds 'n pensioen van minder as R1 500-00 per maand (voor kommutasie) ontvang, bereken vanaf 1 Maart 1993, kwalifiseer vir finansiële hulp uit die APK Trustfonds, ten einde te verseker dat hulle, saam met hulle pensioen, nie minder as R1 500-00 per maand ontvang nie.**

**Aanbevelings goedgekeur:**

3. **(bl. 149) Die bedrag in pt. 2 genoem, word saamgestel uit die toepaslike uitbetaling uit die Pensioenfonds en 'n toelae uit die APK Trustfonds.**
4. **Die bedrag in pt. 2 genoem, word elke jaar op 1 Maart aangepas met die gemiddelde persentasie waarmee die traktementskaal aangepas word.**
5. **Die pensioentoelae wat reeds aan afgetredenes betaal word, word elke jaar op 1 Maart aangepas. Hierdie aanpassing word jaarliks deur die FK bereken teen 'n koers wat wissel tussen 'n minimum van 0% en 'n maksimum van 5%, onderhewig aan die stand van die Fonds.**
6. **Aangesien dit noodsaaklik is dat die uitbetaling van die toelae een of ander tyd uitgefaseer word, word dit vir die doeleindes van bepaling van die toelae aanvaar dat leraars in pt. 1 genoem wat ná 1 Julie 1990 by die APK in diens getree het, vir berekening van die toelae beskou word asof hulle op 1 Julie 1990 in diens getree het.**
7. **In die geval waar 'n leraar vóór 1 November 1993 (die datum van uitbetaling van die huidige belegging) met pensioen aftree, sal die bedrag van die toelae, uit die APK-Trustfonds benodig, voorsien word uit BRKA-fondse. Sodanige bedrae sal dadelik uit die belegging terugbetaal word op 1 November 1993.**
8. **Die beginsel van die weduwee-pensioen, soos toegepas in die APK-Pensioenfonds, is ook van toepassing op hierdie toelae.**
9. **Aan die FK word opgedra om jaarliks 'n evaluasie van die APK-Trustfonds te maak, met gereelde verslag aan die Sinode.**

**4.1.10** Begroting vir 1993.

**4.1.10.1-4.1.10.4** – Kennis geneem.

Van die "Totale Begroting" (bl. 149-151, pt. 1 tot einde van punt 4) word kennis geneem.

**5. Begroting vir 1994** (bl. 151) – Kennis geneem.

**6. Beskrywingspunte**

**6.1.1-6.1.6** – Kennis geneem.

**6.1.6 Regstelling**

"Ring van Vereeniging" moet lees "Ring van De Aar".

**6.2 Aanbevelings**

**6.2.1** – Staan oor tot by Aanvullende FK-verslag.

**6.2.2-6.2.3** – Staan oor tot by TKKS-verslag oor dieselfde saak.

**Ordemosie goedgekeur:**

**Die vergadering besluit om die volgende voorstelle wat inhoudelik oor dieselfde sake handel, gelyktydig aan die orde te stel en saam te bespreek, nl. punte 6.2.2, 6.2.3 en Aanvullende Finansiële verslag bl. 23, pt. 4.2.**
(Dr. GJJ Labuschagne).

Die Vergadering konstitueer as RKA.

**6.2.4 Beskrywingspunt 6.1.5 (Ring van Vereeniging)** – Kennis geneem.

**Amendement goedgekeur:**

**Dié aanbeveling van die FK word nie aanvaar nie, maar die beskrywingspunt word terugverwys na die FK vir heroorweging van die aanstelling van 'n interne ouditeur vir die APK.**
(Ds. DJ Malan; oudl. OF Jeffrey).

**6.2.5 Regstellings:**

"Ring van Vereeniging" moet lees "Ring van De Aar".

"3/5" moet lees "3-5".

**Die RKA besluit om die beskrywingspunt oor die 3 tot 5-jarige hersiening van traktementskale nie te aanvaar nie.**

**Motivering 1-4** – Kennis geneem.

Die Vergadering konstitueer as Sinode.

**7. Slot** – Kennis geneem.

## 113. AANVULLENDE FK-VERSLAG (bl. 12 VAN DERDE SAKELYS)

A. **Laatingekome beskrywingspunte** – Kennis geneem.

**1. Sinodale Bydrae**

**1.1-1.2** – Staan oor tot by behandeling van die aanbeveling op bl. 152, punt 6.2.

**2. Eenvormige vergoeding aan leraars**

**2.1** Kennis geneem.

**2.2 Aanbevelings goedgekeur:**

1. **Die FK het nog altyd geoordeel dat elke plaaslike instansie (Kerkraad of Ring) self hieroor moet besluit.**
2. **Met dié standpunt in gedagte word tog aanbeveel: Reiskoste moet bereken word teen die tarief wat aanbeveel word (tans 92c/km). Vergoeding vir 'n preekbeurt behoort op die oomblik nie minder as R50-00 per preekbeurt te wees nie.**

3. Traktementverhogings

3.1 Kennis geneem.

3.2 Aanbevelings

3.2.1-3.2.2 – Afgehandel (kyk Sakelys punt 6.2.5 op bl. 153).

Die Voorsitter doen enkele afkondigings:

Die Sinode besluit om ds. Petrus Janse van Rensburg en ds. Thomas Verryne seën toe te bid met hulle voorgenome huwelike. Mag u huwelike vir u tot groot seën wees en mag u as egpare groter diens lewer in die koninkryk van onse Here.
(Prof. HCG Robbertze; oudl. OMG van Heerden).

'n Groeteboodskap van die CVO-skool Pretoria se hoof en personeel word ontvang, asook 'n telegram van APK Koster.

Ds. OD Scheuer stel enkele publikasies aan die vergadering bekend.

Die Sinode verdaag vir middagete om 13:00 na 'n tafelgebed deur prof. dr. HCG Robbertze.

## MIDDAGSESSIE – VIERDE DAG, 12 AUGUSTUS 1993

Die Sinode hervat sy werksaamhede om 13:45.

### 114. VERSLAG: FINANSIËLE KOMMISSIE (vervolg) (Derde Sakelys, bl. 13)

Die Finansiële Kommissie word versoek om volle gegewens i.v.m. pensioenuitbetalings aan gemeentes deur te gee.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die kommissies en komitees van die Sinode die saak ernstig sal ondersoek om onkostes op reis en verblyf te bespaar deur ondersoek in te stel na Telkom se telefoon-konferensiediens. Indien dit goedkoper is, moet daarvan gebruik gemaak word.**
(Ds P Aucamp; oudl. WLV Fick)

4. Mediese Skema

4.1 – Kennis geneem.

**Motivering**

1-6 – Kennis geneem.

Die vergadering konstitueer as RKA.

4.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die FK lê die volgende aan die Sinode voor:

1. Die FK is op die oomblik besig met 'n ondersoek na ander moontlikhede van Mediese Skemas.
2. Aangesien dit groot en ingrypende finansiële implikasies kan hê en daar moontlik belangrike risiko's op die spel kan wees, moet groot versigtigheid aan die dag gelê word.
3. Die RKA dra dit derhalwe aan die FK op om die inhoud van die beskrywingspunt indringend te ondersoek, met raadpleging van kundige persone, en aan die BRKA verslag te doen.
4. Die RKA gee volmag aan die BRKA om die beste moontlikheid, soos uit die ondersoek blyk, so gou moontlik te implementeer.

Die vergadering konstitueer as Sinode.

B. APK-TRUSTFONDS

Afgehandel.

C. REISKOSTE-TARIEWE

Aanbeveling gewysig goedgekeur:

Die FK lê die volgende aanbeveling voor:

**Die Sinode keur die jongste aanbeveling van die FK ten opsigte van reiskoste goed, te wete 92c per km, vir sinodale sowel as gemeentelike werk vanaf 1 April 1993. Ten opsigte van gemeentelike werk word 'n minimum bedrag van R1000.00 per maand aanbeveel.**

D. VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STAND VIR DIE BOEKJARE 1991 EN 1992

Die Rekenmeester, mnr CJ de la Rey verduidelik die tabelle.

1. Inkomste vir die jaar geëindig 31 Desember 1991 – Kennis geneem.
2. Balansstaat op 31 Desember 1991 – Kennis geneem.
3. Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 1992 – Kennis geneem.
4. Balansstaat op 31 Desember 1992 – Kennis geneem.

Die vergadering verdaag om 16:00 vir tee.

Die Sinode hervat sy werksaamhede om 16:25.

### 115. PERSONEELWISSELING

Oudl. GTC van Rooyen, (APK Bothaville), verskyn 12/8/1993

– Kennis geneem.

### 116. VOLGENDE SINODE

Voorstel goedgekeur:

**Die Sinode gee aan die volgende SKK opdrag om ingevolge Bepaling 41A van die KO en ingevolge Lasgewing 2 van die SKK, die volgende gewone Sinode op te roep om gedurende die tweede helfte van 1995 op 'n plek wat die SKK mag goedvind, te konstitueer.**

**Motivering**

1. **Daar bestaan nie 'n geldige behoefte daaraan om weer terug te val op die hou van jaarlikse sinodes nie.**
2. **Andersyds is die tyd vir ons jong, groeiende kerkverband nog nie heeltemal ryp vir die hou van *drie*jaarlikse Sinodes nie.**
(Prof. R Marè; ds IA Brink)

## 117. VERSLAG: FINANSIËLE KOMMISSIE (vervolg) (Sakelys bl. 152 en Derde Sakelys, bl. 22) en BEGROTING VIR 1994 (bl. 20)

E. **BEGROTING VIR 1994** (Sakelys 3, bl. 20)

1. **Agtergrond** – Kennis geneem.
2. **Huidige omstandighede** – Kennis geneem.
3. **Aanbevelings**

Van aanbevelings 3.1 en 3.2 word kennis geneem.

Aanbevelings op bl. 152, 6.2 word aan die orde gestel.

**6.2 Aanbevelings**

**6.2.1 Aanbevelings goedgekeur:**

1. **Die basis van sinodale bydraes soos in 1987 en 1988 besluit, word weer toegepas. Die Sinode bevestig ook die besluit van 1988, nl. die Sinode stel dit as sy beleid om sy lopende uitgawes te bereken volgens sy beskikbare inkomste.**

Ordemosie nie goedgekeur nie:

Aanbeveling 6.2.1 pt. 1, Sakelys bl. 152

Dat die Sinode die begroting na die Tydelike Kommissie vir Finansies verwys om so gou moontlik –

1. aan die hand van bg. aanbeveling 'n begroting op te stel volgens die beskikbare inkomste;
2. die Sinode te wys op punte in die 1991 en 1992 begrotings waar hierdie beginsel verbygegaan is.
(Ds TJ Verryne)

**Amendement 1 nie goedgekeur nie:**

Die Sinode besluit om die status quo rondom die uitsluit van trustfondse by die 15%-heffing aan die Sinode, soos deur sy Sinode van 1991 besluit, steeds te handhaaf.
(Ds CJS Botha; oudl. PLJ van Rensburg)

**Verduideliking:**

Lidmate se motivering om by te dra vir spesifieke sake, soos bv. boufonds, word ontmoedig deurdat 15% daarvan aan die Sinode oorbetaal word.

**Amendement 2 nie goedgekeur nie:**

Die 15% word verminder na 12% vir die volgende 2 jaar en dan kan daar weer daaroor besluit word.
(Ds JA Jacobs; oudl. HJS van der Walt)

**Amendent 3 nie goedgekeur nie:**

Die Sinode besluit dat die 15%-bydraes verminder word na 12% op alle inkomste soos bv. bouprojekte, trustfondse.

**Motivering**

1. Moeilike ekonomiese tye wat beleef word.
2. Jong gemeentes wat eiendom wil bekom vind dit al hoe moeiliker om erwe, geboue te bekom a.g.v. hierdie resessie.
3. FK en BRKA moet dringend besnoei en versigtig wees om nuwe projekte daar te stel, wat aanvanklik uit Trustfondse gefinansier word en later deur gemeentes terugbetaal moet word.
(Ds JA Jacobs; ds. PJB Engelbrecht)

**Amendement 4 nie goedgekeur nie:**

Die Sinode besluit

1. om die besluit van die Sinode van 1991 waardeur sekere ontvangstes van plaaslike kerke buite rekening gelaat word wanneer die 15% oorbetaling aan die BRKA bereken word, tydelik op te skort;
2. die opskorting sal duur tot en met die volgende sinodesitting en die besluit soos in 1987 en 1988 geneem, geld dan met een enkele uitsondering, t.w. die insameling van fondse vir Diens van Barmhartigheid wat uiteraard gering is en waarop dan geen persentasie berekening en oorbetaling geskied nie;
3. die implementering geskied ná die verskyning van die Handelinge van die Sinode.

**Motivering**

1. Daar was prinsipiële en ekonomies-wetenskaplike begronding vir die besluit geneem tydens die vorige Sinode.

2. Die behoefte aan 'n vyfde leerstoel vir die Teologiese Skool asook die uitfasering van fondse intern geleen vir die restourasie en meubilering van Brookshuis, asook die Jeugtuiste en herstel en uitbouing en meubilering van Ig., genoodsaak *tydelik* die opskorting van die regte van plaaslike kerke om ook vir kerkgeboue en pastorieë fondse in te samel wat nie onderhewig is aan 'n persentasie-oorbetaling vir die administrasie nie.
3. Na die volgende twee jaar kan die RKA met verhoogde inkomste verkry, opnuut na die persentasiebydrae vir begrotingsdoeleindes kyk en vir oorweging aan die RKA voorlê. (Ds JA du Plessis; oudl. HCG Bester)

**6.2.1 Aanbeveling 2, 3, 4 en 5 goedgekeur:**

2. **Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste.**
3. **Totale kontantontvangste sluit o.m. in: – insamelings van susters, jeug, diakonie, ens. – rente ontvang op beleggings van die kerkraad.**
4. **In die geval van gemeentes in kombinasie en gemeentes met 'n bedieningsooreenkoms word die bedrag deur een gemeente aan 'n ander oorbetaal, nie 'n tweede keer bereken vir die persentasiebydrae nie.**
5. **Kontant ontvang uit lenings wat aangegaan word, is nie kontantontvangste nie. Wanneer sodanige lening in 'n skenking omskep word, is dit 'n kontantontvangste.**

**6.2.1** Aanbeveling 6 – Kennis geneem.

Voorstel – Kennis geneem en as advies verwys na die FK en die BRKA:

Die Sinode besluit dat geen kommissie of persone uit die reserwefonds renteloos mag leen nie. Die reserwefonds moet ten alle tye *belê* word en die *rente* moet by die kapitaal belê word, tot die kapitaal van 'n *volle jaar se bedryfskoste* bereik is. Nooit mag die kapitaal aangeraak word nie. Slegs die rente mag gebruik word eers nadat 'n volle jaar se bedryfskapitaal bereik is.

**Motivering**

1. Ons uitgawes mag nooit ons inkomste oorskry nie.
2. Ons moet ons kapitaal bou om uiteindelik slegs die rentes te gebruik.
(Dr E Friis; oudl. GJ Maartens)

**6.2.1** Aanbeveling 7 – Kennis geneem.

**Aanbeveling 4.2 (Bl. 23, Derde Sakelys), goedgekeur:**

**As die basis van bydraes soos aanbeveel (Sakelys bl. 152) goedgekeur word, beveel die FK aan:**

**Kerkrade dra vir die boekjaar 1994 15% van hulle totale ontvangstes by as sinodale bydrae.**

**Verder word besluit:**

1. **Die besluit word geïmplementeer wanneer die Handelinge van die Sinode verskyn. Die presiese datum word deur die BRKA vasgestel.**
2. **Die besluit geld vir 'n tydperk van twee jaar.**

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om kerkrade op te roep om die volgende belangrike beginsel duidelik aan hul lidmate oor te dra:**

**Ter wille van die administrasie in belang van die kerkverband, moet alle lidmate duidelik besef dat 'n sekere persentasie van hulle bydrae vir die fondse van die kerkverband aangewend word.**
(Ds LD Pienaar; oudl. PS van der Merwe)

**Teenstem**

Die besluit van die Sinode, Sakelys bl. 152, 6.2.

Ek wil graag my stem teen hierdie besluit laat notuleer, rakende fondse vir Diens van Barmhartigheid.

**Motivering**

Ons kerkraad kan nie uitvoering gee aan die besluit nie. Die diakonie samel fondse in vir die Diens van Barmhartigheid en betaal dit in hulle eie rekening in. Die kerkraad het geen beheer oor die fonds nie.
(Oudl. JL Lubbe, APK Parys)

**Mosie van teleurstelling:** (met verwysing na Derde Sakelys, bl. 23) – Kennis geneem.

Die Sinode spreek sy teleurstelling uit teenoor Ringe en kerkrade en/of kassiere wat nie hulle samewerking gegee het toe daar 'n beroep op hulle gedoen is om hul finansiële syfers t.o.v. totale inkomste aan die FK beskikbaar te stel nie.
(Ds DJ Malan; oudl. OF Jeffrey)

**Motivering**

1. Indien bovermelde syfers wel beskikbaar was, sou dit vir die FK moontlik gewees het om berekeninge te kon doen met die oog op sinodale bydraes.
2. Kosbare tyd sou nie verspil gewees het nie.

## 118. VERLOFAANSOEKE

**Goedgekeur:**

Oudl. ASH Jonk, APK Alberton, 08:00-21:00, 12 Augustus 1993
Oudl. JL Smit, APK Prieska/Fontein, 14:00-19:00, 13 Augustus 1993; 08:00-11:00, 14 Augustus 1993. Oudl. WA Edwards, APK Carolina, 18:00-21:00, 12 Augustus 1993; 08:00-15:00, 13 Augustus 1993
Ds JA Cronjé, APK Mosselbaai, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Ds AD Jacobs, APK Roedtan, 18:00-21:00, 11 Augustus 1993
Ds JA Jacobs, APK Bainsvlei, 18:00-21:00, 12 Augustus 1993
Oudl. GP Bezuidenhout, APK Thabazimbi, 14 Augustus 1993
Prof. HCG Robbertze, Hartebeespoort, 16:00-21:00, 12 Augustus 1993
Ds JH Swart, APK Vanderbijlpark, 16:00-16:45, 12 Augustus 1993
Oudl. PW Jooste, APK Sasolburg, 16:00-16:45, 12 Augustus 1993
Oudl. JC Bester, APK Grens, 08:00-21:00, 13 Augustus 1993, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Oudl. RH Maritz, APK Memel, 18:00-21:00, 13 Augustus 1993, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Diak. W de Jager, APK Memel, 18:00-21:00, 13 Augustus 1993, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Ds PK Roodt, APK Boksburg, 18:00-21:00, 11 Augustus, 08:00-08:57, 12 Augustus 1993
Ds RMJ Britz, APK Wonderboom, 14:00-16:00, 12 Augustus 1993
Ds CFW Snyman, APK Krugersdorp, 13:00-21:00, 13 Augustus, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Oudl. GLH Coetzer, APK Potchefstroom, 10:30-12:00, 12 Augustus, 17:00-21:00, 13 Augustus, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Oudl. NJ Grobler, APK Middelburg, 08:00-14:00, 13 Augustus 1993
Oudl. DC Botha, APK Paul Roux, 14:00-16:00, 12 Augustus 1993
Diak. HF Smit, APK Paul Roux, 14:00-16:00, 12 Augustus 1993
Oudl. JH Gauché, APK Vryheid, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Diak. JN Buys, APK Bultfontein, 08:00-21:00, 13 Augustus, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Oudl. WA Boshoff, APK Delmas, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Ds JAV van der Schyff, APK Warmbad, 08:00-21:00, 13 Augustus, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Oudl. JJ van Niekerk, APK Mooinooi, 16:30-21:00, 12 Augustus, 08:00-21:00, 13 Augustus, 08:00-21:00, 14 Augustus 1993
Oudl. AJ Dippenaar, APK Pools, 13:00-21:00, 13 Augustus, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993
Diak. M Visser, APK Pools, 13:00-21:00, 13 Augustus, 08:00-21:00, 14 Augustus 1993
Oudl. J Heystek, APK Potgietersrus, 08:00-21:00, 13 Augustus, 08:00-11:00, 14 Augustus 1993

**Hulpskriba**

Die Sinode gee aan ds IA Brink verlof met die oog op 'n begrafnis 13 Augustus 1993, en reël dat ds LD Pienaar in sy plek as Hulpskriba sal optree.

## 119. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

Die vergadering verdaag vir aandete om 18:00 nadat oudl. Chris Prinsloo van Marble Hall 'n tafelgebed gedoen het.

# AANDSESSIE: 12 AUGUSTUS, 18:45

Die Sinode hervat sy werksaamhede vir die aandsitting om 18:45 ná samesang gelei deur ds. JH Theron.

## 120. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings. Die notule van 11 Augustus 1993 sal op 13 Augustus 1993 voorgelê word.

## 121. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSINDELING EN RINGSGROEPERING (O1)

Ds. A Boshoff lig die verslag toe.

'n Aantal groeperinge word goedgekeur. Enkele groeperinge word terugverwys na die Kommissie.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Ringsindeling by volgende Sinodes 'n vergadering belê tydens die Sinodesitting waarop al die Ringe se voorsitters en skribas teenwoordig is om die indelings te doen.**
(Ds. LD Pienaar; oudl. PS van der Merwe).

## 122. APPÈLLE

Die Voorsitter verklaar die vergadering geslote.

## 123. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (A2)

**1-1.6** Goedgekeur as orde vir die behandeling van die appèlle:

**1.** Die Kommissie beveel die volgende orde aan vir die hantering van appèlle:

**1.1** Die Sinode neem kennis van die inhoud van ordereëls 3, 5 en 20.

**1.2** Die vergadering word geslote verklaar.

**1.3** Die vergadering word gesuiwer van alle betrokke partye, verwante aan partye en getuies. Slegs die amptelike afgevaardigdes mag verder in die vergadering wees.

**1.4** Vir die duur van die hantering van die betrokke appèl moet die personeel van die vergadering dieselfde bly.

**1.5** Die vergadering neem kennis van die inhoud van KO. artikel 31 en Bepl. 58B.

**1.6** Die vergadering neem kennis dat die dokumentasie van die appèl ter insae is soos benodig. Alle dokumentasie wat beskikbaar gestel word, word onder kontrole beskikbaar gestel.

**2. Appèlskrif van die ouderlingevergadering van die Afrikaanse Protestantse Kerk Parys 27 Februarie 1993 teen 'n besluit van die Ring van Graniet geneem op 19 Maart 1992.**

**2.1 Ontvanklikheid** – Kennis geneem.

Die appèlskrif van die ouderlingevergadering van die AP Kerk Parys is sorgvuldig deurgewerk en getoets aan die vereistes waaraan 'n appèlskrif volgens Art. 31 en Bep. 58B moet voldoen – Kennis geneem.

**2.1.1 Bevinding goedgekeur:**

**Dit is bevind dat dit aan die vereistes voldoen.**

**2.1.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die appèlskrif ontvanklik is vir die behandeling deur die Sinode aangesien daar aan die formele vereistes van Bep. 58B voldoen is.**

**2.2 Bevinding goedgekeur:**

**Die Ring van Graniet moes die appèl van oudl. Van der Westhuizen as nie ontvanklik afgehandel het omrede die eenmalige afhouding van die Nagmaal nie as 'n formele tughandeling onder die tugartikels beskou kan word nie.**

**Die Ring het gefouteer deur 'n voortughandeling as 'n tughandeling te hanteer, terwyl die Handleiding by kerklike tug as 'n Sinodale besluit dit reël en dit die deurlopende taak van die ouderlinge is kragtens Art. 21 saamgelees met Bep. 43C om toesig te hou oor die tafel van die Here.**

Na bespreking en beantwoording van vrae, word 'n ordemosie aanvaar waarna die Sinode oorgaan tot 'n besluit.

**2.3 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die appèl word gehandhaaf.**

**3. Kennis geneem.**

**Teenstemme**

Die volgende teenstemme word aangeteken:

1. Hiermee word versoek om die onderstaande broers se teenstemme te laat aanteken ten opsigte van die appèlsaak van die ouderlingevergadering van APK Parys (paragraaf 1.2, bl. 171 van die Sakelys).
   Ds. BR Torlage; Oudl. AS Schutte; Oudl. AJ du Toit; oudl. AJP Opperman.
2. Graag wil ek my teenstem laat aanteken teen die Sinodebesluit rakende die appèl punt 1.2 bladsy 171 van die Sinode Sakelys 1993.
   Oudl. BJM Rossouw.
3. Hiermee versoek ek dat my naam in die minderheid aangeteken word teen die besluit van die Sinode dat die appèl van die ouderlingevergadering van die APK Parys gehandhaaf word.

**Motivering**

1. Die Sinode het nie genoegsame feite wat noodsaaklik is vir 'n volwaardige ondersoek tot sy beskikking gehad om behoorlike diskresie uit te oefen nie.
2. Die Sinode het 'n ordemosie aanvaar wat in stryd is met die ordereëls. Reël 18 praat spesifiek van "'n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom". Die tydsfaktor, met ander woorde die hoeveelheid tyd aan 'n saak bestee en/of tot beskikking van 'n vergadering, mag nooit behoorlike bespreking, veral nie van sulke belangrike take soos appèlsake kortwiek nie.
3. Die Sinode het in gebreke gebly om die Bybelse eis van die liefde soos in KO arts. 51 en 52.2 ooreengekom, in sy ondersoek en besluit die regte plek te gee.

Graag versoek ek dat bostaande motivering volledig in die notule onder my naam aangeteken word (ordereël 24): Ds. JH Swart.

Op navraag oor die uitslag van die appèlsaak word die vergadering meegedeel dat dit be-

kendgemaak sal word sodra die notule goedgekeur is.

Die vergadering se geslotenheid word opgehef.

## 124. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK

(Sakelys bl. 86)

Die Voorsitter van die Kommissie, ds. GG le Roux, hou die verslag voor:

**1. Personeel**

1.1 tot 1.4 – Kennis geneem.

**2. Vergaderings** – Kennis geneem.

**3. Opdragte van Sinode 1991**

**3.1 Hersiening van die Psalms** – Kennis geneem.

3.1.1 Verslag: Psalmbundel-hersiening – Kennis geneem.

**3.1.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek om voort te gaan met die hersiening van die Psalms en aan die volgende Sinode te rapporteer.**

**3.2 Voorbereiding volledige Proefsangbundel** – Kennis geneem, maar voeg 'n opskrif in: Opdrag van vorige Sinode.

3.2.1 Volledige verslag – Kennis geneem.

3.2.1.1 tot 3.2.1.10 – Kennis geneem.

3.2.1.11 Ernstige probleme ten opsigte van die beoogde sangbundel – Kennis geneem.

Die volgende brief van dr. FM Gaum word aan die vergadering voorgehou vir kennisname:

12 Augustus 1993

**VIR AANDAG: DS HANNES VAN DER MERWE**

Geagte ds. Van der Merwe

Op u versoek om die Gesangeboek en Jeugsangbundel te gebruik is die antwoord soos volg:

1. Die kopiereg van die Gesangeboek berus by die NG Kerk-Uitgewers, (uitvoerende voorsitter: dr. Willem van Zijl, Kaapstad). Daar was tussen die ASK en die NG Kerk-Uitgewers gesprek oor die saak, en die gevoel is dat die Gesangeboek 'n geheel is en dat dit baie problematies is as net sommige gesange gebruik word en aan die teks verander word. Indien die APK die Gesange net so wil gebruik, is daar natuurlik geen probleem nie.

2. Vir die Jeugsangbundel, waarvan die ASK die kopiereghouer is, geld dieselfde: 'n verandering aan die teks met 'n woord wat hier bygevoeg en daar weggelaat word, skep probleme. Net soos dit daar is, kan dit sonder probleme gebruik word.

**DR FM GAUM**
**SCRIBA SYNODI**

**3.3 Koorbundel vir die APK**

3.3.1 Kennis geneem.

3.3.2 Kennis geneem.

**3.4 Begeleierskursusse**

3.4.1 Kennis geneem.

3.4.2 Kennis geneem.

**3.5 Sangleiding by Sinode**

**3.5.1-3.5.2 – Kennis geneem.**

**3.6 Hersiening van Hallelujaliedere**

3.6.1-3.6.2 – Kennis geneem.

**4. Aanbevelings**

**4.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis van die betreurenswaardige feit dat die instansies wat die musiekregte en kopiereg vir ons kerkmusiek hou, nie nou bereid is om hierdie regte oor te dra aan die APK sodat 'n eie sangbundel spoedig die lig kan sien nie.**

**4.2 Aanbeveling goedgekeur met wysiging:**

**Die Sinode herhaal sy opdrag aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek om voort te gaan met pogings om genoemde regte te bekom en 'n proefbundel die lig te laat sien. Intussen word besluit dat slegs die bestaande Afrikaanse Psalm en Gesangbundel steeds in ons eredienste gebruik sal word.**

**Voorstelle goedgekeur:**

**1. Die Sinode besluit dat**

**1.1 in die lig van die baie resente uitspraak van die NG Kerk insake die kopiereg van al die Gesange in die huidige Psalm- en Gesangeboek en die liedere in die Jeugsangbundel;**

**1.2 die Sinode sy Kommissie vir Kerksang en -musiek opdrag gee om 'n sangbundel saam te stel, wat na goedkeuring deur 'n sinode naas die huidige Gesangeboek in die erediens gebruik sal word;**

**1.3 hierdie bundel sal bestaan uit plus-minus 150 liedere, bv.saamgestel uit verwerkte Hallelujaliedere, wat reeds opgeneem is in 'n proefbundel wat voor die Sinode gedien het;**

**'n verskeidenheid kinder- en jeugliedere; eie skepping, waaronder 'n 40-tal Psalmlirieke wat selfstandig geskryf is en leengoed uit ander Protestantse en Gereformeerde kerke, waarvan kopiereg verkry kan word;**

**1.4 die volgende riglyne aanvaar word:**

**1.4.1 die musiektoonsetting word gedruk, weerskante van die bewoordings, sodat die liedere maklik in stemme gesing kan word;**

**1.4.2 by elke lied kom 'n kort paragrafie wat die geskiedenis van beide liriek en musiek vertel;**

**1.4.3 die bundel sal finaal geredigeer word deur die Publikasiekommissie van die Sinode;**

**1.5 die Kommissie vir Kerksang en -musiek hom sal beywer om hierdie bundel te laat verskyn voor die volgende Sinode.**
(Ds. JD van der Merwe; ds. JH Theron).

**2. Die Sinode besluit dat gemeentes versoek word om getrou en deurlopend nougesette aandag te skenk aan die sistematiese aanleer van onbekende Psalms en Gesange omdat ook dit dien tot geestelike verdieping, verbreding en verryking van ons lidmate.**
(Dr. JC Lombard; oudl. HJS van der Walt).

**Mosie met dank goedgekeur:**

**Die Sinode boekstaaf sy dank en waardering aan ds. NJ Rautenbach vir sy onbaatsugtige leiding in die werksaamhede van die Kommissie vir Kerksang en -musiek vanaf die stigting van die AP Kerk.**
(Ds. GG le Roux; ds. JH Theron).

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die hele verslag.

## 125. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

**Die volgende mosie word goedgekeur: Die afgevaardigde ouderlinge van APK Biesiesvlei spreek hulle dank uit teenoor ds. Olaf Scheuer dat hy sy weg oopgesien het om die Sinode by te woon so gou na sy groot operasie. Ons bid hom 'n spoedige en algehele herstel toe.**
(Oudl. MIJ van Rensburg; oudl. AW Peters).

**Die vergadering sluit om 21:05 met gebed deur ds. P van Rensburg.**

# VYFDE SITTINGSDAG VRYDAG 13 AUGUSTUS 1993

Ds JG van Staden lei die voorafsamesang met orrelbegeleiding deur mev Adelaide Boshoff. Die Ondervoorsitter neem waar as Voorsitter.

## 126. BIDSTOND

Oudl. AJ Joubert van APK Pietermaritzburg lei die bidstond. Hy laat Ps. 100:1-4 sing. Hy lees Daniël 9:13-19 en Ef. 6:10-20. Hy lei die vergadering in gebed en gee daarna geleentheid aan 'n paar afgevaardigdes om in gebed voor te gaan.

Die Ondervoorsitter bedank hom en die Voorsitter neem die stoel in.

## 127. AFKONDIGINGS EN PERSONEELWYSIGINGS

Enkele afkondigings word gedoen. Oudl. JU Smith van APK Alberton word met sy verjaardag seën toegebid.

Die volgende afgevaardigdes neem sitting:

Diak. IJ Booysen, APK Johannesburg, 13/8/1993; diak. HB Kloppers, APK Potgietersrus, 13/8/1993; oudl. JA du Plessis, APK Hartbeespoort, 13/8/1993; oudl. JJ Malan, APK Nigel, 13/8/1993.

## 128. DAG VAN VEROOTMOEDIGING

**Voorstel goedgekeur en moet in die Herderlike Brief opgeneem word:**

**Die Sinode besluit dat in die lig van die huidige rewolusionêre omstandighede wat in die land heers en die Bybelgetroue kerke en die Christendom se lewens- en werkruimte ernstig bedreig, die AP Kerk opgeroep word vir 'n dag van verootmoediging en gebed. Dit kan op Sondag 10 Oktober geskied.**

**In aansluiting hierby steun die Sinode ook die oproep van die Afrikaner Volksfront om by die Voortrekkermonument 'n volksaamtrek te organiseer met die oog op gebed en verootmoediging.**

**Ons begeer dat alle ander meelewende kerke en Christenbelyers vanuit hulle eie inisiatief en bevoegdheid aan hierdie oproep sal meedoen.**
(Dr JH Ellis; ds LH Jacobs)

**Besluit: Die SKK sal die saak na goeddunke hanteer.**

## 129. VERKIESING VAN BRKA-LEDE

**Die vergadering konstitueer as RKA en besluit dat die vyf persone wat die meeste stemme ontvang, as BRKA-lede beskou sal word. Die 5 broeders wat verder die meeste stemme ontvang, sal die sekundi uitmaak.**

Die groslys/stembrief vir die BRKA-ouderlinge word aan die vergadering uitgedeel.

## 130. SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES

Die vergadering konstitueer as Sinode.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Kommissies op om, met inagneming van die beginsel van kontinuïteit, ook te sorg vir genoegsame wisseling van lede van permanente kommissies wanneer hulle die permanente kommissies indeel vir voorlegging aan die Sinode, met die doel dat daar in die toekoms geen kommissie sal wees wat elke keer uit presies dieselfde predikante of ouderlinge sal bestaan nie.**

**Motivering**

1. Beheer deur enkele persone oor werk/lasgewing van die Sinode/RKA, kan oor die langtermyn ongesond wees (of sinodokrasie kan ontstaan).
2. Nuwe lede bring nuwe denkpatrone en werk vrugbaar op die verspreiding van kundigheid regdeur die kerk/e.
(Ds. DS Fourie; ds. JP Bezuidenhout)

## 131. VERSLAG: FINANSIËLE KOMMISSIE (vervolg) (Sakelys bl. 147)

Ds. CF Swart lê die verslag voor.

**4.1.6 Brookshuis**

**4.1.6.1** – Kennis geneem.

**4.1.6.2** – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**4.1.6.3.1 Die Sinode besluit dat aangesien Brookshuis aangekoop is met fondse wat uit eie beskikbare fondse geleen is, moet die bedrag van aankoop mettertyd per begroting teruggeplaas word.**

**Aanbeveling gewysig en goedgekeur:**

**4.1.6.3.2 Die Sinode keur die besluit van die FK (20 Oktober 1992) goed dat die koste van verbeterings aan Brookshuis oor 4 jaar uit die sinodale begroting verhaal word sonder dat rente op lenings uit eie fondse gehef word.**

Aanbeveling goedgekeur (Sakelys, bl. 152):

**6.2.1.4 In die geval van gemeentes in kombinasie en gemeentes met 'n bedieningsooreenkoms word die bedrag deur een gemeente aan 'n ander oorbetaal, nie 'n tweede keer bereken vir die persentasie-bydrae nie.**

Aanbeveling goedgekeur:

**6.2.1.5 Kontant ontvang uit lenings wat aangegaan word, is nie kontantontvangste nie. Wanneer sodanige lening in 'n skenking omskep word, is dit 'n kontantontvangste.**

Aanbeveling soos gewysig goedgekeur:

**6.2.1.7 Die persentasie vir die sinodale bydrae word elke jaar deur die FK hersien, in die lig van heersende behoeftes, en aan die Sinode of sy verteenwoordiger voorgelê (behalwe vir 1994 en 1995 wat die Sinode reeds vasgestel het), maar dit mag nie meer as 15% wees nie.**

Begroting van Uitgawes 1994 (Derde Sakelys, bl. 25)

Die vergadering konstitueer as RKA.

5.3.1 BRKA

Die voorgestelde nuwe administratiewe poste van sekretaresse/tikster, Argief: Deeltyds en Tydelike hulp staan oor tot by die behandeling van die verslae.

Origens word die volgende begroting goedgekeur:

| | WERKLIK 1992 | BEGROOT 1993 | BEGROOT 1994 |
|---|---|---|---|
| | R | R | R |
| **UITGAWES** | 1 009 856 | 1 327 250 | 1 618 650 |
| APK Trustfonds | 1 381 | – | 8 000 |
| Bankkoste | 2 855 | 6 000 | 5 000 |
| Diverse | – | 5 000 | 5 000 |
| Huur van toerusting | 11 118 | 8 000 | 30 000 |
| Instandhouding – geboue/ terrein/meubels | 24 995 | 40 000 | 40 000 |
| Munisipale koste | 35 111 | 40 000 | 45 000 |
| Ouditgelde | 2 650 | 2 250 | 2 650 |
| Posgeld | 8 112 | 20 000 | 15 000 |
| Regskoste | 165 | 5 000 | 5 000 |
| Reiskoste – administratief | 19 346 | 30 000 | 35 000 |
| Reiskoste – vergaderings | 21 018 | 45 000 | 40 000 |
| Salarisse | 812 991 | 1 020 000 | 1 256 000 |
| – Huidige personeel | | | 1 056 000 |
| – Sekretaresse/tikster | | | 70 000 |
| – Argief: Deeltyds | | | 30 000 |
| – Teologiese Skool: Deeltyds | | | 20 000 |
| – Finansies: Tydelike hulp | | | 30 000 |
| – Tydelike hulp | | | 50 000 |
| Skryfbehoeftes | 23 414 | 40 000 | 40 000 |
| Spaarplan – leraars | 11 462 | 13 000 | 12 000 |
| Telefoon | 22 688 | 35 000 | 40 000 |
| Versekering | 5 567 | 8 000 | 15 000 |
| Verversings en spysenIering | 6 983 | 10 000 | 25 000 |
| **KAPITAALITEMS** | 480 370 | 425 000 | 300 000 |
| Meubels en toerusting | 43 335 | 75 000 | 50 000 |
| Verbeterings | 437 035 | 350 000 | 250 000 |
| **TOTAAL VIR DIE JAAR** | **1 490 226** | **1 752 250** | **1 918 650** |

## MOONTLIKE VERKOOP VAN JEUGTUISTE

**Voorstel goedgekeur:**

**Die RKA besluit dat die BRKA opdrag kry om, indien hy dit nodig vind, die Jeugtuiste te verkoop.**
(Dr. CI van Heerden; ds. DR Schwartz)

(Vergelyk ook Sakelys bl. 170, 9.3.1)

Die vergadering konstitueer weer as Sinode.

## 132. FINANSIËLE KOMMISSIEVERSLAG (vervolg) (Sakelys 3 bl. 26)

**5.3.2 SKK – begroting goedgekeur:**

| UITGAWES | WERKLIK 1992 | BEGROOT 1993 | AANGEVRA 1994 | BEGROOT 1994 |
|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R |
| Bedieningswerk | 240 091 | 350 000 | 350 000 | 350 000 |
| Boodskapper | 166 496 | 150 000 | 200 000 | 200 000 |
| Reiskoste – vergaderings | 35 175 | 40 000 | 45 000 | 45 000 |
| Sinodekoste | 3 604 | 50 000 | 50 000 | 40 000 |
| Studiefonds – leraars | 10 882 | 150 000 | 50 000 | 100 000 |
| TOTAAL VIR | 456 248 | 740 000 | 695 000 | 735 000 |

**Intekengeld "Die Boodskapper"**

Aanbeveling **5.7.2** op bl. 165 word nie goedgekeur nie.

**5.3.3 Kuratorium**

**Die begroting word goedgekeur met inagneming van die volgende besluite:**

**Reiskoste Dosente**

Die volgende voorstel word nie aanvaar nie:

Die Sinode besluit dat die reiskoste van dosente met 10% sal styg.
(Oudl. JA du Plessis; oudl. JL Grundling).

**Ordemosies**

Die Sinode neem kennis van die volgende ordemosies wat teruggehou is en die voorstellers het in aansluiting by die Sakelys geleentheid om die saak te stel.

1. Die Sinode neem pt. **6.2.12** aanbeveling 2 in die verslag van die Kuratorium (Sakelys, bl. 23) net na pt. **4.1.5** (Sakelys, bl. 147) in die verslag van die FK in behandeling.

**Motivering**

Die instel van 'n vyfde leerstoel aan die Teologiese Skool is op hierdie stadium die belangrikste saak waarvoor die FK behoort te begroot.
(Ds. HF Jooste).

2. Die Sinode besluit dat aanbeveling **6.2.1** (bl. 152) van die Kommissie vir Finansies direk na punt **3.6** (bl. 145) van dié verslag, aan die orde kom.

**Motivering**

Die saak oor die trustfondse wat vrygestel is deur die 1991 – Sinode van die 15% bydrae is van kardinale belang. Dié besluit het besliste implikasies vir soveel finansiële besluite byvoorbeeld die vyfde leerstoel in die teologie, begrotings van kommissies, ensovoorts. Dit is dus absoluut noodsaaklik dat hierdie aanbeveling eerste aan die orde kom.
(Ds. HC Venter; oudl. RG Tait).

**Willie Lubbe Studiefonds** (Derde Sakelys, bl. 25, punt **5.3.3**)

**Voorstelle goedgekeur:**

1. **Die Sinode gee goedkeuring dat daar 'n kollekte in die vergadering vir die Willie Lubbe Studiefonds gehou word.**
   (Dr. CI van Heerden; oudl. W Dunckley).
2. **Die Sinode besluit om dit aan die FK en BRKA op te dra om in geval van nood die Willie Lubbe Studiefonds te ondersteun in die uitvoering van sy taak om studente te ondersteun ten einde hulle studies te voltooi.**
   (Oudl. C Oosthuizen; ds. MC Adendorff).
3. **Die Sinode bevestig sy besluit om jaarliks 'n vrywillige kollekte ten bate van die Willie Lubbe Studiefonds by gemeentes te vra. Die Sinode versoek met groot erns dat gemeentes sover moontlik aan hierdie versoek sal voldoen en dat hierdie saak met alle moontlike middele bekend gemaak sal word by gemeentes. So 'n versoek kan bv. in briewe aan gemeentes, 'n oproep in Die Boodskapper en as 'n punt in die Sinode se Herderlike brief aan gemeentes gerig word.**

**Motivering**

1. Min gemeentes gee tans gehoor aan sodanige versoek.

2. Die Sinode het alreeds besluit om 'n vrywillige kollekte op die Sondag die naaste aan die datum van kerkstigting by gemeentes aan te beveel.
3. Groot finansiële druk kan in die toekoms van die begroting geneem word as hier behoorlike reaksie op hierdie versoek is. (As 236 gemeentes bv. Rl 000-00 per gemeente of R10 – 00 per lidmaat kan skenk aan die Willie Lubbe Studiefonds kan R236 000-00 tot selfs meer as R350 000-00 beskikbaar kom, sonder las op die begroting.)
4. Baie kerke het alreeds hul eie geboue en is finansieel sterk genoeg om selfs groter bydraes aan die Willie Lubbe Studiefonds te skenk om die saak van teologiese opleiding in die kerkverband te dien.
5. R1 000-00 is 'n mikpunt wat baie maklik deur bv. 'n spesiale kollekte of straatverkoping gehaal kan word.
6. Bydraes vir die fonds kan van inkomstebelasting afgetrek word, indien vermeld. (Ds. Attie Boshoff; oudl. MJ de Villiers).

**Vyfde Leerstoel**

Kyk **6.2.12** Aanbeveling 2, bl. 23 Eerste Sakelys en Derde Sakelys, bl.26, punt **5.3.3**

**Amendement goedgekeur:**

1. **Die Sinode keur die vyfde leerstoel, naamlik die leerstoel in Praktiese Teologie, in beginsel goed.**
2. **Die Sinode dra dit aan die Finansiële Kommissie op om vir die pos te begroot.**
3. **Die vergadering dra dit aan die Kuratorium op om, indien moontlik, uitvoering aan die besluit te gee met ingang vanaf 1 Januarie 1994.**
4. **Indien dit om finansiële redes nie moontlik is om uitvoering aan die opdrag in pt. 3 te gee nie, word dit aan die Kuratorium opgedra om in oorleg met die Finansiële Kommissie en die BRKA, wel *so spoedig moontlik* uitvoering aan die opdrag te gee.** (Dr. GJJ Labuschagne; dr. Cl van Heerden).

Op voorstel van dr. Cl van Heerden sing die vergadering Gs. 5:1.

**Na enkele afkondigings verdaag die vergadering om 10:35 vir tee.**

**Die Vergadering hervat sy werksaamhede om 11:00.**

## AFKONDIGINGS

Die Voorsitter kondig aan dat 'n skoonseun van ds. HC van der Merwe ná 'n motorongeluk oorlede is en betuig meegevoel met die leraar en sy familie.

## 133. SKENKING

Die Sinode neem met dank kennis van die skenking van R7 200 vir die eerste jaar se reiskoste van die vyfde dosent. Die afgevaardigdes van APK Buhrmannsdrif oorhandig die tjek.

## 134. BRKA-LEDE VERKIES

**Die uitslag van die verkiesing van vyf primariusouderlinge (en sekundi) as lede van die BRKA word aangekondig:**

| **Primarii** | **Sekundi** |
|---|---|
| Oudl. MJ Cornelius | Oudl. HCG Bester |
| Oudl. LR Treurnich | Oudl. AJ Pienaar |
| Oudl. BJM Rossouw | Oudl. JHC Lordan |
| Oudl. JA du Plessis | Oudl. HS Lombard |
| Oudl. B Moodie | Oudl. WLV Fick |

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om voortaan die SKK en die Kommissie vir Publikasies en "Die Boodskapper", saam met ander Sinodale kommissies ná 'n voorlegging deur die Tydelike Kommissie vir die aanwysing van Permanente Kommissie aan te wys.**
(Ds. AS van Jaarsveld; ds. LD Pienaar).

## 135. VERSLAG VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE (vervolg) (Derde Sakelys bl. 27)

**5.3.4 Ander Kommissies**

**Begroting goedgekeur, met inagneming van die volgende besluite:**

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode verwys die aanpassing van die begroting van uitgawes vir kommissies na die FK om met die kommissies wat deur die rasionalisasie van kommissies geraak is, te onderhandel in verband met hulle begrotings.**
(Ds. CF Swart; ds. LD Pienaar).

**5.3.5 Opsomming**

Kennis geneem. Ds. Pienaar meld dat indien die koste van die vyfde leerstoel teen 'n bedrag van R133 546 ingesluit word, die totale begroting van uitgawes op R3 554 836 te staan kom, wat 'n 10,8% verhoging beteken.

**6. Aanbeveling (Derde Sakelys, bl. 30)**

**6.1 Alle kommissies van die Sinode en die RKA word dringend versoek om waar moontlik besparings toe te pas, selfs in die goedgekeurde begroting. – Goedgekeur.**

**6.2 Die Sinode keur die begroting van uitgawes (pt. 5.3) vir 1994 goed. – Afgehandel.**

**7. Opmerkings** (bl. 30)

7.1 Kennis geneem.

7.2 Kennis geneem.

**7.3 Aanbevelings (bl. 31)**

**7.3.1 Aanbevelings soos volg goedgekeur:**

**Die Sinode spreek sy innige dank uit aan alle personeellede vir hulle pogings om te bespaar.**

**7.3.2 Die Sinode spreek sy innige dank uit aan die personeel van die Afdeling Finansies vir hulle getroue diens in belang van die werksaamhede in die kerkverband.**

**7.3.3 Die Sinode spreek sy dank uit aan gemeentes wat hulle bydraes getrou oorbetaal het, sodat die administrasie in die Kerkkantoor kon voortgaan.**

**7.3.4 Die Sinode betuig sy dank aan die hemelse Vader dat daar nog steeds fondse en middele was om die werk van die APK voort te sit en roep gemeentes op om gedurig voorbidding te doen vir die voorsiening van die geldelike middele in sowel die plaaslike kerke as in die kerkverband.**

F. Samestelling van die Kommissie (bl. 31) – Kennis geneem. (Kyk ook Sakelys bl. 135)

DANK AAN DIREKTEUR EN PERSONEEL

**Die Sinode betuig sy dank en waardering teenoor die Direkteur van Kerkadministrasie en sy personeel vir hulle onbaatsugtige diens.**
(Ds. AJ van Niekerk; ds. DS Fourie).

Op versoek van die Voorsitter doen oudl. WLV Fick 'n dankgebed vir die leiding wat die Sinode ontvang het om 'n 5e leerstoel in die Teologiese Skool in te stel, en hy loof ook die Here vir die werk wat deur al die permanente kommissies gedoen is.

BESPARING

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om die volgende besparende praktyke in die APK te implementeer sover dit moontlik uitvoerbaar is t.w.**

1. **ten einde rente te bespaar op die oortrokke rekening van die BRKA, word kerkrade versoek om die F1-vorms betyds te voltooi sodat hulle die kantoor nie later nie as die 10e van elke maand bereik;**
2. **ten einde kostes te spaar ten opsigte van skryfbehoeftes, word voortaan op beide kante van die papier gefotostateer;**
3. **'n beroep word op gemeentes gedoen om advertensies in "Die Boodskapper" te plaas.**
(Oudl. WLV Fick; ds. A Boshoff (Snr.).

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat slegs**

1. **Twee kopieë van die gedrukte Handelinge van die Sinode van 1993 aan elke gemeente gestuur sal word waar daar 'n leraar is en**
2. **een kopie aan elke gemeente sonder 'n leraar.**
(Ds. LH Jacobs; Dr. JH Ellis).

DANK AAN REKENMEESTER

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode spreek sy dank uit teenoor br. CJ de la Rey vir sy onbaatsugtige diens gelewer aan die Afrikaanse Protestantse Kerk vanaf die ontstaan van die kerk. Die Sinode bid hom en sy eggenote die seën van die Here toe en wil die vertroue uitspreek dat ons kerk nog lank van sy dienste gebruik sal kan maak.**
(Prof. HCG Robbertze; oudl. HCG Bester).

DANK AAN FK

Besondere dank word aan die FK betuig vir uitmuntende diens gelewer.

## 136. SKK-VERSLAG (VERVOLG)
(Sakelys 1, bl. 2)

**2.7 Verslag van die Verteenwoordiger op Serkos** – Kennis geneem (Sakelys 2, bl. 165 punt 9).

**Aanbeveling goedgekeur:**

**9.1 Die Sinode besluit dat die APK aansoek doen om volwaardige lidmaatskap van SERKOS, en dra dit aan die Tydelike Kommissie vir die samestelling van Permanente Kommissies op om 'n verteenwoordiger met sekundus aan te beveel.**

**4. Opdragte van die 1990 Sinode** (Sakelys 1, bl. 3)

**4.1 Verslae oor Islam, Hindoeïsme, Bevrydings- teologie, Satanisme en Demone** – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**4.1.1 Die Sinode betreur dit dat die pamflette oor Islam, Hindoeïsme, Bevrydingsteologie, Satanisme en Demone nog nie verskyn het nie**

**gesien die lang tydsverloop sedert die hantering daarvan en herhaal sy opdrag vir die druk van die pamflette soos saamgestel deur die PKKEN en gedruk deur die Publikasiekomitee.**

**4.2 Onderwys** – Kennis geneem.

**4.3 Ontmoet die APK en Sending** – Kennis geneem.

**5. Gemeentes gestig na die vyfde Sinode 1991** (kyk ook Sakelys 2, bl. 165)

APK Kriel 21/11/91
APK Pofadder 29/11/91
APK Murraysburg 01/12/91
APK Robertson 17/01/92
APK Koffiefontein 09/02/92
APK Jeffreysbaai 08/03/92
APK Pietermaritzburg 15/03/92
APK Bainsvlei 10/5/92
APK Edenburg 17/5/92
APK Gobabis 13/7/92
APK Johannesburg-Suid 29/11/92
APK Rietdal 17/01/93
APK Albertinia 22/01/93
APK Philippolis 24/01/93
APK Richardsbaai 31/01/93
APK Brakrivier 01/02/93
APK Winburg 02/5/93
APK Knysna 01/6/93
APK Reitz 11/6/93

– Kennis geneem met dank.

**Aanbeveling 6.1 (Sakelys 2, bl. 165) goedgekeur:**

**Die Sinode dank die Here vir negentien nuwe gemeentes en heet hul afgevaardigdes spesiaal welkom.**

**5.1 Gemeentes ontbind** (Sakelys 1, bl. 4) – Kennis geneem.

**6. Hantering van korrespondensie** (Sakelys 1, bl. 4) – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**6.1 Die Sinode keur die volgende werkswyse vir navolging van Kommissies goed:**

1. **'n Stuk wat per abuis (uit menslike fout of onkunde oor kerkordelike prosedure) by 'n Kommissie/Direkteur van Kerkadministrasie aankom, word aan die regte instansie/persoon/kommissie volgens kerkorde deurgestuur.**

Van aanbeveling **6.1.2** word kennis geneem.

**7. Interkerklike verhoudings** – Kennis geneem.

**8. Reisende leraars** – Kennis geneem.

**9. Hospitaalbesoek** – Kennis geneem (met byvoeging van di. JN Joubert; JA Jacobs; JAC Erasmus).

**10. Studiehulp** – Kennis geneem.

**11. Lasgewing** – Kennis geneem.

**Aanbevelings goedgekeur:**

**11.1 Voeg in by Q9 na "gelegitimeer" die woorde "of toegelaat". Die punt lees dus "persone deur die Kuratorium gelegitimeer of toegelaat, kan deur die SKK in reisende diens in die kerke in kerkverband gebruik word ..."**

**11.2 Die Sinode wys Ringe daarop dat die statistieke rakende die totale belydende- en doopledmaatgetalle betyds aan die Kerkkantoor gestuur moet word aangesien dit benodig word deur die SKK vir uitvoering van lasgewing Q8.**

**12. Hulp aan Gemeentes** (Sakelys 1, bl. 5) – Kennis geneem.

**13. Biddae** – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**13.1 Die Sinode roep alle gemeentes op om steeds in diepe ootmoed en biddend voor God te leef met erkenning van sy almag en genade.**

**14. Vyfjarige Vieringe** – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**14.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om tydig op te tree ten einde 'n program te reël vir die 10-jarige feesvieringe in 1997.**

**15. Gideons van Suid-Afrika** – Kennis geneem.

**16. Preekvergunning** – Kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**16.1 Die Sinode wys kerkrade daarop dat die besluit "Wie mag preek in APK" steeds van krag is en nagekom moet word.**

**Voorstel insake leesdienste deur eerstejaar teologiese studente goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat 'n eerstejaarstudent aan die Teologiese Skool op versoek en onder toesig van 'n kerkraad leesdienste mag hou. Hy moet preekbundels en preke soos in punt 3 van Bylae 1 in die Kerkordeboek aangedui, gebruik.** (Prof. dr. R Marè; ds. LD Pienaar).

**Aanbeveling goedgekeur:**

**16.2 Die Sinode versoek die kombinasie Messina/Weipe om te verduidelik waarom 'n leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk die kombinasie op 'n voltydse basis bedien.**

Ds. AS van Jaarsveld (as lid van die Ring) gee

'n kort verduideliking van die besondere omstandighede van die kombinasie waarin van die dienste van dié leraar gebruik gemaak is. Die betrokke leraar is tans, na toelating deur die Kuratorium en bevestiging, as afgevaardigde leraar op die Sinode teenwoordig – Kennis geneem.

**17. Ringstatistiek** (Sakelys 1, bl. 6-7)

**17.1-17.3.5** – Kennis geneem.

LW. die totale vir die volgende gemeentes (bl. 7) is verkeerd bereken, en moet soos volg wees:

| | TOTAAL 1991 | TOTAAL 1992 |
|---|---|---|
| Brandfort | 999 | 1 085 |
| Graniet | 1 330 | 1 452 |
| Hennenman | 968 | 1 097 |
| Memel | 668 | 665 |

**17.3.6** Kennis geneem met weglating van Hennenman en met invoeging van Memel.

**Aanbevelings soos volg goedgekeur:**

**17.4.1 Die Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die Here God vir die geseënde groei wat die afgelope jare ondervind is. Dit wat klein begin het, is vandag die bewys van God se goedheid, hulp en leiding want Hy het die groeikrag gegee. Lidmate word opgeroep om in dankbaarheid die Koning van ons Kerk, Jesus Christus, met nuwe ywer en toewyding te dien en eer.**

**Die Vergadering besluit dat die sin "Lidmate word opgeroep ... en eer" in die Herderlike Brief opgeneem word.**

**17.4.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Kerkkantoor vir ure se werk om die statistiek te bekom.**

**17.4.3 Die Sinode dra dit aan die BRKA en SKK op om in hulle beplanning met die statistiek oor lidmaatverspreiding rekening te hou.**

**17.4.4 Die Sinode dra dit aan die Publikasiekommissie op om die statistiek te gebruik in die bepaling van 'n mark vir publikasies veral ook ten opsigte van Verbondsonderrigmateriaal.**

**17.4.5 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die lae groei in die getal dooplidmate. Kerkrade word gewaarsku teen die pogings om gesinsbeplanning te propageer terwyl geboortebeperking onder die Afrikanervolk hierdeur bevorder word. (Word opgeneem in die Herderlike Brief.)**

**17.4.6 Die Sinode verwys die statistiek oor die aantal gemeentes per Ring na die Tydelike Kommissie vir die indeling van Ringe vir aandag en moontlike aanbevelings.**

**17.4.7 Die Sinode wys Ringe daarop dat werkloosheid en gevolglike verarming 'n groterwordende invloed op gemeentes kan hê en dat tydige en gekoördineerde optrede nodig is om probleme die hoof te bied.**

**17.4.8 Die Sinode wys Kerkrade daarop dat spanning en konflik verwoesting in 'n gemeente kan saai. Daar moet voortdurend met die gesindheid van Jesus Christus opgetree word (Flp. 2:1-5) terwyl in liefde regeer, gedien, ondersteun en vermaan word.**

**18. Beskrywingspunte** (Sakelys 1, bl. 8) – Kennis geneem.

**Aanbevelings goedgekeur:**

**18.1 Die Sinode besluit om die volgende beskrywingspunte wat laat ontvang is, na die onderskeie Permanente Kommissies te verwys vir hantering.**

**(a) Ring van Middelburg – i/s inkorting van traktementverhoging na FK.**

**(b) Ring van Middelburg – i/s Gelykstelling van God met afgode tydens onderhandelinge van Regering na SKK.**

**(c) Ring van Roodepoort – i/s Mediese fonds bydraes na FK.**

**(d) Ring van Hennenman – i/s Heroorweging van Sinodebesluit oor 15% bydraes na FK.**

**(e) Ring van Brandfort – i/s Riglyne aan gemeentes ten opsigte van traktement – preekbeurt van besoekende leraar na FK.**

**(f) Ring van Brandfort – i/s Israelvisie na KKCE.**

**(g) Ring van Brandfort – i/s Hersiening van bep. van KO bl. 56 bylae 2 – prosedure by opname van lidmate na KKS.**

**(h) Ring van Suidkus – i/s Wysiging van Afdeling III bylae 1, punt 3 op bl. 56 van KO na KKS.**

**(i) Ring van Suidkus – i/s Alternatiewe boekelys in Die Boodskapper na PK. (Publikasiekommissie)**

**(j) Ring van Suidkus – i/s 15% aanslag op gemeentes na FK.**

**(k) Ring van Suidkus – i/s Verlaagde standaarde van godsdienstige programme van SAUK na SKK.**

**(l) Ring van Suidkus – dank teenoor die Hersieningskommissie vir Verbondsonderrigboeke na KJV (Kommissie vir Jeug, Verbondsonderrig).**

(m) **Ring van Nelspruit – i/s Regstellende maatreëls 15% heffing na FK (hierdie beskrywingspunt was reeds in 1992 ontvang maar is per abuis nie na die FK verwys nie)**

**18.2** Ring van Nelspruit i/s Beswaar by Staatspresident teen beleid van regsverydeling – Kennis geneem

**Motivering** – Kennis geneem

**18.2.1 Aanbeveling van die SKK goedgekeur:**

**Die Sinode versoek die SKK om 'n skrywe te rig aan die persoon van die Staatspresident, mnr. FW de Klerk, om ernstig beswaar te maak teen 'n beleid van regsverydeling. Hy moet daarop gewys word dat die Staat wet en orde moet handhaaf (Rm. 13 en NGb Art. 36).**

**18.3** Ring van De Aar i/s Toekoms van CVO-skole – Kennis geneem.

**18.3.1 Aanbeveling van die SKK goedgekeur:**

**Die Sinode keur dit goed dat die SKK in gesprek tree met die regering oor die toekoms van CVO- en kerkskole indien 'n nuwe grondwet wel opgestel word.**

**18.4** Ring van Beaufort-Wes i/s Geboortedatum van leraars in Kerkjaarboek – Kennis geneem.

**18.4.1 Aanbeveling van die SKK goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.**

**19. Begroting** – Kennis geneem (Afgehandel).

**20. Slot** – Kennis geneem.

## 137. SKK-VERSLAG (Sakelys 2, bl. 161)

**1-3** – Kennis geneem.

**Aanbevelings goedgekeur:** (Kyk ook Handelinge bl. 3, pt. 15)

**3.1 Skedule (bl. 161)**

**Die Sinode keur die skedule goed as riglyn vir die hantering van die Sakelys ten einde binne die beskikbare tyd al die werk af te handel.**

**3.2 Beperking van verslag op Saterdag 14/8/1993**

**Die Sinode besluit dat geen verslae van Permanente Kommissies op Saterdag 14 Augustus 1993 ter tafel geneem word nie. Slegs verslae van Tydelike Kommissies kan in die beskikbare tyd hanteer word. Werk wat nie teen 09:30 op 14 Augustus 1993 behandel is nie, word nie ter tafel geneem nie.**

**3.3 Prioriteitslys:**

**Voorsitters van Kommissies wat verslae aanbied waarvan die bespreking moontlik die toegemete tyd kan oorskry, moet 'n prioriteitslys van sake in hulle verslae opstel en vooraf aan die Voorsitter van die Sinode beskikbaar stel. Wanneer die toegemete tyd vir bespreking verstreke is, staan die res van die verslag oor. Indien later op die skedule weer tyd beskikbaar word, kan verdere behandeling van onafgehandelde verslae oorweeg word.**

**3.4-3.5** – Afgehandel.

**4. Publikasiekomitee** – Kennis geneem.

**4.1-4.8** – Kennis geneem.

**4.9 Aanbevelings soos volg goedgekeur (Sakelys 2, bl. 163):**

**4.9.1 Die Sinode oordeel dat die ideaal van 'n selfstandige publikasie-afdeling met 'n eie publikasiehoof vir die onmiddellike toekoms nog nie verwerklikbaar is nie omdat dit, veral in die huidige ekonomiese klimaat, te duur gaan wees.**

**4.9.2 Die Sinode keur die pos van senior sekretaresse/ tikster vir die Publikasiekomitee goed en dra dit aan die FK op om daarvoor te begroot.**

**4.9.3 Die Sinode keur 'n halfdagpos vir 'n Argivaris goed en dra dit aan die FK op om daarvoor te begroot.**
(Van die motivering word kennis geneem.)

**4.9.4 Die Sinode keur 'n begrotingspos vir tydelike hulp (plus minus R50 000 per jaar) goed sodat die BRKA in groeiende behoeftes tydelik kan voorsien en so permanente poste wat veel duurder is, so lank moontlik kan uitstel. Die Sinode dra dit aan die FK op om hiervoor te begroot.**
(Van die motivering word kennis geneem.)

**7. Reisende leraars (Sakelys 2, bl. 165)**
– Kennis geneem.

**8. Brosjure oor Sendingbeleid (Sakelys 2, bl. 165)**
– Kennis geneem.

**Sakelys 3, bl. 5 (vervolg)**

**Bylae SKK/3**

Beswaarskrif insake kerklike kleredrag – Kennis geneem.

Amendement op beswaarskrif insake kerklike kleredrag (Derde Sakelys, bl. 5) nie goedgekeur nie:

**Die Sinode besluit:**

1. om van die beswaarskrif kennis te neem;

2. dat hy hom met die globale strekking van punte 1.1 tot 1.2.6 kan vereenselwig;
3. dat die gedagte dat ons Afrikaanse Protestantse kerke deur die kleredrag van ampsdraers moontlik 'n heidense gebruik navolg, nie onderskryf kan word nie. In ons kerklike verlede was die bedoeling nooit om 'n heidense gebruik te handhaaf nie, maar om die Here te vereer;
4. ofskoon dit geen Bybelse beginsel is dat 'n leraar 'n swart of donker pak klere met wit hemp en wit das tydens eredienste moet dra nie, is dit vir ons 'n mooi tradisie wat geensins met die Skrif in stryd is nie. Elke predikant moet oordeel watter kleredrag in sy gemeente tot die meeste stigting van die gemeente sal dien en hom dienooreenkomstig klee.
(Prof. dr. R Marè; ds. DR Schwartz).

**Die volgende ordemosie word aanvaar:**

**Die Sinode gaan oor tot stemming oor mosies ingedien met betrekking tot die beswaarskrif oor kerklike drag – Goedgekeur.**
(Ds. AS van Jaarsveld; prof. dr. FAH van Staden).

**Amendement goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om by die status quo te hou wat betref die kleredrag van ampsdraers in die AP Kerk.**
(Ds. JA Jacobs; dr. JH Ellis)

## 138. MEDIAVERSLAG

Derde Mediaverslag uitgereik oor Woensdag 11 Augustus 1993 word gewysig en goedgekeur:

**Die Sinode van die APK het weer eens helder en duidelik besluit: Die plaaslike gemeente is volledig kerk. Die Sinode het hom weer eens sterk uitgespreek teen enige vorm van sinodokrasie (heerskappy deur sinode). Kommissies van die Sinode is drasties gerasionaliseer.**

**Die Sinode het die brosjure "Elkeen, oral gestuurde", wat riglyne i.v.m. die sendingbeleid volledig verwoord, in ontvangs geneem.**

**Die Sinode het homself verbind om gemeentes op te roep tot volgehoue voorbidding**

*** Vir dienspligtiges**
*** Vir polisiestudente**
*** Vir gevangenes en bewaarders**
*** in die algemeen, en in besonder vir hulle wat lidmate van ons AP kerke is.**

**Die Sinode het met leedwese kennis geneem van slagoffers van die rewolusie waaronder ook lidmate van ons en ander kerke. Dit lei daartoe dat daar groot mediese koste ontstaan saam met ander skade, hartseer en ellende. Náás die meegevoelbetuiging deur die owerheid, verwag die onderdane dat die owerheid/staat vir die hospitaal- en mediese koste in hierdie gevalle verantwoordelikheid sal neem.**

Vierde persverklaring uitgereik oor Donderdag 12 Augustus 1993 word goedgekeur:

**Die Sinode het met groot dank kennis geneem van 'n eie Kerkboek wat verskyn het waarin al die formuliere van die Kerk verskyn, waaronder ook die Drie Formuliere van Eenheid. Die Drie Formuliere van Eenheid is deeglik hersien aan die hand van die tekste in die oorspronklike tale soos Frans, Latyn en Nederlands. Ook die teksverwysings by die Nederlandse Geloofsbelydenis soos dit in die ou Franse manuskrip verskyn het, is ingebring.**

**Die Sinode maak groot erns met Bybelverspreiding en het ook besoek ontvang van die Bybelgenootskap se Algemene Sekretaris, ds S Boshoff en Streeksekretaris, ds Madder Steyn. 'n Vrugbare gesprek is gevoer en die Sinode spreek groot waardering uit vir die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met groot dank is daar ook kennis geneem dat die 1953 Bybelvertaling steeds aktief deur die Bybelgenootskap beskikbaar gestel word.**

**Die Sinode het ruim tyd gegee aan die bespreking van die kerk se finansies en hulp aan gemeentes wat probleme kry en nog mag kry in hierdie tyd van finansiële probleme in ons land. Die Sinode het ook maatreëls getref om die kerk se finansiële posisie gesond te hou.**

Enkele afkondigings word gedoen.

**Die vergadering verdaag vir middagete om 13:15.**

**Die vergadering hervat sy werksaamhede om 14:00 onder voorsitterskap van die Ondervoorsitter, prof. FAH van Staden.**

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode van die APK 1993 wil met groot dankbaarheid aan die rugbyspeler Willie Hills, tans in Jakaranda-hospitaal sy ondersteuning en gelukwense oordra met sy duidelike getuienis as Christen-sportman om nie op Sondae rugby te speel nie.**

Die gelukwense kan so lui:

"Willie, baie geluk met jou getuienis as Christen-sportman oor die dag van die Here. Mag ons Hemelse Vader jou en jou gesin ryklik seën en aan jou 'n spoedige en volkome

herstel gee na die knie-operasie. Sinode APK 1993".
(Ds. PW Botha; ds. LH Jacobs)

## 139. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) (Sakelys, bl. 105)

1. **Personeel** – Kennis geneem.
2. **Verslag aan die Sinode** – Kennis geneem.
3. **Vergaderings** – Kennis geneem.
4. **Kerkordewysigings**

**4.1** Wysiging van Art. 3 van die Kerkorde

**Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode van 1993 besluit om Art. 3 van die Kerkorde te wysig.**

**Art. 3 word gewysig om so te lees:**

**Net blanke Afrikaners, asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rm. 10:9-10), wat die belydenis, leer en hierdie Artikel in die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.**

**4.1.1 Motivering**

**1-7:** – Kennis geneem.

**4.2** Bepaling 11B.1.6

**Aanbeveling 2 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Aan die end van die bepaling voeg die volgende woorde by: "behalwe soos bepaal in Artikel 19".**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.3** Bepaling 12D

**Aanbeveling 3 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit: Skrap die woord "konsulent" in reël 3 van die Bepaling.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.4** Bepaling 14A

**Aanbeveling 4 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Voeg by Bep. 14A die volgende (net voor die laaste sin):**

**'n Predikant wat 'n beroep aanvaar het, bly met die oog op die tugartikels, predikant van die laaste gemeente waarin hy gedien het, totdat hy in die beroepende gemeente(s) bevestig is, ongeag die datum van demissie. "Demissie" beteken dat hy nie verdere diens in die laaste gemeente lewer nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.5** Art. 15

Opdrag – Kennis geneem.

**Aanbeveling 5 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Skrap die vierde opdrag (kursiveer) en vervang met "medeverantwoordelik saam met die ouderlinge vir die verbondsonderrig."**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.6** Artikel 18

Lewensonderhoud – Kennis geneem.

**Aanbeveling 6 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Die artikel word gewysig om te lees: Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.7** Bepaling 23F

**Aanbeveling 7 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Voeg by aan die einde "Indien die beswaar ongegrond bevind word, word die bevinding aan die gemeente bekendgemaak."**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.8** Artikel 25

Soorte – Kennis geneem.

**Aanbeveling 8 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Voeg in ná die eerste woord "Kerkraad", "kyk Art. 33" en skrap die woorde "kerkraad waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word soos bepaal in Art. 11 en 23".**

Motivering – Kennis geneem.

**4.9** Bep. 32 (Slotgedeelte) – Kennis geneem.

**Aanbeveling 9 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Numereer voor "Vestiging van eiendom ..." 32A.7 en voor "Die reg om ..." 32A.8.**

**Vervang in die laaste sin "gewone vergadering" met "kerkraadsvergadering".**

4.10 Art. 33

Samestelling van Kerkraad – Kennis geneem.

**Aanbeveling 10 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Voeg voor "Die kerkraad ... en diakens" die numerering in "Art. 33.1". Voeg in die volgende nuwe bewoording as Art. 33.2 en Art. 33.3.**

**Art. 33.2**

**die ouderlingeraad bestaan uit die ouderlinge en die bedienaars van die Woord as selfstandige vergadering volgens kerkordelike bevoegdhede;**

**Art. 33.3**

**die diakonie bestaan uit die diakens as selfstandige vergadering volgens kerkordelike bevoegdhede.**

**Die Sinode besluit dat "ouderlingevergadering" dwarsdeur die Kerkorde vervang moet word met "ouderlingeraad".**

Motivering – Kennis geneem.

**4.11** Art. 34

Voorsitter van die kerkraad – Kennis geneem.

**Aanbeveling 11 goedgekeur (11.1 soos gewysig deur amendement):**

**Die Sinode besluit:**

1. **Voeg in tussen "kerkraad" en "vergader" die woorde "ouderlingeraad en die diakonie" om soos volg te lees en numereer as Art. 34.1.**

**Art. 34.1**

**Die kerkraad, ouderlingeraad en die diakonie vergader as onderskeie vergaderings, gereeld onder voorsitterskap van 'n voorsitter wat uit eie geledere vir 'n termyn gekies is.**
(Dr. JH Ellis; HJ Niemann)

2. Voeg as Art. 34.2 in
Art. 34.2

**Die kerkraad/ouderlingeraad mag egter in bepaalde omstandighede die eie leraar, die konsulent of 'n predikant in die AP kerkverband (in hierdie volgorde van beskikbaarheid) versoek om as voorsitter op te tree.**

**4.12** Art. 35 – Kennis geneem.

**Aanbeveling 12 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

1. **Vervang "uit" met "deur"**
2. **Bring aan kruisverwysing na Art. 37.8** (Kyk Sakelys bl. 121)

**4.13** Art. 36.5

Ringsvergadering – Kennis geneem.

**Aanbeveling 13 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Voeg 'n nuwe art. 36.5 in wat soos volg lui:**

**'n Ring en buitengewone ring word ingevolge Bep. 37B saamgeroep deur die ringskommissie. Indien geen ringskommissie deur die vorige ring benoem was nie, roep die kerkraad van die gemeente wat in die ringsressort die oudste is, 'n ring op.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.14** Art. 37.8 – Kennis geneem.

**Aanbeveling 14 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit soos aanbeveel in hierdie Verslag, kyk 5.21, Beskrywingspunt (kyk bl. 121, 5.21 Beskrywingspunt SKK B21.)("5.12" moet wees "5.21"):**

**Aanbeveling 46 (bl. 121-122) gewysig en goedgekeur:**

**Die Sinode gee gevolg aan die volgende beskrywingspunt:**

**Werksaamhede van Ring**

1. **Die Sinode besluit om ná Art. 37.7 'n nuwe artikel in te voeg as Art. 37.8 wat soos volg lees:**

   **die werksaamhede van die ring is:**

   ...

   ...

   **37.8 om tussen sinodes die ring te kan verdeel en/of met 'n ander ring(e) te reël vir die hergroepering van 'n gemeente(s), kyk Art. 35, met rapport aan die volgende Sinode, en onmiddellike kennisgewing aan die amptelike kerkblad."**

2. **Die Sinode besluit om Art. 35 wat soos volg lees:**

   **"die ring word saamgestel deur naburige kerke (gemeentes) soos deur die Sinode gegroepeer en vergader minstens een keer per jaar",**

   **uit te brei om te lees:**

   **"die ring word saamgestel deur naburige kerke (gemeentes) soos deur die Sinode gegroepeer en vergader minstens een keer per jaar, kyk ook Art. 37."**

Motivering – Kennis geneem.

**4.15** Bep. 37 I (Sakelys, bl 108) – Kennis geneem.

**Aanbeveling 15 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Voeg in ná "mag" "behalwe in die geval van 'n buitengewone ringsitting" om te lees**

**"Niemand mag, behalwe in die geval van 'n buitengewone ringsitting, by twee agtereenvolgende ringsittings as voorsitter optree nie."**

**4.16** Art. 38.1 – Kennis geneem.

Die Voorsitter, prof. WJG Lubbe, neem die voorsitterstoel in.

## 140. AFKONDIGINGS

Afkondigings word afgehandel. Die Voorsitter verwelkom emeritus ds ZB Loots ter vergadering.

## 141. BELEGGINGS

**Voorstel goedgekeur en vir ondersoek verwys na die Finansiële Kommissie, BRKA en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake:**

**Die Sinode keur dit goed dat gemeentes in kerkverband wat beleggings by finansiële instellings het, dit op dieselfde voorwaardes by die BRKA kan belê.**
(Oudl. B Terblanche; oudl. JF du Plessis)

## 142. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR RINGSGROEPERING AAN DIE SINODE VAN 1993 (O2)

**Die Ringe word goedgekeur soos voorgelê met die volgende wysigings:**

* **"Ring van Roedtan" word "Ring van Potgietersrus" aangesien APK Potgietersrus ongeveer 'n uur ouer as APK Roedtan is.**
* **"Boshoff" moet lees "Boshof".**
* **"Stellenbosch/Somerset-Strand" moet lees "Stellenbosch-Somerset-Strand".**

## 143. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME (VERVOLG) (Sakelys bl. 88)

Die verslag word verder in behandeling geneem.

**3.4 Erkende kerke (bl. 88 en 95)** – Kennis geneem.

**3.4.1 Aanbeveling staan oor tot môre (14/8/1993)**

**Die vergadering verdaag vir koffiepouse om 16:15.**

# TWEEDE MIDDAGSITTING VRYDAG 13 AUGUSTUS 1993

**Die vergadering hervat sy werksaamhede om 16:40.**

## 144. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME (VERVOLG)(Sakelys bl. 89)

**3.5 Neerdaal na die hel** – Kennis geneem.

**3.5.1 Aanbevelings**

**3.5.1.1 Aanbeveling van PKKEN goedgekeur:**

**Die Sinode keur nie die aanbeveling rakende die beskrywingspunt van die Ring van Germiston i.v.m. "neerdaal ter helle" goed nie.**

**3.5.1.2-3.5.1.3** – Kennis geneem.

**BESKRYWINGSPUNT: BYLAE KEN. 4 BL. 96**

Neergedaal het na die hel – Kennis geneem.

**3.6 Die vrou in die amp** – Kennis geneem.

**3.6.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**3.6.1.1 Die beswaarskrif oor "Die vrou in die amp" slaag nie.**

**3.6.1.2 Die Sinode besluit om te volstaan by die besluit van die Sinode van 1990 oor die vrou in die amp as diaken nl. "Die Sinode besluit om nie die vrou toe te laat tot die amp van diaken nie". (Handelinge 1990 bl. 494). (Vgl. Studiestuk oor "Die vrou in die amp", Bylae KEN.5, bl. 98-100 van Sakelys)**

**Notulering van stemme in minderheid**

Broer, Voorsitter/skriba,

Hiermee teken ons *beswaar* aan teen die besluit van die Sinode oor "Die vrou in die amp", en vra dat ons *teenstem* asseblief aangeteken sal word.

**Motivering**

1. **Die Sinode het in stryd met bep. 31A (bl. 26 en 27) van die Kerkorde die beswaarskrif** *nie* in die Sakelys opgeneem nie.
2. Die Sinode het in stryd met die *ordereëls van die KO* (pt. 13, bl. 50) die oorspronklike voorsteller van die gravamen *nie* geleentheid tot *repliek* gegee nie.
(Drs. S Botes; oudl. LF Behm).

**BESWAARSKRIF: APK STELLENBOSCH I/S DIE VROU IN DIE AMP – BYLAE KEN. 5, BL. 98)**

– Kennis geneem.

**3.7 Pamflet: Onthou ... U het 'n afspraak**

**3.7.1 Aanbeveling soos gewysig deur amendement en goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat AP kerke nie van die pamflet "Onthou ... u het 'n afspraak" gebruik sal maak nie. Alle traktaatjies wat deur die Publikasiekommissie goedgekeur is, kan gebruik word vir verspreiding.**
(Ds. CJJ van Rensburg; ds. OD Scheuer).

**3.8 Verassing** – Kennis geneem.

**3.8.1 Aanbeveling gewysig en goedgekeur:**

**Die Sinode herhaal sy opdrag aan die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek om aanbevelings te doen by 'n volgende sinode oor hoe die kerk praktiese sake i.v.m. verassing moet hanteer.**

**3.8.2 Motivering** – Kennis geneem.

**4. Beskrywingspunte**

**4.1 Nie-ontvanklik** – Kennis geneem.

**4.2 Ontvanklik**

**4.2.1 Die uitbreiding van die Roomse Kerk** – Kennis geneem.

**4.2.1.1** Motivering – Kennis geneem.

**4.2.1.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode doen 'n beroep op al die leraars van die APK om die verdraaide godsdiens van die Roomse Kerk deur prediking en onderrig teë te gaan.**

**4.2.2 Sondagsontheiliging (Ring van Olifantshoek)**

**4.2.2.1 Motivering** – Kennis geneem.

**4.2.2.2 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Olifantshoek rakende Sondagsontheiliging soos volg gewysig, goed:**

**Die Sinode besluit om die Godonterende Sondagsontheiliging in ons land, wat al hoe wyer uitkring, baie, baie ernstig aan te spreek en wel op die volgende wyse:**

1. **Die Sinode dra dit aan die SKK op om 'n ernstige skrywe te rig aan pres. De Klerk en sy kabinet, waarin die Regering gewys word op hulle verantwoordelikheid om die Skrif (Lev. 26:2-21; Jes. 58:13-14) asook die Belydenisskrifte (Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis) te gehoorsaam tot 'n voorbeeld vir die volk.**
2. **Die Sinode versoek kerkrade om streng op te tree teen lidmate wat hulle aan Sondagsontheiliging skuldig maak.**
3. **Die Sinodale Kommissie vir Skakeling met die Media (of die SKK) kry opdrag om ernstige besware in te stuur aan die SAUK TV en die Publikasieraad wat Sondagsport en handel propageer en bevorder.**
4. **Kerkrade word versoek om in eie omgewing gepaste protesaksies te loods om hierdie euwel met wortel en tak uit te roei.**
5. **Kerkrade word versoek om toe te sien dat hierdie saak via prediking, pastoraat, verbondsonderrig en gebedsaksies by mense ingeskerp word.**

**4.2.3 Handves vir menseregte** (Ring van Graniet) – Kennis geneem.

**4.2.3.1 Motivering** – Kennis geneem.

**4.2.3.2 Aanbeveling gewysigd goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis dat die SKK en andere reeds beswaar aangeteken het teen die Handves vir Menseregte en dra dit aan die SKK op om hiermee voort te gaan.**

**Voorstel gewysigd goedgekeur:**

**Die Sinode verwys die sewende verslag in verband met die Menseregte-akte (29 Julie 1993) dringend na die SKK vir bestudering, verspreiding van studieresultate en openbare bekendstelling van ons standpunt in hierdie verband.**

**Motivering**

1. Die menseregte-akte staan in die branding van ons lidmate se lewens en die kerklike funksionering in die toekoms.
2. Blykbaar – volgens inligting – word die finale akte in September 1993 vir finale goedkeuring voorgelê.
(Ds. JP Bezuidenhout; ds. BR Torlage).

**4.2.4 Staatslotery** – Kennis geneem.

**4.2.4.1** (Foutiewelik **4.2.4.2** in Sakelys)

**Aanbeveling gewysigd goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om ernstig beswaar aan te teken indien dit blyk dat 'n staatslotery beoog word en vra die kerke (gemeentes) om dieselfde te doen.**

**4.2.5** Lasgewing PKKEN – Kennis geneem (bl. 90)

"Die Sinode word versoek om die PKKEN se lasgewing so uit te brei dat die PKKEN in samewerking met die SKK besware mag indien teen Godonterende rolprente, video's, TV-uitsendings en toneelstukke".
(Notule PKKEN 24 Maart 1993.)

Die Voorsitter verduidelik dat enige kommissie die SKK mag versoek om sodanige besware in te dien.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag.

## KENNIS VAN REVISIE

Punt **3.2.2** bl. 2 van die Sakelys rakende gesprek met die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het betrekking.

Hiermee word revisie van bogenoemde punt gevra.

**Motivering**

1. Volgens die notule het die stemming as volg verloop.

   Ten gunste van aanbeveling:
   188 stemme.
   Ten gunste van die amendement:
   181 stemme.

   Die totaal dus 369 stemme uit 'n moontlike afvaardiging van 357. (Notule eerste sittingsdag, punt 7.3, bl. 3).

2. Uit punt 1 hierbo is dit duidelik dat groot verwarring ontstaan het oor die wyse van stemming wat gevolg is; ons sien dit uit die getal stemme wat uitgebring is, duidelik dat daar afgevaardigdes was wat vir beide die voorstel en amendement gestem het.

3. Die ongelukkigheid oor hierdie saak blyk uit die groot aantal teenstemme wat genotuleer is.
   (Oudl. PR Pretorius).

**Beswaarskrif**

Voorsitter

Insake PKKEN verslag Sakelys bl. 89 punt **3.5** (Spesifiek met betrekking tot punt **3.5.1.1 – 3.5.1.3**).

Ek teken hiermee beswaar aan dat ek deur die Voorsitter geïgnoreer is toe ek by mikrofoon 5 'n spreekbeurt afgewag het in verband met bovermelde met spesifieke verwysing na die uitdrukking in Art. 4 van die Apostoliese Geloofsbelydenis: "neergedaal het na die hel", waaroor ek 'n **ernstige gewetensbeswaar** het. Die aanbevelings van die Kommissie is summier aanvaar en goedgekeur sonder dat 'n wettige afgevaardigde na die Sinode 'n billike spreekbeurt gegun is.

Ek betreur hierdie optrede en versoek dat my beswaar in die notule opgeneem word.

Vriendelike groete
**Oudl. OF Jeffrey.**

Die Voorsitter verduidelik dat hy nie die broer raakgesien het nie. Die Kommissie se aanbevelings is ook nie ten volle goedgekeur nie – van die grootste deel is net kennis geneem.

## 145. VERLOFKOMMISSIE

Die volgende aansoeke word op aanbeveling van die Verlofkommissie goedgekeur op 13 Augustus 1993:

Diak. DS Greyling, APK Boksburg, 08:00-21:00, 13 Aug. 1993, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Ds. HB Heymans, APK Amajuba, 19:00-21:00, 13 Aug. 1993
Oudl. WJA Britz, APK Potchefstroom, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Oudl. BP Pasques, APK Bethal, 19:00-21:00, 13 Aug. 1993
Ds. FA Grobler, APK Bethal, 19:00-21:00, 13 Aug. 1993
Diak. JJ Schabort, APK Frankfort, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Dr. JA Scholtz, APK Meyerton, 09:30-11:00, 13 Aug. 1993
Oudl. JP Smit, APK Clanwilliam, 13:00-21:00, 13 Aug. 1993
Oudl. BJ Olivier, APK Clanwilliam, 13:00-21:00, 13 Aug. 1993
Oudl. JCN Coetzee, APK Olifantsrivier, 13:00-21:00, 13 Aug. 1993
Oudl. BR Coetzee, APK Venterstad, 17:00-21:00, 13 Aug. 1993
Ds. P Janse v. Rensburg, APK Hoëveldrif, 14:00-16:30, 13 Aug.93 Diak. HR Coetzee, APK Venterstad, 17:00-21:00, 13 Aug. 1993, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Ds. JD Maloney, APK Vryburg, 09:00-12:00, 13 Aug. 1993
Oudl. FA von Wielligh, APK Vryburg, 09:00-12:00, 13 Aug. 1993
Oudl. GM Oberholzer, APK Vryburg, 09:00-12:00, 13 Aug. 1993
Oudl. J Oosthuizen, APK Villiers, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Oudl. CJ Beukes, APK Villiers, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Oudl. FE Oosthuizen, APK Senekal, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Ds. PJB Engelbrecht, APK Senekal, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Oudl. JJ Smith, APK Senekal, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Ds. G Pretorius, APK Arnot/Hendrina, 12:00-14:00, 13 Aug. 1993
Oudl. PC v. Wyk, APK Arnot/Hendrina, 12:00-14:00, 13 Aug. 1993
Ds. PK Roodt, APK Boksburg, 18:00-21:00, 13 Aug. 1993 08:00-11:00, 14 Aug. 1993

Ds. G Smit, APK Parys, 17:00-21:00, 13 Aug. 1993
Ds. ZJ van Rensburg, APK Algoa, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Oudl. B Terblanche, APK Sanddrift, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Oudl. IU Momberg, APK Uitenhage, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Oudl. SWP Theron, APK Algoa, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993
Oudl. DP Kahts, APK Alexandria, 08:00-11:00, 14 Aug. 1993.

## 146. APPÈLLE

**Die vergadering word geslote verklaar vir die behandeling van die appèlle, en saam met alle nie-afgevaardigdes verlaat ook die Ring van Germiston die vergadering.**

## 147. DERDE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE

**1. Appèl Krause (Sakelys bl. 139)**

**1.1 Aanbeveling van TKKS goedgekeur:**

**Die Sinode neem slegs kennis van hierdie saak.**

**1.2 Motivering**

Kennis geneem.

**2. Appèl JHE Adams**

**2.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode neem slegs kennis van hierdie saak.**

**2.2 Motivering**

Kennis geneem.

**3. Appèlskrif van die ouderlingevergadering van die Afrikaanse Protestantse Kerk Boksburg gedateer 10 Maart 1993 teen 'n besluit van die Ring van Germiston geneem op 30 November 1992 – Kyk Appèlskrif vir bewoording van besluit** – Kennis geneem.

**3.1 Orde van hantering**

**3.1.1-3.1.6 – Kennis geneem.**

**3.2 Ontvanklikheid**

Kennis geneem.

**3.2.1 Bevinding goedgekeur:**

**Dit is bevind dat dit aan die vereistes voldoen.**

**3.2.2 Motivering** – Kennis geneem.

**3.3 Beredenering** – Kennis geneem.

**3.4 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode verwys die beswaarskrif van die ouderlingevergadering van die AP Kerk Boksburg terug na die APK Ring van Germiston om de novo hanteer te word.**

Die Sinode keur goed dat al die afgevaardigdes hulle plekke inneem.

## 148. NOTULE

Die notule vanaf Woensdag 11 Augustus 1993 om 14:00 tot Donderdag 12 Augustus 1993 om 13:00 word aan die orde gestel.

**Na enkele wysigings word die notule goedgekeur.**

**Oudl. D Marais van APK Balfour doen 'n tafelgebed waarna die vergadering vir aandete verdaag om 18:35.**

# AANDSESSIE: VRYDAG 13 AUGUSTUS 1993

Die Sinode vergader om 19:30 in die kerkkompleks van APK Pretoria-Oos om 'n Nagmaalsdiens op uitnodiging van die Kerkraad by te woon. Ds. NJ Rautenbach, plaaslike leraar, lei die diens.

**Om 21:15 hervat die Sinode sy werksaamhede.**

Die Voorsitter doen enkele afkondigings. Hy bedank ds. Rautenbach en die Kerkraad vir die Nagmaalsdiens.

## 149. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES

**1. Personeel** – Kennis geneem.

**2. Opdrag** – Kennis geneem.

**3. Uitvoering** – Kennis geneem.

**VERTEENWOORDIGERS VAN STREEKRADE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA – Goedgekeur:**

**1. Johannesburg-Streek**

Ds. WA Jooste (Primarius), Posbus 3528, Witbeeck, 1729
Ds. HC Venter (Sekundus), Posbus 2194, Primrose, 1416
Oudl. GC Cruywagen (Primarius), Gaufstraat 7, Crosby, 2092
Oudl. JS Campher (Sekundus), Hullstraat 44, Sunnyridge, Germiston, 1401.

2. **Kaapstad**

Dr. HJ Smith (Primarius), Posbus 812, Wellington, 7600
Drs. S Botes (Sekundus), Samro 301, Kusweg, Strand, 7140
Oudl. SWJ Engelbrecht (Primarius), Frans Conradie Rylaan 5, Parow, 7500
Oudl. EJ Zeelie (Sekundus), Abodalestraat 41, Bellville, 7530.

3. **Durban**

Ds. CJJ van Rensburg (Primarius), Lighthouseweg 634, Fynnland, 4052
Ds. TJ Verryne (Sekundus), Posbus 101168, Meerensee, 3901
Oudl. HS Lombaard (Primarius), Jo-Naudeweg 1, Malvern, Durban, 4093
Oudl. HCG Bester (Sekundus), Posbus 39072, Queensburgh, 4070.

4. **Bloemfontein**

Ds. JA Jacobs (Primarius), Scholtzstraat 34, Universitas, Bloemfontein, 9301
Dr. WA Burger (Sekundus), Posbus 130, Brandfort, 9400
Oudl. JH Pretorius (Primarius), Posbus 29057, Danhof, 9310
Oudl. PC Gutter (Sekundus), Posbus 175, Winburg, 9420.

5. **Port Elizabeth**

Ds. ZJ van Rensburg (Primarius), Posbus 28409, Sunridge Park, 6008
Ds. JH van Vuuren (Sekundus), Melchiorstraat 13, Kareedouw, 6400

Oudl. IV Momberg (Primarius), Sir Thomas Muir Rylaan 36, Uitenhage, 6230

Oudl. A de Beer (Sekundus), Posbus 28409, Sunridge Park, 6008.

**KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK**

***Primarii***

Di. JJ (Jurie) Venter (Marble Hall) – (Sameroeper)
JA Jacobs (Bainsvlei)
Dr. WA Burger (Brandfort)
Oudl. AJP Opperman (Krugersdorp)

***Sekundus***
Dr. JC Lombard (Bainsvlei)
(Reg van koöptering van kundiges)

**SENTRALE KERKEKOMMISSIE**

Dr. CI van Heerden (Bronkhorstspruit) – Sameroeper
Ds. IA Brink (Carolina)
Ds. MC Adendorff
Ds. NJ Rautenbach (Pretoria-Oos)
Ds. DR Schwartz (Buhrmannsdrif)
Oudl. WLV Fick (Middelburg)

Sek.
Drs. JP Bezuidenhout
Oudl. CJ de la Rey
Dr. MFM Pretorius.

**PUBLIKASIEKOMMISSIE EN "DIE BOODSKAPPER"**

Dr. WJG Lubbe – Sameroeper
Ds. AJ van Niekerk
Ds. AS van Staden
Ds. AP Viljoen
Prof. R Marè
(Reg van 4 gekoöpteerdes)

Hierdie kommissie benoem:
Redaksie van "Die Boodskapper"
Eindredakteur
(Redaksie kies self kernredaksie)

Die Kommissie tree op as Redaksie van "Die Kerkjaarboek".

**KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE**

***Primarii***
Di. IP du Preez (Brakpan)
JA du Plessis (Fochville)
AS van Jaarsveld (Pietersburg) – Sameroeper
MJ Hartzenberg (Sannieshof)
G Smit (Parys)
JAV van der Schyff (Warmbad)
PJB Engelbrecht (Senekal)
DS Fourie (Newcastle)
Oudle. AJ Pienaar (Waterberg)
PR Pretorius (Tuinplaas)

***Sekundi***
Oud. HK Theron (Louis Trichardt)
Oud. JJ Naudé (Reitz)
Ds L de Waal
Ds DR Schwartz

***Adviserend*** (word gekoöpteer wanneer nodig)

1. Prof. FAH van Staden
2. Prof. R Marè
3. Dr. EM Viljoen.

**KOMMISSIE VIR KERKSANG EN KERKMUSIEK**

***Primarii***

Di. GG le Roux (Somerset-Oos) – Sameroeper
JD van der Merwe (Frankfort)
JH Theron (Klerksdorp)
JJ (Kosie) Venter (Hertzogville)
JG van Staden (Naboomspruit)
DJ (Danie) Malan (Vereeniging)

***Sekundi***

Di. CJS Botha
RW Louw
Prof. dr. JC Lombard

***Gekoöpteerde lede:***

Mevv. R Cloete
A Boshoff

**KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS**

***Primarii***

Di. AE van den Berg (Moot-Sentraal)
– Sameroeper
JM Rheeder (Heidelberg)
JAC Erasmus (Bloemfontein-Noord)
Oudle. AJG van Straaten – (Dealesville)
GJ Oosthuizen (Moot-Sentraal)

***Sekundi***

Ds. JJ van der Linde (Heilbron)
Oudl. AGS Gous (Barkly-Wes).

**KOMMISSIE VIR FINANSIES**

***Primarii***

Di. CF Swart (Sameroeper)
JH Engelbrecht
LD Pienaar
Oudle. JS Campher
BJM Rossouw
PC Wentzel
WP Murray
CJ de la Rey (Rekenmeester)

***Sekundi***

Ds. DS Fourie
Oudle. GG Vosloo
JU Smith

**KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE**

***Primarii***

Di. L Skein
WJ van der Merwe en
JH van der Walt (Sameroeper)

***Sekundi***

Di. DJ (Danie) Malan en
JJ (Jurie) Venter.

**KURATORIUM**

***Primarii***

Ds. A Boshoff (Sameroeper) (Middelburg)
Ds. IA Brink (Carolina)
Dr. CI van Heerden (Bronkhorstspruit)
Ds. NJ Rautenbach (Pretoria-Oos)
Dr. JH Ellis (Groblersdal)
Ds. MJ Hartzenberg (Sannieshof)
Ds. FJ (Erik) van der Merwe (Buhrmannsdrif)
Ds. DR Schwartz (Buhrmannsdrif)
Ds. JH van der Walt (Cullinan-Rayton)
Ds. AS van Jaarsveld (Pietersburg)
Dr. GJJ Labuschagne (Harrismith)

***Sekundi***

Oudl. WLV Fick (Middelburg)
Prof. dr. WJG Lubbe (Vereeniging)
Ds. JH Theron (Klerksdorp)
Prof. dr. JC Lombard (Bainsvlei).

**KOMMISSIE VIR BYBELVERKLARING**

**1. Ou Testament**

Prof. dr. HCG Robbertze
Dr. E Friis
Ds. JH van der Walt

**2. Nuwe Testament**

Prof. HS Theron
Drs. S Botes (Sameroeper)
Ds. A Boshoff (Snr.)

**3. Dogmatiek en Belydenis**

Prof. dr. R Marè
Dr. E Viljoen

Reserwelys (Sekundi)
Prof. dr. WJG Lubbe
Prof. dr. FAH van Staden
Ds. DR Schwartz
Ds. BR Torlage.

**KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF**

Oudl. AJ van der Nest (APK Wesmoot)
Oudl. GC Gouws (APK Kemptonpark)
Ds. WM Grove – adviserend

**KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDS-ONDERRIG/ONDERWYS EN OPVOEDING**

***Primarii***

Dr. JH Ellis (Sameroeper)
Di. A Boshoff (Attie)
G Pretorius
SD Nel

***Sekundi***

Di NJ Groenewald
PG Stans
AP Viljoen
PB Müller

**Hersieningskommissie**

Ds. AJ van Niekerk.
Hy benoem sy eie medewerkers om die VBO handboeke-projek af te handel.

**Opvoeding en Onderwys**

Di. JN Joubert
FJ van der Merwe
Dr. HJ Smith
Prof. dr. JC Lombard.

***Sekundi***

Diak. F Janse van Rensburg
Ds. LH Jacobs (Graniet)
Ds. AL van Heerden (Derby).

BRKA

Benewens die 5 verkose ouderlinge (kyk notule punt 134) dien ook 'n benoemde lid van elk van die volgende Kommissies op die BRKA: SKK, Kuratorium, FK en KKS. (Kyk Reglement van die BRKA, KO. boekie, bl. 73)

Ouderling LR Treurnich word aangewys as sameroeper by die BRKA.

Die Permanente Kommissies gaan oor tot konstituering.

## 150. NOTULE

**Die vergadering besluit dat die notule van die vergadering vanaf Donderdag 12 Augustus 1993 om 14:00 tot die einde van die vergadering op Saterdag 14 Augustus 1993 nie deur die Sinode goedgekeur sal word nie, maar vir kontrole en goedkeuring na die SKK in oorleg met die Kuratorium en KKS verwys word.**

Die vergadering verdaag om 22:12 na gebed deur ds. L Skein.

# SESDE DAG
# 14 AUGUSTUS 1993, 07:45

## 151. BIDSTOND

Die Sinode begin met die bidstond gelei deur ouderling RG Tait van APK Germiston. Hy doen 'n gebed en lees Job 1:1-12. Hy deel 'n paar gedagtes met die Sinode en gee daarna geleentheid vir gebed.

Die Ondervoorsitter bedank ouderling Tait.

## 152. MOSIES

**Mosies van dank goedgekeur:**

**1. Nagmaal APK Pretoria-Oos**

**Die Sinode betuig sy opregte dank teenoor die predikant en Kerkraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pretoria-Oos vir die uitnodiging tot deelname aan die viering van die Nagmaal as die hoogtepunt van die Sinode in sitting en teenoor mev. E Rautenbach en die susters van die gemeente vir verfrissende verversings aangebied.**
(Prof. FAH van Staden; ds. IA Brink)

**2. Raad van Dosente**

**Die Raad van Dosente betuig hulle opregte dank en diepste waardering teenoor die uitgetrede Kuratorium vir die versoek aan die Sinode tot die skepping van 'n vyfde leerstoel aan die Teologiese Skool en die geloofsbesluit van die Sinode om aan die versoek te voldoen.**
(Prof. FAH van Staden; prof. R Marè)

Die Voorsitter neem die stoel in. Hy bedank die Ondervoorsitter vir sy leiding tot hiertoe.

**Die volgende mosie word aanvaar:**

**Prof. FAH van Staden word sterkte toegewens waar sy dogter gister 'n operasie ondergaan het. Ons weet hy wou gister en vandag by haar wees.**

**Mag die Here sy Vaderhand oor prof. Van Staden se dogter hou en haar volkome genees.**
(Prof. R Marè; oudl. JM Pienaar)

## 153. KERKORDEBOEK

**Voorstel goedgekeur:**

***Besparing***

**Die KKS oorweeg, na oorleg met die Publikasiekommissie, dit ernstig om die Kerkorde nie weer te herdruk na hierdie Sinode nie.**

**Wysigings deur die Sinode moet net vir elke artikel of ordereël herdruk word en beskikbaar gestel word.**

**Die wysigings kan dan net in die bestaande Kerkorde ingeplak word deur die persone in besit daarvan.**
(Oudl. JN de Wet; ds. OD Scheuer)

**'n Wenk word gegee dat die KKS 'n boek oorweeg met los bladsye in 'n ringlêer.**
(Oudl. JN de Wet; ds OD Scheuer)

## 154. GROETEBOODSKAP

Groeteboodskap is van APK Devon ontvang. Die Sinode neem met dank kennis.

## 155. PERSONEELWYSIGING

Oudl. AC van Heerden, APK Delmas, neem sitting 14/8/1993

## 156. VOLGENDE SINODE

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode versoek die SKK om te oorweeg dat die volgende sinodesitting so gereël sal word dat die sittings sal duur vanaf Maandagoggend 09:00 tot Vrydagaand.**

**Motivering**

Gesien in die lig van die groot aantal verlofaansoeke vir die laaste sittingsdag, wanneer die Sinode op 'n Saterdag afsluit, bestaan die moontlikheid dat daar nie 'n kworum sal wees op dié dag nie.
(Oudl. CJ Pienaar; oudl. LR Treurnich)

## 157. VERLOFAANSOEKE

**Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:**

**Ds. HC van der Merwe, APK Springs, 14/8/93, 10:00-11:00**
**Oudl. PR Pretorius, APK Tuinplaas, 18:30-21:00, 13/8/93**
**Oudl. WM Wilken, APK Tuinplaas, 14:00-21:00, 13/8/93, 08:00-11:00, 14/8/93**
**Oudl. HE Beeslaar, APK Primrose, 08:00-11:00, 14/8/93**
**Ds. MP Taute, APK Sanddrif, 08:00-11;00, 14/8/1993**

## 158. VERSOEK: VROUELEIDSTERS VAN AFRIKANERVOLKSFRONT

Die Sinode neem kennis van die volgende versoek: "Die vroueleidsters van die Afrikanervolksfront, asook mev Judy Hartzenberg en mev Risti Viljoen het tydens verskillende gesprekvoerings die behoefte uitgespreek dat die Christenvroue van die Afrikanervolk hulle sal verootmoedig voor die Heer in skuldbelydenis, en in besondere gebed vir ons volk in die krisis waarin ons verkeer, maar ook in dankbaarheid dat ons kan nader tot die troon van God Drie-enig en dat ons in alles aan Hom die eer sal gee.

Ons het wel besluit dat ons *elke Dinsdagoggend om 09:00* alleen of gesamentlik, hetsy vir 'n paar minute of langer, in gebed sal verkeer.

Ons vra dat u dit aan die Sinode sal voordra om uitgedra te word na gemeentevroue. Ons bede is dat Christen-Afrikanervroue sal nader tot die Troon want 'die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag' (Jak. 5:16). Ons begeer ook dat 2 Kron. 7:14 ons in dit alles sal versterk."

## 159. VERSKONING:

Die Sinode neem met dank kennis van die verskoning van oudl. OF Jeffrey, APK Vereeniging, aan die Voorsitter oor sy bewering rakende onregverdige behandeling.

## 160. ETES TYDENS VOLGENDE SINODE

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode versoek die SKK om, indien die volgende Sinode weer in Pretoria sou sit, die plaaslike gemeentes of ander belangstellende APK gemeentes, weer te versoek om die etes aan die sinodegangers te verskaf.**
(Dr. JH Ellis; ds. BR Torlage)

## 161. HERSIENINGSKOMMISSIE – VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE

Ds. AJ van Niekerk doen 'n beroep op sinodegangers om wenke en inligting te stuur om te help met die opstel van lesgidse vir standerds 5 tot 9. Die standerd 9-boek sal hopelik binne een week afgelewer kan word.

## 162. ONAFGEHANDELDE SAKE

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat alle sake wat nie tydens hierdie Sinode afgehandel kon word nie, op die volgende Sinode voorkeur op die Sakelys sal kry en volledig afgehandel sal word. Sake in verslae van kommissies wat nie voortbestaan nie, kan deur daardie kommissies wat voortaan daarmee sal handel, in hulle volgende verslae aandag geniet.**
(Prof. R Marè; ds. DR Schwartz)

## 163. ORDEMOSIE

**Ordemosie goedgekeur:**

**Dat die verslag van die "Ad hoc-kommissie i/s Susters se plaaslike aktiwiteite, prinsipieel en prakties" beslis vanoggend behandel en afgehandel sal word, aangesien die susters landswyd reeds baie lank al wag op sinodale riglyne oor dié aangeleentheid.**
(Ds. JJ(Jurie) Venter)

Die Ondervoorsitter neem die stoel.

## 164. PERSONEELWYSIGING

**Oudl. MF Kruger, APK Boksburg, neem sitting 14 Augustus 1993.**

## 165. MOSIES

**Mosies goedgekeur:**

1. **Die Sinode bid sy edele dr. Ferdi Hartzenberg, as lidmaat van APK Lichtenburg, God se rykste seën toe met besondere wysheid, gesondheid en krag waar hy in hierdie dae in 'n dubbele kapasiteit die konserwatiewe faksie van die Afrikanervolk tot vryheid en selfbeskikking moet lei met behoud van 'n eie vaderland en dra dit skriftelik aan hom oor.**
(Prof. FAH van Staden; ds. L Skein)
2. **Diep bewus daarvan dat die voortbestaan van die Afrikanervolk en daarmee ook die Christelike beskawing in die RSA in 'n krisis soos nooit te vore verkeer, wil die Sinode van die APK opregte dank en waardering betuig teenoor almal wat hulle geroepe voel om hul tyd, kragte en talente toe te wy en aan te wend om ons volk te verenig. In besonder dink ons hier aan bekende generaals en die Volksfront.**

**Die Sinode betuig sy dank dat hulle die volk oproep tot diepe verootmoediging voor en hernude toewyding aan God Drie-enig.**
(Ds. DJ Malan; diak. RHG Jansen van Vuuren)

## 166. SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES

Ds. JH van der Walt onttrek van die Kommissie vir Formuliere en Liturgie en die eerste sekunduslid neem sy plek.

## 167. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (VERVOLG)
(Sakelys bl. 108)

4.16 Artikel 38.1.

Aanbeveling 16 – Kennis geneem.

Aanbeveling 45 op bl. 121 – nie goedgekeur nie.

Amendement nie goedgekeur nie:

Die Sinode besluit dat diakens steeds na sinodes afgevaardig mag word, maar dat hulle by die hantering van tugsake en appèlle telkens van die Sinode verskoon word.
(Prof. R Marè; ds. DR Schwartz)

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode dra dit aan die KKS op om die eersvolgende Sinode te bedien met 'n indringende studiestuk en aanbevelings oor die vraag of die APK se Kerkorde en Bepalings t.o.v. kerkregering, nog te rym is met die drie Belydenisskrifte, en indien nie, watter een, Belydenisskrifte of Kerkorde, aangepas moet word om aan die Skrif getrou te bly.**
(Prof. WJG Lubbe; ds. MC Adendorff)

Hiermee is die beskrywingspunt B20 pt. 5.20 (bl. 108 en 121) terugverwys na die KKS, en ook die volgende vrae: Kan 'n diaken voorsitter van 'n sinode word? Moet ouderlinge op die Sinode uitgesluit word van die bespreking en besluite wanneer sake wat suiwer op die terrein van die diakonie lê, soos Barmhartigheidsdiens, aan die orde kom?

**4.17** Artikel 41 (bl. 108)

**Aanbeveling 17 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Voeg in by Art. 41 'n nuwe Art. 41.5 en verander die huidige Art. 41.5 na Art. 41.6:**

**"41.5 die bepaling van ringsressorte met die oog daarop dat die kerke (gemeentes – insluitend te-stigte gemeentes) wat binne elke ressort val, ringsvergaderings konstitueer (vgl. Art. 35).**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.18** Artikel 46

Evangelisasie – Kennis geneem.

**Aanbeveling 18 goedgekeur:**
**Die Sinode besluit:**

**Wysig die Artikel om te lees:**

**Art. 46**

**Evangelisering**

**Die Ouderlingeraad rig hom deur middel van evangelisering tot diegene wat vervreemd van die evangelie, in ongeloof, bygeloof of kerkloosheid verval het, met die doel om hulle tot die gemeenskap van Christus en sy kerk (gemeente) te herstel.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.19** Artikel 47

Sending – Kennis geneem.

**Aanbeveling 19 goedgekeur:**
**Die Sinode besluit:**

**Wysig die artikel om te lees:**

**Art. 47**

**SENDING**

**Ooreenkomstig die opdrag van Christus, die Hoof van die kerk (gemeente), is sendingwerk in die eerste instansie die roeping van elke lidmaat, en gesamentlik dié van die plaaslike kerk (gemeente), onder toesig van die ouderlingeraad.**

**Indien wyer belange van die sending dit vereis, kan naburige AP kerke (gemeentes) met mekaar skakel.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.20 Bepaling 53A**

**Aanbeveling 20 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**
**Voeg aan die einde ná "aangeklaagde" by "wat 'n afskrif van die klag insluit".**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.21** Artikel 56 – Kennis geneem.

**Aanbeveling 21 goedgekeur:**

**Die Sinode word versoek om die advies hieronder verstrek, op die eersvolgende Sinode te laat dien vir beoordeling en invoeging as bepaling indien deur die Sinode goedgekeur.**

**Art. 56**

**Die KKS het tussentyds Art. 56 soos volg geïnterpreteer, sodat die adviseurs eenvormige advies kon aanbied:**

1. **die ouderlingeraad oordeel oor die substansie van 'n klag. Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel. Die weg van appèl bly natuurlik steeds oop. Indien die ouderlingeraad egter oordeel dat die klag wel substansie het, besluit hy oor voorlopige stuiting ("erns van die saak dit regverdig") al dan nie, en is dan verplig om die saak onder die aan-**

**dag van die ringskommissie te bring sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek;**

2. **die "gesamentlike ondersoek" word deur die ouderlingeraad en die ring behartig.**

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die volgende KKS 'n grondige studie sal maak van die prosedure wat op Ringe en Sinodes t.o.v. appèlle gevolg moet word.**

**Die KKS moet ook aandui hoe 'n Ring toesig moet hou kragtens KO. Art. 37.6 indien 'n klag nie deur 'n ouderlingeraad deurgestuur word nie.**
(Prof. R Marè; ds IA Brink)

**4.22 Artikel 66 – Wysiging van Kerkorde**

**Aanbeveling 22 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Wysig die opskrif van Art. 66 om te lees:**

**"BINDING EN WYSIGING VAN KERKORDE" en verander die inleidende sin soos volg sodat die artikel soos volg lees:**

**"Hierdie Kerkorde (artikels en bepalings) is bindend op alle lidmate, kerkrade en meerdere vergaderings totdat dit deur 'n sinode verander word en wel by wyse van 'n beskrywingspunt of in 'n beswaarskrif aan 'n sinode."**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.23 Ordereël 27 – Permanente en tydelike kommissies**

**Aanbeveling 23 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Voeg in by Ordereël nr. 27 aan die einde van die laaste sin die volgende:**

**", en ontbind by konstituering daarvan; die enigste taak wat dan nog oorbly, is die lewering van die rapport."**

**Motivering** – Kennis geneem.

**4.24 Ordereël 31.1 en 32.2 – Censura morum**

**Aanbeveling 24 goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Kyk kruisverwysing Beskrywingspunt 15, nr. 5.15 in die Verslag.**

Beskrywingspunt B15 (Sakelys, bl. 118) – Kennis geneem.

**Aanbeveling 40 goedgekeur:**

**Daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt met die volgende wysiging in die tweede sin van die nuwe Ordereël 31.1: tussen die woorde "mekaar" en "minstens" word die woorde "indien moontlik" ingevoeg.**

Die goedgekeurde beskrywingspunt, soos gewysig, lui dus soos volg:

**Die Sinode besluit:**

1. **Ordereël 31.1 word gewysig om soos volg te lees:**

   **"Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens moet mekaar indien moontlik minstens een keer per kwartaal, teen die einde van die kerkraadsvergaderings/ouderlingevergaderings onderling vriendelik en broederlik vermaan en opskerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste, sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word. Die vergadering oordeel of hy 'n voorstel tot vermaning of opskerping goedkeur".**

2. **Ordereël 31.2 word ook op ouderlinge-/ kerkraadsvergaderings van toepassing gemaak.**

## 168. SINODALE OPDRAGTE (Sakelys bl. 122)

**6.1 Diensooreenkoms Redakteur "Die Boodskapper"**

Afgehandel.

**6.2 Beperkte opdrag – geleidelike uitfasering**

Kennis geneem. Die tweede paragraaf onder "uitfasering" moet 4.1 en die derde paragraaf 4.2 gemerk word.

Aanbeveling 49 – Kennis geneem.

**Ordevoorstel goedgekeur:**

**Die Sinode versoek die KKS om voort te gaan met sy advies aan die Sinode oor uitfasering van beperkte opdrag maar dat die status quo bly tot by die volgende Sinode.**
(Prof. WJG Lubbe)

## 169. BEHANDELING VAN KKS VERSLAG

Ordevoorstel nie goedgekeur nie:

Die Sinode besluit dat die verslag van die KKS voortaan by elke Sinode behandel en afgehandel sal word voor die einde van die derde sittingsdag.

**Motivering**

Die inhoud van die KKS-verslag is uiters belangrik en gewoonlik van prinsipiële belang vir die wese en die welwese van ons kerkverband.
(Ds. JJ(Jurie) Venter; oudl. DJS Jacobs)

Die Voorsitter neem die stoel in en bedank die ondervoorsitter vir sy leiding.

## 170. NOTULE

**Besluit:**

**Die notule wat nog nie goedgekeur is nie, word vir goedkeuring verwys na die SKK in oorleg met die KKS en Kuratorium. Die Voorsitter van die Sinode sal die boodskap aan die gemeentes (vgl. Sakelys, bl. iv, pt. z) skryf. Dit sal dan deur die SKK uitgestuur word.**

## 171. VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES

**1. Verslag van Kerksang en -musiek (K1)**

Van die verslag in die geheel word kennis geneem.

**Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat indien daar 'n vyfde leerstoel by die Teologiese Skool ingestel word, dit aan daardie dosent opgedra word om sekere lesure aan himnologie te wy.**

**2. Verslag van Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme (I1)**

Sake vir behandeling – Kennis geneem.

**Aanbeveling 1 goedgekeur:**

**Die Sinode verwys die video's oor Satanisme na die Permanente Kommissie.**

Aanbeveling 2 – Kennis geneem:

Die Sinode besluit dat daar wel 4 lede op die Permanente Kommissie sal dien, waarvan tenminste 2 predikante sal wees.

Prof R Marè is gereed om verslag te doen oor die saak rondom erkende en nie-erkende kerke (wat gister vir vandag oorgestaan het), maar die Sinode besluit om dit t.w.v. die beperkte tyd na die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek te verwys. Die Kommissie mag hulle bevinding aan die gemeentes deurgee as bevinding van die Kommissie.

**3. Verslag van Tydelike Kommissie vir Gemeentelike Bediening – H1)**

**Teenwoordig** – Kennis geneem.

**Konstituering** – Kennis geneem.

**Sake vir afhandeling** – Kennis geneem.

**Onafgehandelde sake waarmee die Kommissie besig is, word verwys na die Kommissie vir Publikasies om dit na die tersaaklike kommissie te verwys.**

**4. Vierde verslag van die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake – A4**

1\. – Kennis geneem.

1.1 – Aanbevelings

**1.1.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode oordeel dat ds. DJ(Dirk) Malan se amendement ooreenkomstig die Ordereëls wel 'n amendement is.**

1.1.2 Die Sinode besluit of revisie toegestaan sal word. – Staan oor totdat aansoeke behandel word.

**2. Ouderdomsgrens** (Sakelys, bl. 16, punt **4.3.2**, notule tweede sittingsdag punt **58**)

**2.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat 'n leraar in diens van 'n Afrikaanse Protestantse Kerk, asook 'n leraar of ander amptenaar in diens van die kerkverband (dit wil sê verbonde aan die Sentrale Kerkkantoor en die Teologiese Skool) verplig is om aan die einde van die jaar waarin hy 65 jaar oud word, sy emeritaat te aanvaar (of af te tree in die geval van 'n amptenaar).**

**2.2 Die Sinode besluit dat in die geval van 'n werknemer (nie leraars) 'n werkgewer geregtig is om volgens eie diskresie die gepensioeneerde werknemer vir 'n beperkte tyd her in diens te neem.**

**2.3 Advies** – Kennis geneem:

**2.3.1** In beide bogemelde gevalle kan die besluit slegs van toepassing gemaak word op nuwe leraars wat toetree en werknemers wat vanaf datum van die besluit in diens geneem word.

**2.3.2** Bestaande kontrakte kan slegs met wedersydse instemming van betrokkenes gewysig word, om die sinodebesluit te inkorporeer.

**2.3.3** In geval van ongeskiktheid om pligte te vervul weens swak gesondheid, of hoë ouderdom, moet uitdiensstelling deur onderhandeling geskied. Indien onderhandeling nie slaag nie, kan die betrokkene deur dissiplinêre stappe uit diens gestel word.

**3. Samestelling van BRKA (Kerkordeboekie bl. 73 punt 6.1.1(a))**

**3.1 Aanbeveling goedgekeur:**

**Die begrip "aangewys" in die reglement van die BRKA punt 6.1.1(a) moet verstaan word ooreenkomstig punt 5.7.6 van die Konstitusie van die RKA (Kerkordeboekie bl. 73). Daar moet dus per geslote stembrief aangewys word.**

**3.2 Motivering** – Kennis geneem.

4. Rasionalisasie – Kennis geneem.

**Aanbeveling 60.9 (Sakelys bl. 134) goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om die aanbeveling met inbegrip van die amendemente soos volg te wysig (dit vervang die besluit onder punt 77):**

**Die roeping van onse Here Jesus Christus, die Koning van ons kerk, is onontkombaar. Om waarlik kerk van die Here te kan wees, moet hierdie roeping daadwerklik gehoorsaam word deur alle lidmate en kerkrade. Ons durf nie ons gewetens probeer sus met die bestaan van 'n sinodale kommissie of ons primêre verantwoordelikheid in hierdie opsig probeer verplaas na 'n sinodale kommissie nie. Derhalwe word die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie ontbind en iedere ouderlingeraad in die kerkverband ernstig opgeroep om afsonderlik en gesamentlik sending- en evangelisasie-aksies te inisieer terwyl die SKK gelas word om**

**(i) waar moontlik te help om sodanige aksies te koördineer;**

**(ii) waar nodig in die naam van die kerk skakeling met die owerheid of owerhede te behartig; en**

**(iii) toe te sien dat op elke Sinode verslag gedoen word van die stand van sending en evangelisasie in die Afrikaanse Protestantse kerkverband.**

5. **Beskrywingspunte** (Sakelys bl. 8, punte **18.1g** en **18.1h**)

5.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode verwys beide hierdie punte na die PKKS vir aandag en verslag aan die volgende Sinode.**

5.2 Motivering – Kennis geneem.

## 172. VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE I/S VOLKEREVERHOUDINGE, ENS. (Sakelys bl. 140)

1. Personeel – Kennis geneem.
2. Opdrag – Kennis geneem.
3. Vergaderings – Kennis geneem.
4. Begroting – Kennis geneem.
5. Uitvoering van opdrag – Kennis geneem.
6. **Aanbevelings goedgekeur:**

6.1 **Die Sinode neem met dank kennis van die publikasie Skriflig op Kerk en Volk.**

6.2 **Die Sinode beveel by alle kerkrade aan om te poog dat dié publikasie deur elke gesin aangekoop en goed bestudeer word, aangesien ons standpunte oor baie belangrike sake daarin vervat is.**

6.3 **Die Sinode neem met dank daarvan kennis dat "Skriflig op Kerk en Volk" in Engels vertaal en wyd bemark sal word, selfs oorsee.**

6.4 – Kennis geneem. (Afgehandel.)

6.5 **Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode keur die Kommissie se aanbevelings oor "Die Vredestaak van die kerk" goed, neem kennis van die motivering, en stap verder van die saak af.**

Die Sinode neem kennis van Bylae Volk-A. (Sakelys, bl. 142-143).

7. Slot (Sakelys, bl. 141) – Kennis geneem.

Die Kommissie word bedank vir die hele verslag.

## 173. VERSLAG VAN AD HOC-KOMITEE IN VERBAND MET DIE VERANDERING VAN MEDIESE SKEMA (Sakelys, bl. 15, pt. 4.2)

**Die verslag wat deur 'n subkomitee van die BRKA opgestel is en nog nie deur die BRKA behandel is nie, word verwys na die BRKA en FK.**

## 174. VERSLAG: KOMMISSIE VIR GEMEENTELIKE BEDIENING (Sakelys, bl. 29)

4. **Susterswerksaamhede**

Hiermee saam die verslag: Ad hoc-kommissie insake Susters se plaaslike aktiwiteite, prinsipieel en prakties, (Sakelys, bl. 159)

**Voorstel goedgekeur: (KGB, bl. 28-45), Susters-aktiwiteite (bl. 159-160)**

1. **Die Sinode neem met dank kennis van die verslag van die KGB, en die werksaamhede van die Kommissie.**

2. **Die Sinode neem met dank kennis van die verslag van die ad hoc-kommissie (insake susters se plaaslike aktiwiteite) en die siening van die Kommissie.**

3. **Die Sinode is dankbaar vir die lig wat beide verslae op die werksaamhede laat val en vir veel positiefs wat uit die verslae opgeneem kan word vir verdere oorweging.**

**4. Aangesien die Sinode besluit het om die voortbestaan van die KGB as kommissie op te hef, word beide verslae na die SKK verwys om**

**4.1 aanbevelings vir die volgende Sinode op te stel oor hoe die belange van susterswerksaamhede die beste gedien kan word in die APK – met advies uit ons kerk soos nodig bevind;**

**4.2 die advies van die KKS oor sy aanbevelings by sy aanbevelings te inkorporeer;**

**4.3 voorsiening te maak dat die susterswerksaamhede voortgaan en ten beste gedien word.**
(Prof. WJG Lubbe; ds. MC Adendorff)

## 175. AANVULLENDE VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (Sakelys bl. 171)

1. Appèlskrifte Bep. 58B

1.1 Afgehandel.

1.2 Afgehandel.

1.3 Afgehandel.

2. Beskrywingspunt nr. 5.5 – Kennis geneem.

**Die volgende aanbevelings word goedgekeur:**

**2.1 Aan die beskrywingspunt van die Ring van Newcastle word nie gevolg gegee nie.**

**2.2 'n Persoon bly lidmaat van die gemeente wat aan of ten opsigte van hom 'n attestaat voorsien totdat hy in die nuwe gemeente as lidmaat aanvaar is, met dien verstande dat dit binne 3 maande na sy vertrek uit die attesterende gemeente moet gebeur.**

**Motivering** – Kennis geneem.

Beskrywingspunt insake onderskrif by "AP Kerk" (Sakelys, bl. 117, pt. 5.14)
("5.12" moet wees: "5.14")

**Aanbeveling goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**By die bespreking van die beskrywingspunt oor die onderskrif by die naam van die kerk word die Sinode tot 'n geslote vergadering verklaar.**

**Verder besluit die Sinode:**

**Die Sinode gee aan die Ring van Etosha vergunning om die onderskrif te verander en slegs "Afrikaners" te skrywe in plaas van "blanke Afrikaners" wanneer dit nodig is. Die bespreking van die onderskrif t.o.v. die kerke in SA sal verder hanteer word wanneer en soos nodig.**

**Revisie:** Gesprek met NGK

Nadat oudl. PR Pretorius sy versoek tot revisie gemotiveer het, besluit die Sinode om nie revisie toe te staan t.o.v. die besluit rakende gesprekvoering met die NG Kerk nie.

**Dankmosies**

Die volgende persone rig woorde van dank:

1. Prof. FAH van Staden aan alle kommissies.
2. Ds. MC Adendorff aan alle personeellede.
3. Ds. AS van Jaarsveld aan ringe en kerkrade.
4. Ds. IA Brink aan UP, Nutra Serv., Ring van Moot-Sentraal en alle gashere en -gasvroue.
5. Voorsitter bedank die Ondervoorsitter, Aktuarius, Skriba en Hulpskriba asook alle afgevaardigdes.
6. Prof. FAH van Staden bedank die Voorsitter, prof. WJG Lubbe.
7. Ds. MC Adendorff bedank Musica, Attie Ebersohn, mev. Claassen en die onderskeie orreliste.

## 176. AFSLUITING

Die Ondervoorsitter stel die Voorsitter aan die woord. Hy lees Jn. 10:7e.v., Jn. 14:6 en 14, doen 'n gebed en laat sing Gs. 10:1. Hy bid om die seën.

Die Sinode van 1993 eindig om 11:30.

BYLAE 2

## REDE GELEWER BY OPENING VAN DIE SESDE SINODE VAN DIE APK DR WJG LUBBE

Sing: Ges. 306:1, 2
Ges. 221:1, 4

Gebed

Skriflesing: Mt. 24:3-14; 36-44
Mt. 28:16-20

1. Van die wederkoms van ons Here Jesus bely ons in die XII artikels: *Hy sal kom*, van die regterhand van die Vader, waar Hy nou sit, om te oordeel die lewende en die dode. HY SAL KOM . . .. Dis die toekomsverwagting, die wenpaal, die hoogtepunt vir sy strydende kerk op aarde. Dis die eindpaal, want dis die eindpunt van stryd. HY SAL KOM . . .. Dis die draaipunt van hierdie wêreld. Want dan word alles anders. Dan kom die skeiding van skape en bokke. Ons N.Gb. (art. 37) sê: "Ons, Christus se volgelinge, verwag dié groot dag *met verlange*! – om ten volle te geniet die beloftes van God in Christus onse Here". HY SAL KOM . . .. Wat 'n groot dag! Wat 'n winkende dag! Wat 'n triomfdag vir ons! Vir ons wat sê: Kom, Here Jesus! Ja, kom haastig!

2. HY SAL KOM – Maar WANNEER?

   Die Bybel sê: "Van die dag en die uur *weet niemand nie,* ook die engele van die hemel nie, maar *net my Vader alleen* (Mt. 24:36) . . . *Julle weet nie* watter uur julle Here kom nie (Mt. 24:42) . . .. Die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie" (Mt. 24:44). *Niemand* weet nie . . . *die engele weet nie . . . julle weet nie* . . .. Die Christus kom *onverwags*!

   Daarom moet julle *waak*, sê Hy; daarom moet julle *gereed wees*. Maak julle lampe betyds vol. Want die Bruidegom kom! Al weet niemand wanneer nie . . .. HY SAL KOM! Waak dan! Wees gereed!

3. Maar vóór sy *heerlike koms* , wag daar alles behalwe heerlikheid. Luister hoe teken Hyself die VOORSPEL tot sy koms:

   ★ *Baie misleiers* wat baie mense *mislei* . . . valse profete . . . valse Christusse . . ..

   ★ oorloë en gerugte van oorloë . . . hongersnode . . . pessiektes . . . aardbewings . . . MAAR dis nog nie die einde nie, dis nog maar die begin van die smarte, sê Hy.

   ★ Mense sal julle, die Christusmense, *verdruk* . . . julle *doodmaak* . . . julle sal deur al die nasies *gehaat* word ter wille van my Naam. Daarom sal baie sogenaamde Christusmense *struikel* . . . mekaar *verraai* . . . mekaar *haat* . . . die *ongeregtigheid vermeerder* . . . die meeste se *liefde verkoel* . . .. Dis asof die Here wil kyk wie gaan volhard . . .. Wie gaan staande bly . . .. Hy sê immers: "Maar wie VOLHARD TOT DIE EINDE TOE, *hy* sal gered word" (Mt. 24:3-13).

   ★ Sal ek en u, ons as Christusmense, kan staande bly? Ja, as ons sy hand vashou, op Hom vas vertrou. Hy het immers vir ons, vir u en vir my, die versekering gegee: "*Aan My is gegee alle mag* in die hemel en op aarde (Mt. 28:18) . . .. En kyk, Ek is *met julle* tot aan die voleinding van die wêreld (Mt. 28:20) . . .. Hy met *alle mag* . . . Hy is *met my* en *met u* . . . hoever? – tot aan die voleinding van die wêreld . . .. Tot op sy wederkoms!

Heerlike vooruitsig – HY SAL KOM. Goddelike versekering – Ek, met *alle* mag in hemel en op aarde, EK IS MET JULLE TOT EK KOM.

Maar 'n *somber voorspel* – *misleiding* (valse profete en valse Christusse) . . . oorloë en oorlogsgerugte . . . hongersnode . . . pessiektes . . .aardbewings . . . verdrukking . . . selfs die dood . . . haat teen my omdat ek sy Naam dra . . . menige Christus-aanhanger struikel . . . die liefde verkoel . . . die ongeregtigheid vermeerder . . . jou eie mense, jou medestryders, verraai jou!

Sien u kans vir hierdie voorspel, my mede-Christen? APK-lidmaat, APK-ampsdraer, APK-Sinodeganger, is u gereed? Sal u *volhard* tot die einde toe? Sal u *volhard* tot Hy kom? U hoor daagliks: die toekoms van die Christendom in hierdie land is donker! Is dit nuus? Nee, my broeder en suster, Hy wat alles weet, het dit voorspel vir sy Naamdraers – somber gebeure! As dié storms in óns dag kom, onthou dan: Hy het dit voorspel.

*En wat staan u en my te doen*? Op die ashoop gaan sit? Klaagliedere van wanhoop sing? Christus en sy koninkryk verraai? Burgers van sy koninkryk verraai? Nee, my broeder en suster, laat ons krygsroep wees: Voorwaarts Christenstryders!! Laat ons volhard tot die einde toe! HY SAL KOM – En Hy aan wie alle mag in hemel en op aarde behoort, *Hy* is met u! Hy is met ons – Al die dae met ons . . . tot die einde . . . tot Hy kom!

Maar *ÉÉN AKTIWITEIT* IN DIE VOORSPEL TOT CHRISTUS SE KOMS HET EK NOG NIE GENOEM NIE, 'n *Aktiwiteit* waarby u en ek ten nouste betrokke behoort te wees, as ons *wil volhard* tot die einde toe.

In *Mt. 24:14* het ons gelees:
"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word IN DIE HELE WÊRELD, tot 'n getuienis vir AL DIE NASIES; en DAN sal die einde kom".

En in *Mt. 28:19* het ons gelees: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en DOOP hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees; en *leer hulle* om alles te onderhou wat Ek julle beveel het".

*Christus stel 'n feit*: sy evangelie SAL VERKONDIG word *in die hele wêreld*; VAN HOM sal getuig word onder *AL die nasies*. Dan sal die einde kom. DAN SAL HY KOM! SY EVANGELIE in die hele wêreld – wêreldwyd! GETUIENIS OOR HOM onder AL DIE NASIES . . . voordat Hy kom.

En dan *betrek* Hy ons, sy Christusmense, in hierdie aktiwiteit met 'n OPDRAG: Gaan . . . *leer AL DIE NASIES* VAN MY . . . *LEER HULLE GEHOORSAAMHEID AAN MY*! GAAN VERKONDIG MY AAN HULLE.

MY EVANGELIE GAAN WÊRELDWYD VERKONDIG WORD – OOK *JY* MOET VERKONDIGER WORD. Dis hierdie aktiwiteit vóór Christus se koms wat my onrustig maak. SY EVANGELIE GAAN WÊRELDWYD VERKONDIG WORD – Is *ek* deel daarvan? Is u deel daarvan? Is u kerkraad deel daarvan? Is u gemeente deel daarvan? Is ons APK deel daarvan?

In die loop van hierdie week gaan u op u sitplek 'n brosjure ontvang, met die titel: "*Elkeen, Oral Gestuurde*". Dié brosjure bevat ons APK se Sendingbeleid, reeds op ons TWEEDE SINODE (1988) opgestel, en gaandeweg geskaaf. In dié brosjure word raak, kernagtig en duidelik uiteengesit wat die Bybel ons leer oor Sending. Dit word so saamgevat: Sending beteken: die drie-enige God vergader vir Hom 'n gemeente-*kudde* in hierdie wêreld deur sy Woord en Gees. En *deur hierdie vergaderde kudde* doen Hy DRIE DINGE:

1. *Hy laat sy Woord DEUR HULLE verkondig in hierdie wêreld.*
2. Hy bring die gemeenskap van die heiliges *DEUR HULLE* tot stand.
3. Hy laat, weer eens *DEUR HULLE*, diens lewer aan die wêreld in sy nood – nie net om die wêreld se nood te verlig nie MAAR tot uitbreiding en opbouing van Gods koninkryk onder mense. MAAR, sê ons sendingbrosjure, *die verkondiging is die hart van die sendingtaak* – daarsonder val die *gemeenskap* van die heiliges, en die *nooddiens* aan die wêreld plat!

Juis oor hierdie verkondiging praat die Here se Woord met ons vanaand. Ek wil u aandag terugbring na Mt. 24:14 wat sê: "*Hierdie evangelie* van die koninkryk *sal verkondig word in die hele wêreld* . . . en DAN SAL DIE EINDE KOM!

*En Mt. 28:19*: "Gaan . . . maak dissipels (leerlinge) van al die nasies . . .. Leer al die nasies van My" – wat maar net beteken: VERKONDIG DIE EVANGELIE AAN ALMAL . . .

## WAT MAAK VAN 'N CHRISTEN 'N VERKONDIGER VAN CHRISTUS?

Die Sendingbrosjure vestig ons aandag op die Pinksterfees in Hd. 2: die fees van die *vervulde hart* (vervul met die Heilige Gees) en die *oorlopende mond* – die mond wat nie kan swyg oor Christus nie. Dit sluit aan by Hd. 1:8 waar Christus die *belofte* maak: "Julle sal *krag ontvang* wanneer die Heilige Gees oor julle kom" . . .. En dan die *opdrag* gee: "Julle sal *my getuies* wees tot aan die uiterstes van die aarde." Onder drang van die Heilige Gees verkondig ek Christus. Sy gees dring my en stuur my om Hom oral te verkondig.

*Sending*, sê ons Sendingbrosjure, *is die heilige roeping van die ganse kerk en van elke lidmaat*. Sending is die wesentlike roeping van die Kerk van Jesus Christus op aarde.

Ons AP Kerk ontvang so baie waaroor ons die Here kan dank. Ons gemeentegetal groei steeds en staan op 237. Ons lidmatetal groei steeds en staan op byna 49 000 (Dooplidmate en Belydende lidmate saam).

Volgens statistieke van ons ringe af, groei ons lidmatetal met sowat 9.5% per jaar. Stoflik kry ons kerklidmate ook swaar soos die res van ons land, maar ons lidmate toon nog steeds 'n seldsame offervaardigheid. Vir hierdie en baie ander loflike dinge loof ons die Here.

Maar ons moet onthou: Christus SAL KOM. En voor Hy kom *sal sy evangelie wêreldwyd verkondig word*. Watter aandeel het ek en u en ons gemeentes en ons hele kerk daaraan? Gee ons uitvoering aan sy opdrag: Verkondig My wêreldwyd? Is ons *elkeen, oral* 'n *verkondiger* van Christus – verkondiger aan 'n wêreld in nood – in groot nood sonder Christus?

AMEN

# VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES

(Slegs verslae wat voor die Sinode gedien het en wat nie reeds volledig in die notule opgeneem is nie, word hier weergegee)

## EERSTE VERSLAG VAN DIE TKKS – A1

**Aanbeveling**

1. Die Sinode besluit dat appèlle hanteer sal word ooreenkomstig Punt 1.3 p. 172 van die Sakelys van die Sinode.

1.1 die Sinode handel net met dokumentasie, dit wil sê die skriftelike appèlskrif met motivering en die skriftelike verweer met motivering;

1.2 geen persoonlike getuies word opgeroep nie;

1.3 uitstaande of ontbrekende dokumentasie kan nog aangevra of gevorder word indien nodig;

1.4 die appèlskrifte met begronding en die verweerskrifte met begronding is ter insae beskikbaar by die Sinode.

**2 Geloofsbriewe**

Die geloofsbriewe van APK Springs, Alberton en Devon word as volg hanteer:

2.1 Die Sinode verleen sittingsreg aan die afgevaardigdes van die AP Kerk Springs. Die geloofsbriewe is in orde.

**Motivering**

Op die ringsvergadering van die Ring van Germiston gehou op 30 November 1992 is die afvaardiging van APK Springs uitgeklaar. Skriftelike getuienis van Ds HC van der Merwe en mondelinge getuienis van 2 adviseurs Prof FAH van Staden en ds JA du Plessis bied bevestiging hiertoe.

2.2 Die uitspraak oor die geloofsbriewe van APK Alberton en Devon word deur die Sinode agterweë gehou tot die appèl van die ouderlingevergadering van APK Boksburg teen die ringsbesluit van Germiston afgehandel is om prejudisering van die appèl te voorkom.

Die seën van die Here word die Sinode toegebid op u verdere werksaamhede.

VOORSITTER: DS AS VAN JAARSVELD

SKRIBA: DS JA DU PLESSIS

## TWEEDE VERSLAG VAN DIE TKKS UITGEBREI MET SINODALE PERSONEEL OM DIE SINODE TE DIEN MET ADVIES I/S APPÈLLE – A2

1 Die Kommissie beveel die volgende orde aan vir die hantering van die appèlle

1.1 Die sinode neem kennis van die inhoud van ordereëls 3, 5 en 20.

1.2 Die vergadering word geslote verklaar.

1.3 Die vergadering word gesuiwer van alle betrokke partye, verwante aan partye en getuies. Slegs die amptelike afgevaardigdes mag verder in die vergadering wees.

1.4 Vir die duur van die hantering van die betrokke appèl moet die personeel van die vergadering dieselfde bly.

1.5 Die vergadering neem kennis van die inhoud van KO artikels 31 en Bep. 58B.

1.6 Die vergadering neem kennis dat die dokumentasie van die appel ter insae is soos benodig. Alle dokumentasie wat beskikbaar gestel word, word onder kontrole beskikbaar gestel.

**2 APPÈLSKRIF VAN DIE OUDERLINGEVERGADERING VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PARYS 27 Februarie 1993 teen 'n besluit van die Ring van Graniet geneem op 19 Maart 1992.**

**2.1 Ontvanklikheid**

Die appèlskrif van die ouderlingevergadering van die AP Kerk Parys is sorgvuldig deurgewerk en getoets aan die vereistes waaraan 'n appèlskrif volgens Art. 31 en Bep. 58B moet voldoen.

**2.1.1 Bevinding**

Dit is bevind dat dit aan die vereistes voldoen.

**2.1.2 Aanbeveling**

Die Sinode besluit dat die appèlskrif ontvanklik is vir behandeling deur die Sinode aangesien daar aan die formele vereistes van Bep. 58B voldoen is.

**2.2 Bevinding**

Die Ring van Graniet moes die appèl van oudl. van der Westhuizen as nie ontvanklik, afgehandel het omrede die eenmalige afhouding van die Nagmaal nie as 'n formele tughandeling onder die tugartikels beskou kan word nie.

Die Ring het gefouteer deur 'n voortughandeling as 'n tughandeling te hanteer, terwyl die Handleiding by kerklike tug as 'n sinodale besluit dit reël en dit die deurlopende taak van die ouderlinge is kragtens Art. 21 saamgelees met Bep. 43C om toesig te hou oor die tafel van die Here.

**2.3 Aanbeveling**

Die appèl word gehandhaaf.

3 Die kommissie vertrou hiermee dat sy opdrag t.o.v. hierdie appèl afgehandel is.

VOORSITTER: DS AS VAN JAARSVELD

SKRIBA: DS JA DU PLESSIS

## DERDE VERSLAG VAN DIE TKKS UITGEBREI MET SINODALE PERSONEEL OM DIE SINODE TE DIEN MET ADVIES I/S APPÈLLE – A3

**1. APPÈL KRAUSE** (Sakelys bl. 139)

1.1 Aanbeveling:

Die Sinode neem slegs kennis van hierdie saak.

**1.2 Motivering**

Die sogenaamde appèl van br. Krause het nie aan die vereistes van 'n appèl voldoen nie. Hy is nie meer lidmaat van die AP Kerk Koppies nie.

**2. APPÈL JHE ADAMS**

2.1 Aanbeveling:

Die Sinode neem slegs kennis van hierdie saak.

**2.2 Motivering**

Br. Adams was, toe hy sy saak aanhangig gemaak het kragtens KO Bep. 4B nie meer lidmaat van die AP Kerk Steynsburg nie en het ook nie lidmaatskap verkry van 'n plaaslike kerk ten tye van die indiening van sy appèl nie.

**3. APPÈLSKRIF VAN DIE OUDERLINGEVERGADERING VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK BOKSBURG GEDATEER 10 MAART 1993 TEEN 'N BESLUIT VAN DIE RING VAN GERMISTON GENEEM OP 30 NOVEMBER 1992** – Kyk Appèlskrif vir bewoording van besluit.

**3.1 Orde van hantering**

3.1.1 Die Sinode neem kennis van die inhoud van Ordereëls 3, 5 en 20.

3.1.2 Die vergadering word geslote verklaar.

3.1.3 Die vergadering word gesuiwer van alle betrokke partye, verwante aan partye en getuies. Slegs die amptelike afgevaardigdes mag verder in die vergadering wees.

3.1.4 Vir die duur van die hantering van die betrokke appèl moet die personeel van die vergadering dieselfde bly.

3.1.5 Die vergadering neem kennis van die inhoud van KO Artikel 31 en Bep. 58B.

3.1.6 Die vergadering neem kennis dat die dokumentasie van die appèl ter tafel is.

3.2 Ontvanklikheid

Die appèlskrif van die Ouderlingevergadering van die AP Kerk Boksburg is sorgvuldig deurgewerk en getoets aan die vereistes waaraan 'n appèlskrif volgens Art. 31 en Bepaling 58A – 58B moet voldoen.

**3.2.1 Bevinding**

Dit is bevind dat dit aan die vereistes voldoen.

**3.2.2 Motivering**

Die besluit waarteen geappèlleer is, is gedateer 30 November 1992, maar die notule is eers goedgekeur op 18 Februarie 1993. Die appèlskrif is gedateer 10 Maart 1993. Gevolglik voldoen die appèlskrif aan die formele vereistes vir die indiening van 'n appèl.

Die indiening van die appèl was verder betyds vir opname in die Sakelys.

**3.3 Beredenering**

Die Kommissie bevind dat aan Ordereël 29 nie voldoen is deur die Ring van Germiston nie. Ordereël 29 lui soos volg: "Die notule van 'n ringsvergadering en 'n sinodale vergadering word by die volgende dagsitting gelees en goedgekeur. Die notule van die laaste sittingsdag word vir goedkeuring en ondertekening verwys na die Kommissie deur die Ring of Sinode daarvoor aangewys."

Die Ring van Germiston het die betrokke notule nie ooreenkomstig Ordereël 29 verwys nie, maar dit op 'n volgende vergadering hanteer. Hierdie vergadering word deur die Ring geag 'n buitengewone vergadering te wees as 'n voortsetting van die vergadering van 9 Mei 1992 en 30 November 1992.

Dit kon nie as 'n buitengewone vergadering belê gewees het nie, aangesien 'n buitengewone vergadering 'n nuwe vergadering is wat per

geloofsbrief gekonstitueer word om 'n vooraf-gestelde sakelys af te handel. Net sake waar-voor die buitengewone vergadering belê is, mag op die vergadering behandel word. Kragtens Ordereël 29 moet elke ringsvergadering sy eie notule goedkeur.

**3.4 Aanbeveling**

Die Sinode verwys die beswaarskrif van die ouderlingevergadering van die AP Kerk Boksburg terug na die APK Ring van Germiston om de novo hanteer te word.

Hiermee vertrou u Appèlkommissie dat uitvoering gegee is aan sy opdrag.

VOORSITTER: DS AS VAN JAARSVELD

SKRIBA: DS JA DU PLESSIS

## VIERDE VERSLAG VAN DIE TKKS – A4

1. Kennis van revisie (Notule tweede sittingsdag bl. 10 punt 40; vergelyk ook punt 34 en Sakelys bladsy 2 punt 3.2.2)

1.1 Aanbeveling:

1.1.1 Die Sinode oordeel dat ds. Malan se amendement ooreenkomstig die Ordereëls wel 'n amendement is.

1.1.2 Die Sinode besluit of revisie toegestaan sal word.

2. Ouderdomsgrens (Sakelys bl. 16 punt 4.3.2, Notule tweede sittingsdag punt 58).

2.1 Aanbeveling

Die Sinode besluit dat 'n leraar in diens van 'n Afrikaanse Protestantse Kerk, asook 'n leraar of ander amptenaar in diens van die kerkverband (dit wil sê verbonde aan die Sentrale Kerkkantoor en die Teologiese Skool) verplig is om aan die einde van die jaar waarin hy 65 jaar oud word, sy emeritaat te aanvaar (of af te tree in die geval van 'n amptenaar).

2.2 Die Sinode besluit dat in die geval van 'n werknemer (nie leraars) is 'n werkgewer geregtig om volgens eie diskresie die gepensioeneerde werknemer vir 'n beperkte tyd her in diens te neem.

2.3 Advies

2.3.1 In beide bogemelde gevalle kan die besluit slegs van toepassing gemaak word op nuwe leraars wat toetree en werknemers wat vanaf datum van die besluit in diens geneem word.

2.3.2 Bestaande kontrakte kan slegs met wedersydse instemming van betrokkenes gewysig word, om die Sinodebesluit te inkorporeer.

2.3.3 In geval van ongeskiktheid om pligte te vervul weens swak gesondheid, of hoë ouderdom, moet uitdiensstelling deur onderhandeling geskied. Indien onderhandeling nie slaag nie, kan die betrokkene deur dissiplinêre stappe uit diens gestel word.

3. Samestelling BRKA (Kerkordeboekie p. 73 punt 6.1.1(a).

3.1 Aanbeveling

Die begrip aangewys in die reglement van die BRKA punt 6.1.1.(a) moet verstaan word ooreenkomstig punt 5.7.6 van die Konstitusie van die RKA (Kerkordeboekie bl. 73).

3.2 Motivering

Die BRKA is kragtens hierdie punt in die konstitusie van de RKA gebind om ooreenkomstig Ordereël 22 (Kerkordeboekie p. 51) op te tree.

4. Rasionalisasie

Kommissie vir Sending en Evangelisasie (Sakelys bl. 133-134 punt 3.2.7.4 en aanbeveling 60.9)

4.1 Aanbeveling 60.9 (Sakelys p. 134)

Die Sinode besluit om die aanbeveling met inbegrip van die amendemente soos volg te wysig:

Die roeping van onse Here Jesus Christus, die Koning van ons kerk, is onontkombaar. Om waarlik Kerk van die Here te kan wees, moet hierdie roeping daadwerklik gehoorsaam word deur alle lidmate en kerkrade. Ons durf nie ons gewetens probeer sus met die bestaan van 'n sinodale kommissie of ons primêre verantwoordelikheid in hierdie opsig probeer verplaas na 'n sinodale kommissie nie. Derhalwe word die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie ontbind en iedere ouderlingevergadering in die kerkverband ernstig opgeroep om afsonderlik en gesamentlik sending- en evangelisasie-aksies te inisieer terwyl die SKK gelas word om

(i) waar moontlik te help om sodanige aksies te koördineer;

(ii) waar nodig in die naam van die kerk skakeling met die owerheid of owerhede te behartig; en

(iii) toe te sien dat op elke Sinode verslag gedoen word van die stand van sending en evangelisasie in die Afrikaanse Protestantse kerkverband.

5. Beskrywingspunte (Sakelys p. 8 punte **18.1g** en **18.1h**).

**5.1** Aanbeveling

Die Sinode verwys beide hierdie punte na die PKKS vir aandag en verslag aan die volgende Sinode.

**5.2** Motivering

Gebrek aan tyd verhinder die TKKS om behoorlik tyd aan hierdie saak te gee.

Die Kommissie vertrou dat sy taak hiermee afgehandel is en bid die Sinode die Here se seën en leiding toe.

VOORSITTER: DS AS VAN JAARSVELD

SKRIBA: DS JA DU PLESSIS

## VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR GEMEENTELIKE BEDIENING – H1

**1. TEENWOORDIG**

Al die lede is teenwoordig behalwe drie broeders wat verskoning maak.

**2. KONSTITUERING**

Daar is 'n kworum teenwoordig. Ds JP Bezuidenhout (Sameroeper) word aangewys as voorsitter.

**3. SAKE VIR AFHANDELING**

**3.1** Geen sake is deur die Sinode verwys om te hanteer nie.

**3.2** Weens die afskaffing van die Permanente KGB, kan geen benoeming deur die tydelike kommissie gemaak word nie.

Hiermee aanvaar ons dat ons opdrag afgehandel is.

Ds JP Bezuidenhout
Voorsitter

## VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME – I1

**Sake vir behandeling**

Net een aangeleentheid is na die TKKEN verwys.

Pamflet oor Satanisme is in Sinode uitgedeel.

Aan die video's oor Satanisme kon ongelukkig nie aandag gegee word nie. Die 8 video's neem 40 minute elk in beslag.

**Aanbevelings**

1. Die Sinode verwys lg. saak na die Permanente Kommissie.
2. Die Sinode besluit dat daar wel 4 lede op die Permanente Kommissie sal dien, waarvan tenminste 2 predikante sal wees.

Ons vertrou dat ons hiermee aan ons opdrag voldoen het.

VOORSITTER: DS DJ MALAN

SKRIBA: DS JD MALONEY

## EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKSANG EN KERKMUSIEK – K1

Die Kommissie het gekonstitueer en beveel aan:

Die Sinode besluit dat indien daar 'n vyfde leerstoel by die Teologiese Skool ingestel word, dit aan daardie dosent opgedra word om sekere lesure aan himnologie te wy.

Die Kommissie vertrou dat hy aan sy opdrag voldoen het.

SKRIBA: DS GG LE ROUX

## VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES – N1

**1. PERSONEEL**

Die kommissie bestaan uit die voorsitter en ondervoorsitter van die Sinode sowel as die voorsitters van alle tydelike kommissies.

**2. OPDRAG**

Die kommissie het as opdrag die samestelling van permanente kommissies.

**3. UITVOERING**

Na oorleg met die onderskeie kommissies lê hierdie kommissie die volgende kommissies ter goedkeuring aan die Sinode voor:

**VERTEENWOORDIGERS VAN STREEKRADE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**

**1. Johannesburg-Streek**

Ds. WA Jooste (Primarius), Posbus 3528, Witbeeck, 1729

Ds. HC Venter (Sekundus), Posbus 2194, Primrose, 1416
Oudl GC Cruywagen (Primarius), Gaufstraat 7, Crosby, 2092
Oudl JS Campher (Sekundus), Hullstraat 44, Sunnyridge, Germiston, 1401.

**2. Kaapstad**

Dr. HJ Smith (Primarius), Posbus 812, Wellington, 7600
Drs. S Botes (Sekundus), Samro 301, Kusweg, Strand, 7140
Oudl SWJ Engelbrecht (Primarius), Frans Conradie Rylaan 5, Parow, 7500
Oudl EJ Zeelie (Sekundus), Abodalestraat 41, Bellville, 7530.

**3. Durban**

Ds. CJJ van Rensburg (Primarius), Lighthouseweg 634, Fynnland, 4052
Ds. TJ Verryne (Sekundus), Posbus 101168, Meerensee, 3901
Oudl. HS Lombaard (Primarius), Posbus 39072, Queensburgh, 4070
Oudl. HCG Bester (Sekundus), Posbus 39072, Queensburgh, 4070.

**4.Bloemfontein**

Ds. JA Jacobs (Primarius), Scholtzstraat 34, Universitas, Bloemfontein, 9301
Dr. WA Burger (Sekundus), Posbus 130, Brandfort, 9400
Oudl. JH Pretorius (Primarius), Posbus 29057, Danhof, 9310
Oudl PC Gutter (Sekundus), Posbus 175, Winburg, 9420.

**5. Port Elizabeth**

Ds. ZJ van Rensburg (Primarius), Posbus 28409, Sunridge Park, 6008
Ds. JH van Vuuren (Sekundus), Melchiorstraat 13, Kareedouw, 6400
Oudl. IV Momberg (Primarius), Sir Thomas Muir Rylaan 36, Uitenhage, 6230
Oudl. A de Beer (Sekundus), Posbus 28409, Sunridge Park, 6008.

## KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK

Primarii: Di. JJ (Jurie) Venter (Marble Hall) – Sameroeper
JA Jacobs (Bainsvlei)
Dr. WA Burger (Brandfort)
Oudl. AJP Opperman
Sekundus: Prof. JC Lombaard.
(Reg van koöptering van kundiges)

## SENTRALE KERKEKOMMISSIE

Dr. CI van Heerden (Bronkhorstspruit) – Sameroeper
Ds. IA Brink (Carolina)
Ds. MC Adendorff
Ds. NJ Rautenbach (Pretoria-Oos)
Ds.DR Schwartz (Buhrmannsdrif)
Oudl.WLV Fick (Middelburg)

## PUBLIKASIEKOMMISSIE EN "DIE BOODSKAPPER"

Dr. WJG Lubbe – Sameroeper
Ds. AJ van Niekerk
Ds. AS van Staden
Ds. AP Viljoen
(Reg van 4 gekoöpteerdes)

Hierdie kommissie benoem:
Redaksie van "Die Boodskapper"
Eindredakteur
Die kommissie tree op as Redaksie van "Die Kerkjaarboek".
(Redaksie kies self kernredaksie)

## KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE

Primarii: Di. IP du Preez (Brakpan)
JA du Plessis (Fochville)
AS van Jaarsveld (Pietersburg) – Sameroeper
MJ Hartzenberg (Sannieshof)
G Smit (Parys)
JAV van der Schyff (Warmbad)
PJB Engelbrecht (Senekal)
DS Fourie (Newcastle)
Oudle. AJ Pienaar (Waterberg)
PR Pretorius (Tuinplaas)

Sekundi: Oudle. Hennie Theron (Louis Trichardt)
JJ Naudé (Reitz)

Adviserend (word gekoöpteer wanneer nodig)

1. Prof. FAH van Staden
2. Prof. R Marè
3. Dr. EM Viljoen.

## KOMMISSIE VIR KERKSANG EN KERKMUSIEK

Primarii: Di. GG le Roux (Somerset-Oos) – Sameroeper
JD van der Merwe (Frankfort)
JH Theron (Klerksdorp)
JJ (Kosie) Venter (Hertzogville)
JG van Staden (Naboomspruit)
DJ (Danie) Malan (Vereeniging)

Sekundi: Di. CJS Botha
RW Louw
Prof. dr JC Lombard

Gekoöpteerde lede: Mevv. R Cloete
A Boshoff.

**KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS**

Primarii: Di. AE van den Berg (Moot-Sentraal) – Sameroeper
JM Rheeder (Heidelberg)
JAC Erasmus (Bloemfontein-Noord)
Oudle. AJG van Straaten (Dealesville)
GJ Oosthuizen (Moot-Sentraal)

Sekundi: Ds. JJ van der Linde (Heilbron)
Oudl. AGS Gous (Barkly-Wes)

**KOMMISSIE VIR FINANSIES**

Primarii: Di. CF Swart – Sameroeper
JH Engelbrecht
LD Pienaar
Oudle. JS Campher
BJM Rossouw
PC Wentzel
WP Murray
CJ de la Rey (Rekenmeester)

Sekundi: Ds. DS Fourie
Oudle. GG Vosloo
JU Smith.

**KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG EN OPVOEDING EN ONDERWYS**

**1. JEUG EN VERBONDSONDERRIG**

Primarii: Dr. JH Ellis (Groblersdal) – Sameroeper
Di. AP Viljoen (Pretoria-Sentraal)
G Pretorius (Arnot-Hendrina)
SD Nel (Dendron)

Sekundi Di. NJ Groenewald (Lindley)
PG Stans (Olifantshoek)
A Boshoff (Coligny)
PB Müller (Barkly-Wes)

**1.1 Hersieningskommissie**

Ds. AJ van Niekerk (Potchefstroom). Hy benoem sy eie medewerkers om die Verbondsonderrigboeke-projek af te handel.

**2. OPVOEDING EN ONDERWYS**

Primarii: Dr. JH Smith (Worcester) – Sameroeper
Prof. JC Lombard (Bainsvlei)
Di. JN Joubert (Bloemfontein)
FJ van der Merwe (Buhrmannsdrif)

Sekundi: Di. AL van Heerden (Derby)
LH Jacobs (Graniet)
Oudl. JI Pieters (Nelspruit)
Diak. F Janse van Rensburg.

**KOMMISSIE VIR KERKARGIEF**

Oudl. AJ van der Nest (APK Wesmoot) – Sameroeper
Oudl. GC Gouws (APK Kempton Park)
Gekoöpteer: Ds. WM Grové.

**KURATORIUM**

Primarii: Di. A Boshoff (Middelburg) – Sameroeper
IA Brink (Carolina)
NJ Rautenbach (Pretoria-Oos)
Drr. JH Ellis (Groblersdal)
CI van Heerden (Bronkhorstspruit)
Di. FJ van der Merwe (Buhrmannsdrif)
MJ Hartzenberg (Sannieshof)
DR Schwartz (Buhrmannsdrif)
JH van der Walt (Cullinan-Rayton)
AS van Jaarsveld (Pietersburg)
Dr. GJJ Labuschagne (Harrismith)

Sekundi: Oudl. WLV Fick (Middelburg)
Prof. dr. WJG Lubbe (Vereeniging)
Prof. dr. JC Lombard (Bainsvlei)
Ds. JA Theron (Klerksdorp)

**KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING**

1. **Ou Testament** –
Prof. HCG Robbertze
Dr. E Friis
Ds. JH van der Walt

2. **Nuwe Testament** –
Prof. HS Theron
Drs. S Botes
Ds. A Boshoff (sr.)

3. **Dogmatiek en Belydenis** –
Prof. R Marè
Dr. EM Viljoen

Sek. (Reserwes) –
Prof. WJG Lubbe
Prof. FAH van Staden
Ds. DR Schwartz
Ds. BR Torlage.

**KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE**

Primarii: Di. L Skein
WJ van der Merwe
JH van der Walt – Sameroeper

Sekundi: Di. DJ (Danie) Malan
JJ (Jurie) Venter.

**4. SLOT**

Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag tot bevrediging van die Sinode uitgevoer het.

**WJG LUBBE**
**Voorsitter**

**AP BOSHOFF**
**Skriba**

# VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR RINGSGROEPERING AAN DIE SINODE VAN 1993 – O1

## 1. RINGE SOOS AANBEVEEL DEUR DIE KOMMISSIE

### 1.1 TRANSVAAL

| 1. Dendron | 2. Derby | 3. Benoni |
|---|---|---|
| Dendron | Derby | Benoni |
| Phalaborwa | Ventersdorp | Brakpan |
| Tzaneen | Koster | Delmas |
| Pietersburg | Groot Marico | Devon |
| Louis Trichardt | Zeerust | Springs |
| Weipe | Buhrmannsdrif | |
| Messina | Coligny | |
| Hoedspruit | Magaliesburg | |

| 4. Germiston | 5. Klerksdorp | 6. Lichtenburg |
|---|---|---|
| Alberton | Klerksdorp | Lichtenburg |
| Boksburg | Potchefstroom | Alfa |
| Germiston | Hartbeesfontein | Sannieshof |
| Kemptonpark | Leeudoringstad | Biesiesvlei |
| Primrose | Hoopstad | Ottosdal |
| | Bloemhof | |
| | Hertzogville | |

| 7. Middelburg | 8. Migdol | 9. Mooinooi |
|---|---|---|
| Middelburg | Migdol | Mooinooi |
| Witbank | Vryburg | Thabazimbi |
| Belfast | Louwna | Rustenburg |
| Laersdrif | Molopo | Brits |
| Bronkhorstspruit | Schweizer-Reneke | Sanddrif |
| Cullinan-Rayton | Delareyville | Hartbeespoort |
| | | Northam |

| 10. Moot-Sentraal | 11. Morgenzon | 12. Arnot-Hendrina |
|---|---|---|
| Moot-Sentraal | Morgenzon | Arnot-Hendrina |
| Verwoerdburg | Ermelo | Hoëveldrif |
| Pretoria-Oos | Piet Retief | Bethal |
| Trans-Magalies | Amersfoort | Kriel |
| Pretoria-Sentraal | Perdekop | Standerton |
| Wonderboom | Amajuba | |
| Wesmoot | | |

| 13. Naboomspruit | 14. Roedtan | 15. Nelspruit |
|---|---|---|
| Naboomspruit | Marble Hall | Nelspruit |
| Marken | Tuinplaas | Barberton |
| Vaalwater | Warmbad | Carolina |
| Ellisras | Groblersdal | Lebombo |
| Koedoesrand | Roedtan | Lydenburg |
| Potgietersrus | | Witrivier |
| Waterberg | | |

| 16. Roodepoort | 17. Vereeniging | 18. Heidelberg |
|---|---|---|
| Roodepoort | Vereeniging | Heidelberg |
| Johannesburg | Vanderbijlpark | Meyerton |
| Johannesburg-Suid | Sasolburg | Balfour |
| Randfontein | Zoar | Greylingstad |
| Carletonville/Welverdiend | Fochville | Nigel |
| Krugersdorp | | |

### 1.2 NATALIA

| 1. Newcastle | 2. Suidkus |
|---|---|
| Newcastle | Suidkus |
| Dundee/Glencoe | Groter Durban |
| Vryheid | Hluhluwe |
| Utrecht | Zoeloeland |
| Ladysmith | Pietermaritzburg |

### 1.3 ORANJE VRYSTAAT

| 1. Bethlehem | 2. Bloemfontein | 3. Graniet |
|---|---|---|
| Bethlehem | Bloemfontein | Bothaville |
| Clocolan | Bethulie | Graniet |
| Paul Roux | Koffiefontein | Koppies |
| Senekal | Bainsvlei | Viljoenskroon |
| Marquard | Dealesville | Wesselsbron |
| Ficksburg | Petrusburg | Parys |
| Reitz | Jagersfontein/Fauresmith | |
| | Edenburg | |

| 4. Cornelia | 5. Hennenman | 6. Memel |
|---|---|---|
| Heilbron | Hennenman | Memel |
| Cornelia | Goudveld-Sentraal | Vrede |
| Tweeling | Kroonstad | Warden |
| Frankfort | Virginia | Harrismith |
| Villiers | Odendaalsrus | |
| | Steynsrus | |

**7. Brandfort**

Brandfort
Bloemfontein-Noord
Bloemfontein
Bultfontein
Dewetsdorp
Verkeerdevlei
Theunissen

### 1.4 KAAPPROVINSIE

| 1. Beaufort-Wes | 2. Riversdal | 3. Clanwilliam |
|---|---|---|
| Beaufort-Wes | Riversdal | Clanwilliam |
| Oudtshoorn | Mosselbaai | Pools |
| Fraserburg | George | Olifantsrivier |
| Ladismith | Albertinia | Calvinia |
| Sutherland | Knysna | Namakwaland |
| | Brakrivier | |

| 4. De Aar | 5. Kimberley | 6. Olifantshoek |
|---|---|---|
| De Aar | Kimberley | Olifantshoek |
| Britstown | Barkly-Wes | Groblershoop |
| Carnarvon | Douglas | Gordonia |
| Strydenburg | Christiana | Pofadder |
| Hanover | Reivilo | Postmasburg |
| Orania | Vaalharts-Suid | Prieska/Fontein |
| Philippolis | Griekwastad | |

| **7. Bosrand** | **8. Somerset-Oos** | **9. Stellenbosch** |
|---|---|---|
| Bosrand | Somerset-Oos | Stellenbosch-Somerset-Strand |
| Kathu | Fort-Beaufort | Paarl |
| Kuruman | Grens | Tygerberg |
| Daniëlskuil | Graaff-Reinet | Swellendam |
| | Aberdeen | Worcester |
| | Alexandria | Robertson |
| | Algoa | |
| | Uitenhage | |
| | Kareedouw | |
| | Jeffreysbaai | |
| | Murraysburg | |

**10. Steynsburg**

Steynsburg
Barkly-Oos
Jamestown
Maclear
Venterstad
Cradock
Elliot

### 1.5 NAMIBIË

**Etosha**

Outjo
Windhoek
Keetmanshoop
Leonardville
Grootfontein
Gobabis

Hiermee vertrou u Kommissie dat sy taak na behore voltooi is.

DS PR JONKER (SKRIBA)

# VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR RINGSGROEPERING AAN DIE SINODE VAN 1993 - O2

## 1. RINGE SOOS AANBEVEEL DEUR DIE KOMMISSIE

### 1.1 TRANSVAAL

| **1. Dendron** | **2. Derby** | **3. Benoni** |
|---|---|---|
| Dendron | Derby | Benoni |
| Phalaborwa | Ventersdorp | Brakpan |
| Tzaneen | Koster | Delmas |
| Pietersburg | Groot Marico | Devon |
| Louis Trichardt | Zeerust | Springs |
| Weipe | Buhrmannsdrif | Leandra |
| Messina | Coligny | |
| Hoedspruit | Magaliesburg | |

| **4. Germiston** | **5. Klerksdorp** | **6. Lichtenburg** |
|---|---|---|
| Alberton | Klerksdorp | Lichtenburg |
| Boksburg | Potchefstroom | Alfa |
| Germiston | Hartbeesfontein | Sannieshof |
| Kemptonpark | Leeudoringstad | Biesiesvlei |
| Primrose | Bloemhof | Ottosdal |

| **7. Middelburg** | **8. Migdol** | **9. Mooinooi** |
|---|---|---|
| Middelburg | Migdol | Mooinooi |
| Witbank | Vryburg | Thabazimbi |
| Belfast | Louwna | Rustenburg |
| Laersdrif | Molopo | Brits |
| Bronkhorstspruit | Schweizer-Reneke | Sanddrif |
| Cullinan-Rayton | Delareyville | Hartbeespoort |
| | | Northam |

| **10. Moot-Sentraal** | **11. Ermelo** | **12. Morgenzon** |
|---|---|---|
| Moot-Sentraal | Ermelo | Morgenzon |
| Verwoerdburg | Piet Retief | Hoëveldrif |
| Pretoria-Oos | Amersfoort | Bethal |
| Trans-Magalies | Perdekop | Kriel |
| Pretoria-Sentraal | Amajuba | Standerton |
| Wonderboom | | |
| Wesmoot | | |

| **13. Naboomspruit** | **14. Roedtan** | **15. Nelspruit** |
|---|---|---|
| Naboomspruit | Marble Hall | Nelspruit |
| Marken | Tuinplaas | Barberton |
| Vaalwater | Groblersdal | Carolina |
| Ellisras | Roedtan | Lebombo |
| Koedoesrand | Potgietersrus | Lydenburg |
| Waterberg | | Witrivier |
| Warmbad | | Arnot-Hendrina |

| **16. Roodepoort** | **17. Vereeniging** | **18. Heidelburg** |
|---|---|---|
| Roodepoort | Vereeniging | Heidelberg |
| Johannesburg | Vanderbijlpark | Meyerton |
| Johannesburg-Suid | Sasolburg | Balfour |
| Randfontein | Zoar | Greylingstad |
| Carletonville/Welverdiend | Fochville | Nigel |
| Krugersdorp | | |

### 1.2 NATALIA

| **1. Newcastle** | **2. Suidkus** |
|---|---|
| Newcastle | Suidkus |
| Dundee/Glencoe | Groter Durban |
| Vryheid | Hluhluwe |
| Utrecht | Zululand |
| Ladysmith | Pietermaritzburg |
| | Richardsbaai |

### 1.3 ORANJE VRYSTAAT

| **1. Bethlehem** | **2. Bloemfontein** | **3. Graniet** |
|---|---|---|
| Bethlehem | Bloemfontein | Bothaville |
| Clocolan | Bloemfontein-Noord | Graniet |

Paul Roux
Senekal
Marquard
Ficksburg
Reitz
Lindley
Bainsvlei
Dewetsdorp
Dealesville
Koppies
Viljoenskroon
Wesselsbron
Parys

**4. Cornelia**

Heilbron
Cornelia
Tweeling
Frankfort
Villiers

**5. Hennenman**

Hennenman
Goudveld-Sentraal
Kroonstad
Virginia
Odendaalsrus
Steynsrus

**6. Memel**

Memel
Vrede
Warden
Harrismith

**7. Brandort**

Brandfort
Bultfontein
Verkeerdevlei
Theunissen

Winburg
Hoopstad
Hertzogville
Boshof

**8. Petrusburg**

Petrusburg
Koffiefontein
Rietdal
Jagersfontein/
Fauresmith
Bethulie
Edenburg
Philippolis.

## 1.4 KAAPPROVINSIE

**1. Beaufort-Wes**

Beaufort-Wes
Oudtshoorn
Fraserburg
Ladismith
Sutherland

**2. Riversdal**

Riversdal
Mosselbaai
George
Albertinia
Knysna
Brakrivier

**3. Clanwilliam**

Clanwilliam
Pools
Olifantsrivier
Calvinia

**4. De Aar**

De Aar
Britstown
Carnarvon
Strydenburg
Hanover
Orania
Douglas

**5. Kimberley**

Kimberley
Barkly-Wes
Christiana
Reivilo
Vaalharts-Suid
Griekwastad

**6. Olifantshoek**

Olifantshoek
Postmasburg
Bosrand
Kathu
Kuruman
Daniëlskuil
Gordonia
Pofadder
Namakwaland
Groblershoop
Prieska

**7. Somerset-Oos**

Somerset-Oos

Fort-Beaufort
Grens
Graaff-Reinet
Aberdeen
Alexandria
Algoa
Uitenhage
Kareedouw
Jeffreysbaai
Murraysburg

**8. Stellenbosch**

Stellenbosch-
Somerset-Strand
Paarl
Tygerberg
Swellendam
Worcester
Robertson

**9. Steynsburg**

Steynsburg
Barkly-Oos
Jamestown
Maclear
Venterstad
Cradock
Elliot

## 1.5 NAMIBIË

**Etosha**

Outjo
Windhoek
Keetmanshoop
Leonardville
Grootfontein
Gobabis

Hiermee vertrou u Kommissie dat sy taak na behore voltooi is.

DS PR JONKER
(SKRIBA)

# VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE – V1

## 1. PERSONEEL

Di. IA Brink, PG Stans, AR Nel, G Pretorius, PC Poley (gekoöpteer), dr. JA Scholtz, oudle. WA Edwards, M Bothma, HJ Smit en CJ de la Rey.

## 2. KONSTITUERING

Ds IA Brink word as Voorsitter aangewys en ds PG Stans as Skriba.

## 3. GELOOFSBRIEWE

Al die geloofsbriewe van gemeentes van wie die afgevaardigdes tot en met 12:00 geregistreer het, is in behandeling geneem.

## 4. LAAT STUKKE

Baie geloofsbriewe het laat by die Sentrale Kerkkantoor opgedaag. Talle geloofsbriewe was onvolledig voltooi en gemeentes moes teen onnodige koste geskakel word ten einde inligting te bekom.

## 5. PERSONEELWISSELING

Oor personeelwisseling sal wanneer nodig deur die Kommissie gerapporteer word.

## 6. LAAT REGISTRASIES

Laat registrasies sal in 'n volgende verslag hanteer word.

## 7. AANBEVELINGS

### 7.1 Alfabetiese behandeling

Die Sinode behandel die presensielys in alfabetiese orde volgens die gemeentes wat teenwoordig is.

**7.2 Gemeentes nie verteenwoordig nie**

Die Sinode neem kennis dat 54 gemeentes nie verteenwoordig word nie. Die gemeentes is: Aberdeen; Albertinia; Barberton; Barkly-Oos; Beaufort-Wes; Bethulie; Bloemhof; Bosrand; Calvinia; Carnarvon; Cradock; Daniëlskuil; Delareyville; Dewetsdorp; Douglas; Edenburg; George; Gobabis; Graaff-Reinet; Greylingstad, Groblershoop; Hanover; Hartbeesfontein; Hoedspruit; Jeffreysbaai; Knysna; Koedoesrand; Koffiefontein; Koppies; Kriel; Ladismith; Ladysmith; Maclear; Marquard; Molopo; Morgenzon; Murraysburg; Paarl; Philippolis; Piet Retief; Richardsbaai; Rietdal; Robertson; Standerton; Steynsburg; Suidkus; Sutherland; Swellendam; Utrecht; Verkeerdevlei; Virginia; Welkom; Winburg.

**7.3 Goedkeuring van geloofsbriewe**

Die Sinode keur die geloofsbriewe van 171 gemeentes goed met 357 afgevaardigdes uit 'n moontlike 237 gemeentes en 608 afgevaardigdes.

**7.4 Verskonings**

Die Sinode keur die volgende verskonings goed:

Ds JH Engelbrecht, APK Bethlehem.
Oudl. JP van der Berg van APK Bothaville sal teenwoordig wees tot 12 Augustus 1993 en vervang word deur oudl. GTC van Rooyen van APK Bothaville.
Oudl. M van den Berg en oudl. JL Claassen van APK Cornelia vertrek op Woensdag 11 Augustus om 13:00 en word vervang deur oudl. JJJ van Rooyen en oudl. GP Prinsloo.

**7.5** Die Sinode besluit dat alle gemeentes wat vir die Sinode geloofsbriewe ingehandig het, ook vir die RKA en die Ring geregistreer is. Gemeentes wat nie vir die RKA wil registreer nie, kry geleentheid om die Sinode hieromtrent in te lig.

**7.6** Die Sinode spreek sy teleurstelling uit dat geloofsbriewe ten spyte van die duidelike voorskrifte nie die volle name van afgevaardigdes bevat nie. Aangesuiwerde geloofsbriewe word egter aanvaar as korrek.

**7.7** Die Sinode besluit om aan APK Windhoek sittingsreg toe te ken ten spyte van die nie ondertekening van die geloofsbrief deur die Skriba a.g.v. afstande en tyd.

**7.8** Die Sinode besluit om die geloofsbrief van APK Kimberley te aanvaar hoewel dit 'n verouderde geloofsbrief is en die gekorrigeerde geloofsbrief by die gemeente verlore geraak het.

**7.9** 'n Beswaar teen die sittingsreg van APK Springs, Alberton en Devon is ontvang. Die Kommissie beveel aan dat die Sinode besluit om die bona-fides van gemeentes en ringe te aanvaar en sittingsreg toe te ken aan alle gemeentes van wie die geloofsbriewe in orde is.

**7.10** Die Sinode dra dit aan die Voorsitter op om die vergadering te konstitueer.

**8.** Die Kommissie vertrou dat hy sy taak na behore gedoen het.

IA BRINK (Voorsitter)

PG STANS (Skriba)

# TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE – V2

**1. Laat geloofsbriewe**

Geloofsbriewe ingedien ná 12:00 is in behandeling geneem.

2. Aanbeveling

2.1 Die Sinode keur die volgende laat registrasies goed:

Ds HB Heymans – APK Amajuba; oudl. D Marais – APK Balfour; oudl. AJG van Straaten – APK Dealesville; oudl. CN Coetzee – APK Delmas; ds AL van Heerden – APK Derby; ds JM Rheeder – APK Heidelberg; oudl. MFJ Cronje – APK Heidelberg; oudl. MJG Botes – APK Laersdrif; oudl. WA Storm – APK Laersdrif; ds JJJ Roodt – APK Petrusburg; oudl. EJ van Zyl – APK Petrusburg; ds AJ van Niekerk – APK Potchefstroom; ds MJ Hartzenberg – APK Sannieshof; drs S Botes – APK Stellenbosch-Somerset-Strand; oudl. LF Behm – APK Stellenbosch-Somerset-Strand; oudl. D Pretorius – APK Theunissen.

2.2 Verskonings

Die Sinode keur die volgende verskoning goed: APK Griekwastad. Afgevaardigde het siek geword.

3. Hiermee vertrou die Kommissie dat hy sy taak na wense voltooi het.

IA BRINK (Voorsitter)

PG STANS (Skriba)